

Ds. D.P.M. HUET, 'n HISTORIESE OORSIG VAN SY

DIENSTYD IN SUID - AFRIKA. (1854 - 1867.)

deur

JASPER ANTHONIE HOUGH. (B.A., Dipl. Teol.)

Voorgelê as gedeeltelike nakoming van
die vereistes vir die graad van Magister in

Lettere en Wysbegeerte

(M.A.)

in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte,

Universiteit van Pretoria,

PRETORIA.

JANUARIE 1962

LEIER: Prof. Dr. F. du T. Spies.

A A N

MY OUERS EN MY VROUTJIE.

INHOUDSOPGAWE

	<u>Bladsy</u>
<u>INLEIDING</u>	i
<u>HOOFSTUK I:</u>	
Afkoms. 	1
<u>HOOFSTUK II:</u>	
Jeugjare • 	6
<u>HOOFSTUK III:</u>	
Verblyf in die Paarl. 	13
<u>HOOFSTUK IV:</u>	
Bekering. 	19
<u>HOOFSTUK V:</u>	
Dienstyd te Aliwal-Noord	23
<u>HOOFSTUK VI:</u>	
Huet se reis deur Basoetoland en die Oranje Vrystaat. 	31
<u>HOOFSTUK VII:</u>	
Die Franse Sendeling in Basoetoland.	52
<u>HOOFSTUK VIII:</u>	
Ordering. 	58
<u>HOOFSTUK IX:</u>	
Huet se reis deur Natal tot in Soutpansberg.	63
<u>HOOFSTUK X:</u>	
Huet se verblyf te Soutpansberg en sy terugreis na Ladysmith.	75
<u>HOOFSTUK XI:</u>	
Huet se dienstryd te Ladysmith. 	84
<u>HOOFSTUK XII:</u>	
Ds. Huet se laaste jare in Natal as Predikant van Pietermaritzburg. 	94
BEKNOPTE OORSIG VAN Ds. HUET SE LEWE NA 1867. 	115
<u>BYLAE I:</u>	119
<u>BYLAE II:</u>	121
<u>LITERATUURLYS:</u>	124
<u>WERKE VAN Ds. D.P.M. HUET:</u>	128

X. X. X. X. X. X

I N L E I D I N G.

Een van die mees kleurryke predikante wat die laaste helfte van die 19^e eeu sy verblyf in Suid-Afrika gemaak het was seker Ds. DAMMES PIERRE MARIE HUET. In alle opsigte interesseer hy die geskiedskrywer. Met sy besondere talente van hoof en hart,¹⁾ met 'n wye belangstelling in politieke en kerklike sake, met sy digterlike aanleg en lig beïnvloedbare gevoelslewe,²⁾ slaag hy daarin om deur woord en geskrif 'n duidelike rigting aan te dui en 'n invloed uit te oefen ver buite die grense van Suid-Afrika.³⁾ So dink ons aan sy uitgesproke sienswyses ten opsigte van die kleurbeleid, sy ywer vir anneksasie van die Republieke, sy onvermoeide stryd teen die liberalisme. As pionierspredikant laat hy diep spore na in die beginjare van Natal....As kanselredenaar was hy volgens berigte van daardie tyd besonder gewild; sy voordrag bykans onverbeterlik.⁴⁾ Huet was 'n uitgesproke mens; hy was eerlik met homself en het afgesien van moontlike reaksies en teenkating, sy saak duidelik gestel volgens die lig wat hy gehad het.⁵⁾ Het hy later besef dat hy verkeerd was, was hy weer grootmoedig genoeg om op ongekonstelde wyse sy verskoning aan te bied.⁶⁾

Dit is oor hierdie persoon wat ons in hierdie verhandeling 'n breë skets gee. Ons laat hom self spreek om hom daardeur beter te leer ken. Sy waarde as teoloog of sy teologiese beskouinge is nie bespreek nie, aangesien dit buite die bestek van hierdie verhandeling val. Ons het getrag om hom te stel midde in die historiese milieu wat sy verblyf in Suid-Afrika omring het.

Ons het ook geen slotwaardering van hom nie, aangesien ons algaande probeer het om waardering uit te spreek of om waar nodig krities te staan.

-
- 1.) B.W.B. p.1.
 - 2.) Conradie. pp. 300 - 303.
 - 3.) Jaarboek. p. 65.
 - 4.) (i) D.K.B. 12/6/1940. p. 1041 -1042.
(Levenservaring van Ds. Huet.)
(ii) De Vereeniging. 15/6/1905. p.5.
 - 5.) (i) R3287/86. (April 1886.) T.A.
Brief aan Staats President.
(ii) Eene Kudde een Herder. Inl. art.
 - 6.) De Vereeniging. 15/6/1905. p.10.

HOOFSTUK I.

AFKOMS.

Teen die middel van die sewentiende eeu was daar nog 'n miljoen Protestante in Frankryk. Die heiliging van die Sabbat, die gereelde Kerkbesoek, die viering van die Avondmaal, getroue huisgodsdienst en die reinheid van sedes, was uitstaande deugde van hierdie deel van die volk. 1.)

Onder die invloed van sluwe staatsamptenare wat die Hugenote gehaat het, herroep Lodewyk XIV (1643-1715) in Oktober 1685 die Edik van Nantes, wat die groot oktrooi van die Godsdienstvryheid was. Die uitvaardiging van die reeds genoemde Edik deur Hendrik IV op 13 April 1598 was die oorwinning wat gevolg het op die jare van bange en bloedige stryd. Hierdie vrede sou egter van baie korte duur wees want die Roomse Kerk het gaandeweg 'n magtige opposisie en onderdrukkingsbeleid in die lewe geroep. 2.)

Eerste van alles is die Protestante hulle Bedehuse ontnem, die reg van privaat godsdienstsoefeninge al meer en meer beperk, die getal predikante verminder, skole gesluit en Hugenote uit staatsbetrekkings ontslaan. In 1680 is die sg. "gewelddadige bekerings" van Protestante tot die Roomse Geloof, deur soldate met brute geweld deurgevoer. 'n Handvol soldate het bv. op ruwe wyse die ganse stad Marseilles, "bekeer". Om aan hierdie wrede vervolginge te ontkom het tienduisende die land verlaat en hulle veiligheid en vrede elders gaan soek. Toe die Edik van Nantes in 1685 herroep is, was die Protestantisme in Frankryk byna totaal uitgeroei. 3.)

Enkele maande voor die herroeping van die Edik van Nantes verkry GIDEON HUET, gebore in 1654 te Montargis en toe Predikant te Blet in Bourbannais toestemming van Koning Lodewyk om sy besittings te mag verkoop en met sy vrou en dogter sy geboorteland te verlaat. Op 13 Junie 1685 neem hierdie familie afskeid van Blet op pad na Switserland. 4.)

In

-
- 1.) Die Gereformeerde Vaandel: "Die Hugenote en die Edik van Nantes." deur Prof. D. Lategan. Des. 1948. p.391.
 - 2.) The Huguenots in South Africa. by M. Nathan. (1939) pp.18 - 19.
 - 3.) Die Gereformeerde Vaandel. p.300.
vgl. ook Nathan. pp.18 - 23. "The loss of 1,000,000 persons, ... not merely tapped, but drained the country. All this happened though emigration was forbidden under the severest penalties."
 - 4.) "Biographisch woordenboek van Protestantsche Godgeleerden in Nederland." Deel IV (1931) (Voortaan aangehaal as B.W.B.)
Vgl. ook; (i) Nieuw Nederlandsch Biografisch Woordenboek. (1921) p.245 en (ii) D.P.M. Huet. "Een Levensschets door de Redactie." p.4 (Voortaan aangehaal as Huet.)
(iii) "Mannen van Beteekenis" onder redaksie van Dr. E.D. Pijzel. p.5; (i) Met voldoening wees Busken Huet aan den ~~een~~ kant op het facsimile van het oude perkamenten blad waarop koning Louis en sy minister Colbert eigenhandig het verlof ~~had~~ onderteken aan Gideon Huet den 13 Junie 1865 om met vrou en kind te verhuizen." (ii) Busken Huet wil dat sy familie afstam van "Pierre Daniel Huet van Avranches een der Beroemdheden uit de geschiedenis van de Franse Kerk en de Fransche letterkunde der 17^e eeu."

In Augustus van dieselfde jaar arriveer by te Neufchatel. Hier bly hy nie lank nie en verhuis dan na Marburg om ook hier slegs vir 'n baie kort tydjie te vertoef voordat hy as predikant na Saint-Lambert in die Palts vertrek. In 1688 vind ons Huet terug in Marburg en in Desember van dieselfde jaar bevind hy en sy familie hulle in Dordrecht, Holland, as Predikant van die Waalse gemeente. Gideon Huet is dan ook die eerste in die ry van Predikante van sy geslag wat byna almal die Waalse Kerk in Nederland bedien het en onder wie daar verskeie manne van betekenis was.

Na twee jaar word hy geskors, maar bly in die stad alwaar hy hom besig hou met letterkundige studies. Die rede tot sy skorsing is nie seker nie, maar moontlik is dit omdat hy hom vereenselwig het met die leer van die Sosiane, wat o.a. glo dat die mens salig kan word deur slegs gehoorsaam te wees aan die insprake van die gewete.

In 1693 word hy weer tot die bediening toegelaat en bedien die Waalse gemeente s'Gravenhage as hulpprediker. In Oktober 1721 aanvaar hy sy emeritaat op sewe-en-sestigjarige ouderdom. Op 24 Mei 1729 is hy oorlede en begrawe in die Nieuwe Kerk te s'Gravenhage. Uit sy huwelik met Anne Lenfant, dogter van Paul Lenfant, Predikant te Chatillen sur Loire, en suster van die beroemde geleerde te Berlyn, Jacques Lenfant, is gebore as oudste dogter Anne Elizabeth, dan Charlotte Henriette, Magdaleine en Francois Theodore. 5.)

As jongste seun word FRANCOIS THEODORE op 2 Maart 1698 te s'Gravenhage gedoop. Op 26 Mei 1720 word hy as twee-en-twintigjarige proponent bevestig in die Waalse Gemeente van sy geboorte dorp, s'Gravenhage. Na elf jaar neem hy op 25 Februarie 1731 die beroep aan na die Waalse gemeente te Amsterdam en word op II Maart 1731 aldaar bevestig. Francois was 'n beroemde redenaar en ontvang selfs 'n beroep na Berlyn. In September 1772 hou hy die openingsrede voor die Waalse Sinode te Nijmegen.

Op 7 Januarie 1720 is hy in die huwelik bevestig met Claudine Suzanne Louis. (Oorlede 26 September 1776.) Sy was 'n dogter van Daniel Louis, advokaat by "den Hove van Holland en Wesfrisland", en suster van Daniel Louis, Predikant in die Waalse Gemeente te Zwolle. Francois Huet is veral bekend vir sy onverkwiklike stryd met Jacques Saurin oor die noodleuen. Nog in die bloei van sy lewe is hierdie veel belowende jong Evangeliedienaar op 27 Oktober 1733 oorlede. 6.)

Daniel

5.) B.W.B. pp.345 - 346.
6.) B.W.B. pp.347 - 350.

DANIEL THEODORE HUET was die tweede oudste seun van Francois Theodore Huet. Hy is gebore te s'Gravenhage op 1 Oktober 1724. As sestienjarige jongeling skrywe hy op 7 Januarie 1740 in as student aan die Universiteit te Leiden. Na die voltooiing van sy Teologiese opleiding word hy op 5 September 1748 deur Ds. J. Chatelain, Predikant van Amsterdam bevestig as Leraar van die Waalse Gemeente te Vlissingen. Na 'n bediening van vyftien jaar te Vlissingen neem hy op 8 Mei 1763 afskeid van hierdie gemeente. Op 22 Mei 1763 word hy deur sy Oom, Daniel Louis, toe Predikant te Swolle, in sy nuwe gemeente Utrecht bevestig. Hierdie gemeente het hy met getrouheid bearbei tot met sy dood op 12 Mei 1795.

Daniel Huet was net soos sy Vader en grootvader 'n bekwame Teoloog en besonder begaafd. Hy beoefen Nederlandse- en Latynsedigkuns en lewer ook 'n vertaling van die boek Jeremia in latyn. "Het latijn was hem zoozeer eigen dat hij een preekschets in die taal opschreef en daarnaar in het Frans preekte." In 1752 lewer hy die openingsrede ten tye van die sitting van die Waalse Sinode te Leiden na aanleiding van 2 Tim. I: 8 en 9. Tydens die Waalse voorjaar-Sinode te Vlissingen in 1773 fungeer hy as Moderator,

Op 7 Junie 1750 is Daniel Huet getroud met Esther Joly, (oorlede 1806.) Uit hierdie geseënde huwelik is nege kinders gebore onder wie die bekendste Samuel Theodore en Pierre Daniel is. Beide was predikante by die Waalse gemeente te Amsterdam. 7.)

PIERRE DANIEL was die tweede oudste seun en gebore te Vlissingen in 1761. Hy was predikant te Harderwijk vanaf 18 Februarie 1787 tot Oktober 1794. Hierna bedien hy die Waalse Gemeentes Haarlem en Amsterdam.

Gedurende Oktober 1797 tree hy in die huwelik met Francoise Esther L'Ange. Uit hierdie huwelik is vyf kinders gebore waarvan die oudste en ook die bekendste Pierre Josue Louis was. Na die afsterwe van sy eggenote in 1805 tree hy op 31 Augustus 1806 weer in die huwelik met Anna Maria Titsingh. Na 'n baie vrugbare bediening sterf hy op 13 Augustus 1810 te Amsterdam. 8.)

PIERRE JOSUE LOUIS HUET is gebore op 26 November 1799 te Amsterdam. In 1816 word hy ingeskryf as student aan die Athenaeum te Amsterdam. 9.) Hier woon hy in by sy Oom Ds. J. Teissedre L'Ange. Hy werp hom met volharding en ywer in sy studies. Op 23 Junie 1824 promoveer hy te Leiden as Doktor in die Teologie, cum laude.

Die

-
- 7.) B.W.B. pp. 352 - 357.
8.) B.W.B. pp. 351 - 352. Vgl. ook N.B.W.B. p. 246.
9.) N.B.W.B. p. 247

Op 11 Julie 1824 word hy deur sy Oom Ds. L'Ange bevestig as Predikant van die Waalse Gemeente te Dordrecht. Hier was hy geen jaar werksaam toe hy die beroep aanneem na die Waalse Gemeente te Amsterdam, waar hy op 7 Mei 1825 andermaal bevestig word deur Ds. L'Ange na aanleiding van die teks uit I Kor. XII; 5.

Tenspyte van swak gesondheid lewer hy voortreflike diens in sy gemeentes en maak veral 'n baie deeglike studie van die kategetiese onderwys. Op aanbeveling onderneem hy 'n toer deur Switserland om sodoende sy steeds swakker wordende gesondheid te probeer herwin. Dit was vir hom van geen voordeel nie en is hy oorlede op 12 November 1846. Sondag 15 November is hy onder blyke van groot belangstelling begrawe. Die begrafnisrede is waargeneem deur Ds. C.G. Merkus na aanleiding van Job. 14: Ia.

Pierre was nie net 'n Godgeleerde nie maar ook 'n diep gelowige herder en leraar vir sy gemeente. Die liefde van Christus het hom gedring en daarom kon hy tespyte van swak gesondheid, wat sy deel was vanaf sy kinderdae, veel doen vir die Kerk van Christus. Hy was 'n fynbesnaarde mens en enige teleurstelling het diep spore gelaat.

Uit sy huwelik met Paulina Aletta Ledeboer, oorlede 19 Desember 1888, is nege kinders gebore waarvan twee baie jonk oorlede is. Die oudste was 'n seun nl. PIERRE DAMNES MARIE HUET, gebore te Amsterdam op 7 Desember 1827. 10.)

Hierdie Predikantdigter se verblyf in Suid-Afrika vorm nou die onderwerp van ons studie.

Besonder goed word hy gekarakteriseer in die volgende aanhalings: " 'n Man in wien het vrome hart zoo warm gevoelt, als de verbeelding krachtig werkt." 11.) Hy was 'n fynbesnaarde mens, maar omdat hy heeltemal 'n gevoelsmens was het hy dadelik onder die indruk van iets gekom en hom deur alles laat meesleep sonder om sy verstand te gebruik. Hy was egter eerlik en het dit opreg gemeen. Self beskryf hy hom as " iemand met dichterlijke aanleg, lewende onder den indruk van het oogenblik, altyd vervoerd door zijne verbeelding, altijd dweepende met iets, hetzij in hem, hetzij buiten hem." 12.) Prof. S.P. Engelbrecht skets Huet verder as 'n dissipel van Dr. van der Kemp en Dr. Philip. "Hy was 'n eienaardige persoonlikheid en het altyd in uiterstes verval. In sy studentejare.....

-
- 10.) B.W.B. pp. 357 - 360. Vgl. ook; (i) Huet, p.4.; op die buiteblad van hierdie aangehaalde werk kom sy name voor as Pierre Dammes Marie Huet. Aan die einde van p.4 word dit aangegee as Dammes Pierre Marie Huet. (ii) Die regte name moet wees Dammes Pierre Marie Huet. So het hy dit self geskrywe op sy oorspronklike huweliks-sertifikaat. Vgl. Natalse Argief; Huweliks-register: No 100; 23 September 1861. (iii) Vgl. ook: Jaarboek van die Ned. Geref.Kerke in Suid-Afrika. 1932. p.65: Dammes Pierre Marie Huet. (Voortaan aangehaal as Jaarboek.)
- 11.) „De Kerkbode“: 24 Oktober 1857. p.362 "Kapenaar" skrywe hierin 'n kritiek op Huet se reisjoernaal. (Voortaan aangehaal as: D.K.B.)
- 12.) Conradie, Dr. Elizabeth: Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika. Deel 1. 1652 - 1835. p.298 (In vervolg aangehaal as; Conradie).

studentejare was hy uiters losbandig en daarna weer ultra vroom en ortodoks, perfekcionista en later spiritis." 13.) Na vyf jaar het hy weer teruggekeer na die Gereformeerde leer, en hieraan getrou gebly tot met sy dood op 9 April 1895, toe ook hierdie wens van hom wat hy in een van sy gedigte uitgebring het vervul is:

"Nog slechts een heel klein tijdje
dan ben 'k voor goed bij U.
Dan zal 'k U beter loven,
Meer minnen nog dan nu.
Dan als 'k U recht zal kennen
Dan zegt ik al den tijd:
Ik heb het niet geweten,
Hoe eindeloos goed Gij zijt." , 14.)

-
- 13.) Engelbrecht: Dr. S.P.: Geskiedenis van die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika.
pp. 179 - 180.
14. Jaarboek. p.79.

JEUGJARE.

" Gij waart mijn liefde reeds als kind,
 Als knaap mijn rein genot,
 Ik voelde Uw bijzijn al den dag
 En al den nacht, mijn God." 1.)

Onder die teoloë van die vorige eeu wie se naam alreeds 'n bepaalde teologiese rigting aandui en wie se invloed van groot betekenis was staan ook die figuur van D.P.M. Huet.

Soos reeds aangetoon in die eerste hoofstuk het Pierre, want so was hy in die omgang bekend, 2.) afgestam uit 'n geslag wat aan die Waalse Kerk in Nederland voortreflike Evangeliedienare gelewer het. Manne wat nie net ware gelowiges was nie maar ook nog besonder talentvol en begaafd. Die Huets se invloed het in Nederland nie net op Teologiese terrein gegeld nie, maar ook op letterkundige gebied het hulle 'n definitiewe bydrae gelewer. 3.)

Wanneer ons die karakteristieke kenmerke lees van die predikant-digter Busken Huet nl. "energiek, preuts, ironies, ingehouhartstogtelik, melancholies en tog lewenslugtig," dan merk ons 'n baie noue ooreenkoms tussen hom en Pierre Huet. 4.) Ook hy was 'n kind van die Reveil, die gevoelsmens en romantikus, die temperamentele kunstenaarstiepe. 'n Digter met wie die Europese golf van Romantiek na Suid-Afrika oorgedein het. 5.) Wat van toepassing was op Busken Huet kan ons ook op Pierre Huet toepas nl. "als bij alle ware kunstenaars komt dit wezenlijke bij hem voort uit iets diepers dan het karakter, uit iets dat wij zijn geestes en gemoedsleven kunnen noemen. Hij behoort tot een klasse van geesten, die vooral veel voorkwam in het 19- eeusche Frankrijk - weinig waarderend, in een woord een echte kritische geest, een kritische gemoed ook." 6.)

As jongeling het hy alreeds uitstaande begaafdhedede van hart en verstand geopenbaar. Vroeg in sy jeugjare het hy uit eie beweging twee tot drie keer per Sondag kerk-toe gegaan. 7.)

Sy

-
- 1.) Huet. p.11. "De God mijner kindsheid."
 2.) "Uit het Leven van den Predikant - digter, P. Huet." door A.M. Wessels. (Voortaan aangehaal as Wessels). p.6
 3.) "Nieuw Nederlandsch Woordenboek: Deel VI Leiden. 1924. p. 825. (Voortaan N.N.W.)
 Vgl. ook; (i) "Geschiedenis der Nederlandsche Hervormde Kerk gedurende die 18 en 19 eeu." deur L. Knappert. p. 311 - 334.
 (ii) "De Nederduitsche Vluchtelingenkerken der 16 eeu." S.Gravenhage. (1909) p. 367.
 4.) N.N.W: p.825.
 5.) Conradie: p.300.
 6.) N.N.W: p. 825.
 7.) B.W.B: p. 360.

Sy ideaal was om eendag sendeling te word. 8.) Reeds op agtjarige leeftyd het hy 'n gedig aan sy vader met dié se verjaarsdag opgedra. Uit hierdie gedig, in sprekende kindertaal, blyk sy liefde vir God wat alles bestuur en wat vir hom dan ook is; "die Vader van sy vader." 9.)

Net soos sy moeder was ook sy vader besonder lief vir hulle as kinders. Dat ook Pierre sy ouers innig en hartstogtelik liefgehad het getuig uit sy gedigte wat opgedra was aan sy vader en moeder. 10.) By sy familie was dit 'n uitgemaakte saak dat hierdie seun net soos sy vader en grootvader predikant en nie sendeling sou word nie.

Op skool het hy gou getoon dat hy besondere begaafdhede van hart en verstand ontvang het. "Hij was vlug in het lerenen, zowel op de Latijnsche als op de Fransche school overtrof hij de meesten zijner tijdgenoten en was steeds een der eersten." 11.)

Met die keuse van vriende was hy nie versigtig genoeg nie. Die gevolg was dat hy, onder hulle invloed, sy studies begin verwaarloos en net vrolike geselskap en ydele vermaak nagejaag het. Sy sug na die buitengewone, voer hom op die weg van twyfelagtige dinge. Dit het sy ouers baie kommer besorg, en word daar besluit om hom uit Amsterdam na Maastricht vir verdere opleiding te stuur. Daar het hy tuisgegaan by die Waalse predikant. Die hoop is gekoester dat dit hom, weg van sy maats, tot beter insigte en gesindheid sou bring. 12.)

Helaas, hier het dit van kwaad to erger gegaan. By die gemis aan vriende verdiep hy hom in die "wulpsche Franse roman-literatuur" met 'n besondere voorliefte vir die historiese romanskrywers. Op sy ontvanklike gemoed het die werke van Paul de Kock, Dumas, Zola, Zue, George Sand en andere besondere groot invloed gehad. Die droewige
 gevolge

-
- 8.) Vijf en Twintig jaren Evangeliedienst. P. Huet. (1882).
 p. 3. Vgl. ook Huet: p.67.
 "de hartelijke liefde, die ik reeds als kind voor het zendingwerk gekoesterd heb."
- 9.) Die gedig word gevind in Huet; pp. 6 - 9. "A mon père Bien aime." Hierdie gedig is geskrywe op 26 Nov. 1835. Vgl. Ook Conradie wat hierdie gedig beskrywe as; "'n vroom sentimentele gekweel." (-.300.)
- 10.) Huet: p.10: Uit die gedig: (i) "Van waar die tranen langs de kaken"? blyk 'n voorgevoel van sy Vader se naderende einde. Hierdie gedig was bedoel vir sy vader se verjaarsdag op 26 Nov. 1844. (ii) In 1846 wy hy 'n gedig aan sy moeder wat toe haar eerste verjaarsdag as weduwee moes deurbring.
- 11.) Jaarboek; p.65.
- 12.) B.W.B; pp.360 - 361.

gevolge van hierdie boeke het hy ondervind; verhitte verbeelding, verminderde lewenserns en geprikkelde sondelus kenmerk Pierre toe hy na Amsterdam terugkeer. In sy latere lewe verhaal hy die invloed van hierdie verkeerde literatuur en skryf:

"Het is onberekenbaar, welke verfeikende noodlottige gevolgen het lezen van een enkelen roman op iemands geheele leven kan uitoefenen. Het is de Werther van Goethe niet alleen, die de oorzaak van zelfmoorden geworden is. Wie zal zeggen van hoevele misdaden, van hoeveler verwoest levensgeluk, van hoeveel zedelijken en maatskapelijken zelfmoord, van hoeveler dood en eeuwige ellende, indien men de oorzaak wilde opsporen, men den titel van een roman op den bodem zou vinden liggen." 13.)

Die noodmaatregel van sy ouers om hom weg te stuur het weinig gebaat. Dat hierdie uiters ongelukkige toestande sy vader, wie se gezondheidstoestand reeds veel te wense oorgelaat het, baie diep ontstel het, is te verstane. Weldra het sy vader sy teleurstelling laat blyk deur 'n ernstige samespreking met sy seun te hê. Hy het hom duidelik die erns van sy roeping as toekomstige Evangeliedienaar voorgehou en die verantwoordelikheid wat dit vir hom meebring. Hierdie onderhoud het geen positiewe gevolge opgelewer nie, maar Pierre het des nieteenstaande sy Teologiese studies voortgesit. 14.)

In 1845 het hy ingeskryf as student aan die "Amsterdamse Athenaeum." 15.) In die volgende jaar sterf sy vader. Vir Pierre wat hom innig liefgehad het, was dit 'n geweldige slag. Skynbaar het daar 'n stilstand en inkeer in sy lewe gekom, maar weldra het hy hom maar weer ingewerp in die stroom van wêreldse vermaak en genietinge. In hierdie selfde jaar vertrek hy na Leiden om daar as student sy ligsinnige lewe voort te sit. Sy onbevredigde nuuskierigheid laat hom nou alle kwaad onder allerlei vorme doen, want, "daar kookte een gloeiend gif, een rustloos vuur van binne, 'k moet alles alles zien en voor een tijd beminnen." Intussen raak sy belangstelling in die Teologie al minder en hy besluit om verder in die regte te gaan studeer. Vir sy moeder was dit 'n bittere tyding. Haar verdriet oor hierdie besluit laat hom besluit om maar weer verder in die Teologie te studeer. Hy skryf nou in as student aan die Universiteit te Montauban, in die suide van Frankryk, waar, soos hy gedink het, nie soveel verleiding as in Amsterdam en Leiden sal wees nie. Hier lewer hy sy proefpreek en neem dienste in verskillende gemeentes waar. 17.)

Gedurende

13.) Huet: p.14. Vgl. ook Conradie p.300.

14.) Huet; p. 15.

15.) B.W.B.; p.361.

16.) Huet: p.15.

17.) Huet: p.21. "Vernederd in eigen oogen, walgt hy van zijn leven, neemt hij het besluit naar zijne moeder weder te keeren, met het voornemen om een andere loopbaan te kiezen....."

Gedurende sy studietyd in Frankryk onderneem hy en 'n vriend gedurende September 1852, 'n vakansiereis na die Pireneë . Beide van hulle word gevange geneem omdat die vriend, "zijn hevig democratische gevoelens in die publiek had gelucht," en Huet weer vergeet het om sy pas te laat hernu. Na drie weke word Huet ontslaan maar sy vriend eers na vyftien maande. Pierre het nie dadelik na Frankryk teruggekeer nie, maar eers deur Frankryk gaan toer om dan, "in gansch hopeloozen en ontredderden toestand weer in Nederland," terug te keer.

In 1855 skrywe hy na aanleiding van hierdie insident 'n artikel in "De Kerkbode" onder die opskrif: "Twee Losbollen." Hierin roep hy in herinnering die gebeure in die stadje Ax, die aanleiding tot die inhegtenisneming, hulle roekelose lewenshouding, om dan te sluit met die dank aan die Almagtige wat beide se lewe verander het en dat hulle lewe nou geheilig is, "door den nieuwen doop dien wij beiden hebben ontvangen."

Ons haal enkele gedeeltes aan uit hierdie insiggewende artikel: "Het is hyna drie jaar gelede dat in de maand September 1852 zat in een der voornaamste logementen van het stadjen Ax een vrij aanzienlijk gezelschap, geschaard om de overblijfsels van een smakelijk dessert."

Hierdie dorpie was geleë op die grens tussen Frankryk en Spanje en was beskou as 'n baie geskikte plek om persone heen te stuur "die geen genoegsame reden tot veroordelen hadden gegeven maar evenwel uithoofde van hun vroegere politieke denkwijze als gevaarlijk werden beschouwd."

Volgens Huet was dit droewige dae in die geskiedenis van Frankryk. Napoleon III het met 'n ystere en onverskrokke hand sy septer oor die Republiek van Frankryk geswaai. As despoot het hy geen teenstand, hoe gering ookal geduld nie. "Allen wier staatkundige gevoelens verdacht gehouden werden, waren het voorwerp van het strenge toezicht der politie.. Het geringste woord door verspieders ooren opgevangen, was genoeg om iemand in den kerker te brengen waar hij vaak maanden werd gehouden, voor zijn zaak onderzocht wierd.."

Onder die manne hier in Ax, bevind "zich verscheiden mannen van aanzien, weleer volksvertegenwoordigers, thans genoodsaak om in eene eenzame plaats, gescheiden van hun betrekkingen en afgescheurd van het maatschappelijk leven een nutteloos en kostbaar leven te leiden. In zulke omstandigheden zocht de mensch, die geen beter troost bezit, zijn vreugd in het rekken van de genoegens der tafel en verstroot hij bij het ontkurken der champagne, zijn geknakte levensillusien. Dan kleurt zich de wang weder. Het gebogen hoofd richt zich op. Het oog schitter weer van lewenlust. En de zwaarmoedigheid op de gasdampen van het edele druivenvocht of op de blaauwe wolkjens der manilla-rook vervlogen, maakt plaats voor een opgewonden spraakzaamheid, die, de perken der betamelijkheid en der voorzichtigheid overschrijdende, niet zelden den volgende dag bitter word betreurd."

Onder

Onder hierdie geselskap het die twee studente wat vir 'n dag in Ax oorgebly het hulle bevind. "Zij waren van zeer verschillende karakters. De een, wiens wijsgeerige geest alles met scherpzinnige bedaardheid onderzocht, ontleedde, overlegde, bezat een buitengewone vertooning van ernst, die hem zelfs in zijne minst ernstige oogenblikken niet verliet .. De ander, van een meer dichterlijke geaartheid levende onder den indruk van het oogenblik, altyd vervoerd door zijne verbeelding, altijd dweepende met iets, hetzij in hem, hetzij buiten hem, vertoonde in de uitdrukking van zijn gelaat, een gloed van opgewondenheid, zonderling bij het marmeren gelaat zijns vriends afstekende. Nog zonderling is die inwendige tegenstrijd ... Immers in hem van wien men het eerst zou hebben verwacht dat hij zich door de politieke hartstochten zou hebben laten medeslepen trilde naauwelijks een zwakke snaar van belangstelling in den bloei of val der Republiek.

De Wysgeer daarentegen was 'n hartstogtelijke republikein, een vriend van het volk, een apostel der vrijheid, en als zoodanig een aartsvijand van der vryheid, den Despoot, die op even onwettige als brutale wijze zijn beslijkten voet op den nek van het onafhankelijke Frankrijk had gezet."

Napoleon was juis op 'n toer deur die Franse Republiek toe hierdie insident plaasgevind het. Daar is gemeld dat 'n sameswering teen hom net betyds ontdek is en orals is die volk deur plakate aangemoedig om hulle dankbaarheid en blydskap aan die keiser te betoon. So 'n plakaat was ook in die eetsaal waar onder andere die twee studente gewees het. Heel gou is die gesprek met die ander vriende oor die politiek van die dag. Weldra word die plakaat, die voorwerp van "spottende opmerkingen." en "in een oogenblik van ongewone onbesuisdheid, staat hij op en schrijft, met korte woorden een spotternij onder de proclamatie van den Prefekt."

Die gevolge van die voorval was dat hulle gevange geneem is en na "een afschuwelijk kerkerhof gevoerd", is. Hiervandaan word "de schrijver van de drie, vier Schimpwoorden en zijn jonge (althands politiek) onschuldige medgezel", na die staatsgevangenis Foix geneem. Die end van hierdie ondervinding was dat "de een werd na drie weken als volkomen onschadelijk bevonden, op vrije voeten gesteld, terwijl de ander met eenige maanden gevangenis en een niet geringe geldboete vrijkwam." 18.)

Terug in Holland besef nie net sy familie nie maar ook hyself dat hy daar nie langer kan bly nie en self doen hy alles in sy vermoë om na 'n ander deel van Europa te vertrek, dog sonder enige sukses.

'n Onver

'n Onverklaarbare drang dryf hom na die bekende figuur uit die Reveil, tw. Ds. O.G. Heldring te Hemmen. 19.) Hierdie invloedryke predikant het besonder belang in Huet gestel toe hy hom vroeër aan huis van die vernaamste digter van die Reveil, Isaac da Costa ontmoet het. 20.) Hierdi ontmoeting het Huet se lewe blywend beïnvloed.

Van Da Costa skrywe Huet: "den vaderlijken vriend mijner jeugd, die bij mij vertrek uit Europa zijn nooit vergeten zegen over mijn hoofd uitgoot, en met wien ik mij nu verbonden mocht gevoelen gelijk nimmer voorheen." 21.) Geen wonder dat Da Costa die laaste man was van wie Huet afskeid geneem het voor sy vertrek na Afrika. 22.)

Ds. Heldring spoor Huet aan om sy studies te voltooi, Huet kry vergunning om sy studies, wat onderbreek is in Montauban nou in Leiden voort te sit. Ds. Heldring se woorde aan Huet moes werklik uitdagend gewees het: "Gij kunt nog terecht komen ., maar eerst moet gij uw Candidaats-examen doen."

Die gevolg was dat Huet die aand van die 15 Junie 1853 aan sy moeder die verblydende tyding kon bring dat hy sy kandidaatseksamen met goeie gevolg af gelê het. 23.)

Na hierdie sukses was Ds. Heldring se verdere raad aan Huet: "uw weg is naar Afrika," 24.) Hy kon dit sê aangesien Ds. Heldring alreeds vir Ds. Huet die weg geopen het om in die Paarl by Ds. G.W.A. van der Lingen 'n heenkome te gaan vind. Die aanknopingspunt het gekom toe Ds. van der Lingen 'n skrywe in 1853 na Holland gestuur het met die versoek om 'n redakteur te vind wat gewillig sou wees om onder sy toesig 'n tydskrif vir Suid-Afrika te redigeer. Die ou "Nederduitsch Zuid-Afrikaansche Tijdschrift" 25.) was al tien jaar dood.

Ds. van

-
- 19.) Winkler Prins: Deel X (1951) p.481. Na O.G. Heldring se bekering op Kersdag 1827 was sy sendingliefde eg en sy diens van barmhartigheid opreg. Sy lewenstaak was die "Heldring-gestichten". Ook nog ander inrigtinge het hulle ontstaan aan hom te danke onder andere „Steenbeeck" wat 'n toevlugsoord was vir meisies en moeders. In 1856 stig hy Tilitha Kumi vir jongeres, in 1861 Bethel vir "oudere verwaarloosde" en in 1864 stig hy 'n Christelike Normaalskool vir meisies. Vgl. ook: (i) O.G. Heldring deur A. van der Hoeven: (1942). (ii) Odendaal: p.202.
- 20.) Conradie: p.299. Vgl. ook (i) Rijpma. pp. 89 - 91. (ii) Historische en Literarische Studien. Haarlem. 1891. pp.483 -486. "Da Costa heeft alles beseten, wat zijn tijdgenoten niet liefhadden, een scherpe bepaalde overtuiging die het recht van bestaan van een juiste-milieu niet erkende, strijd lust, die behagen scheinpte omdat plichtgevoel aandreef."
- 21.) "Na vijf jaren:" p.32.
- 22.) Conradie. p.299.
- 23.) B.W.B. p.361.
- 24.) Jaarboek. (1932) p.67.
- 25.) In 1878 het Dr. J.W.G. van Oordt weer met die uitgawe van die gestaakte periodiek begin. Vgl. Conradie: p.299.

Ds. van der Lingen wou nou baie graag 'n eie christelike tydskrif uitgee en hiervoor was 'n bekwame letterkundige nodig. Die bedoeling van Ds. van der Lingen was om deur hierdie blad die kerklike sowel as politieke belange te behandel. Ook om in besonder wal te gooi teen die toenemende liberalistiese gees van die moderne predikers. 26.)

Dadelik tree Huet met Ds. van der Lingen in verbinding. Die gevolg van die onderhandeling was dat Huet in Oktober 1953 oor Londen na Cardiff reis en vandaar per seilskip na Suid-Afrika vertrek " om die tydskrif van 'n regsinnige, ortodokse predikant", 27.) te help oprig.

Gedurende Februarie 1954 seil die boot na 'n hewige storm Simonsbaai binne. In Kaapstad vertoef hy drie dae om dan na die Paarl te vertrek om sy intrek te neem in die huis van Ds. van der Lingen, 'n man universele kennis, diepe godsvrug, goeie geleerdheid en strenge regsinnigheid.

Ses jaar later roep Huet in herinnering sy aankoms en die geweldige storm wat gewoed het;

"Zes jaren zijn't, sinds op uw kusten,
Uit zooveel doodsgevaar gered,
Des snooden jongelings voeten russten,
Gevolgd door't moederlijk gebed.
Hoe hulpeloos, hooploos, godloos tevens,
Hoe reddeloos door menschenmacht,
Werd ik door U, O God mijns levens,
Dien'k toen niet kende, hier gebracht." 28.)

26.) Conradie. p.301
27.) Conradie. p.299.
28.) Huet. pp.33 - 34.

HOOFSTUK III

VERBLYF IN DIE PAARL.

" Een lied aan u, O, mocht in't groen der eikenbomen,
 Waar zich uw gastvrij dak zoo liefelijk versteekt,
 Gelijk een welkom vriend mijn danklied tot u komen,
 En spreken naar u hart, gelijk een broeder spreekt." 1.)

Dit was seker met sonderlinge gewaarwordinge dat die jeugdige Pierre sy voetstappe gewend het na die in eikegroen verskuilde Pastorie van die Paarl. Hier het baie van sy landgenote 'n gasvrye ontvangs te beurt geval en hier sou ook hy oorlaai word met vriendelikheid en liefde. Die rustige atmosfeer en die geselskap van 'n merkwaardige gasheer soos Ds. G.W.A. van der Lingen, moes 'n besondere invloed op die gemoedstoestand van ons jonge vriend gehad het. 2.)

Wanneer hy in later jare terugdink aan die wonderlike verandering wat gedurende sy verblyf in hierdie pastorie in sy sielelewe plaasgevind het, skryf hy 'n gedig met die tema, Joh. 9: 25: "Een ding weet ik, dat ik blind was en nu zien." Na elke strofe kon die refrein:

" Een ding weet ik, dierbre Heer.
 Ik was blind, maar nu niet meer." 3.)

Vir sy gasheer het Huet die hoogste agting en respek gekoester, want dit straal duidelik uit in die gedig wat hy opgedra het aan hierdie Paarlse Predikant. 4.) Ds. van der Lingen was 'n merkwaardige persoon, streng regsinnig en 'n geesverwant van die sendeling - en christen-wysgeer, J. Th. van der Kemp. 5.)

Gedurende Ds. van der Lingen se dienstyd aan die Paarl het die bekende Pinksterherlewing gedurende die jare 1860 - 61 plaasgevind. 6.) Ook in die algemene Kerklike lewe het hy 'n leidende rol gespeel en hoog aangeskrewe gestaan as Kerk- Gods- en Volksman. Na die stigting van die Teologiese Skool te Stellenbosch is hy as professor benoem maar het dit hom nie laat welgeval nie. 7.) Van hierdie merkwaardige persoon sé Huet:

"Nimmer had ik iemand ontmoet van zoo veel, bijkans zou ik zeggen, alles omvattende kennis en in wiens brein zulken onuitputelike en streks vermeerderde schatten van geleerdheid verborgen waren." 8.)

Die

-
- 1.) Huet. pp.53 - 54. Hier vind ons die gedig van elf strofes in sy geheel aangehaal.
 - 2.) Die loopbaan van hierdie merkwaardige persoon word vir ons baie treffend beskrywe deur sy dogter (M. van der Lingen, later Mevr. M. de Villiers) in die biografie van haar vader:- "Herinnerin aan het leven en den arbeid van den Wel. EERW. Zeer Gel. Heer G.W.A. van der Lingen."
 - 3.) Huet. pp. 153 - 154.
 - 4.) Huet. p.53.
 - 5.) Conradie. p.304.
 - 6.) Barnard, Dr. A.C. Eeufees van die Pinksterbidure. (1861 - 1961) pp. 56 - 60.
 - 7.) Aeta Synodi. 1852. "Het aangeboden Professoraat bedank. Vgl. ook: Die Gereformeerde Vaandel. Des. 1948. pp.9 - 10.
 - 8.) Huet. p.35.

Die bedoeling van Huet se koms na Suid-Afrika was dat hy redakteur sou word van 'n op te rigte Christelike tydskrif. 9.) Nadat Ds. van der Lingen aan hom die omvang van sy werk en die doel van oprigting verduidelik het nl. die behandeling van kerklike en landsbelange het Huet dadelik besef dat as gevolg van sy onbekendheid met Kerklike-, Politieke- en Landsomstandighede hy onbekwaam was om so 'n tydskrif te redigeer en weier dus om daarmee te begin. 10.) Eers in 1857 het 'n tydskrif "ELPIS" onder redaksie van verskillende bekende predikante in Suid-Afrika sowel as in Nederland verskyn. Alhoewel hierdie blad net tot 1861 verskyn het, het ook hy sy bydrae gelewer in die stryd teen die Liberalisme wat gedurende hierdie jare begin het om sy hoogtepunt in Suid-Afrika se Kerklike lewe te bereik. 11.)

Huet hou hom nou besig met die bestudering van die joernalistiek van die Kaapse Pers en veral van "De Zuid-Afrikaan", waarin hy ook af en toe 'n versie, wat meestal 'n vertaling van sy franse gedigte was, geplaas het. Gedurende sy verblyf in die Paarl gee hy in 1856 sy bekende bundel, "PAARLSE GEDICHTJENS" uit. Dit is die gedigte van 'n Romantikus met sy oorgevoelige sentimentaliteit en die ontboeseming van 'n oorvol gemoed wat nêrens rus kon vind nie. Onverbeterlik beeld hy sy gevoelslewe uit in die woorde: 12.)

"Mijn hart is rusteloos meer dan de popelblaren,
 Meer dan aan't oeverstrand het ritselende riet,
 Meer dan het woest geklots der fel bewogen baren
 De bladers vallen af, God doet de zee bedaren;
 Mijn hart, mijn hart alleen bedaart zijn almacht niet." 13.)

Die

-
- 9.) Odendaal, Dr. B.J. "Die kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland" (1652 - 1952.) p.2
 Vgl. ook. „De Kerkbode“; 26 Okto. 1867. p.354.
 Vgl. ook. „De Kerkbode“; 10 Febr. 1921. p.152.
- 10.) Jaarboek. p.68.
- 11.) „De Elpis“. Deel I nommer I, begin verskyn in 1857. Op pp. 1 - 3. word verwys na die behoefte van so 'n tydskrif om die belange van Land en Volk te dien. Ook van die kant van die Kaapse publiek word so 'n behoefte gevoel. Die Kerk moet sorg dat die Woord van God die grondwet word van die Staat en moet waak teen onheile. Dit rus veral op die "Hollandsch Gereformeerde Kerk" in Zuid-Afrika, zij is de hoofdkerk, bijna alle inwoners des Lands behooren tot het getal harer leden en wij zeggenniet te veel, als wij naar de mensch beweren dat in de eerste plaats van haar zal afhangen wat Zuid-Afrika eenmaal werden zal. Aan die begin sou net 4 uitgawes per jaar verskyn en indien daar steunis later ses. Die Redaksie was: Dr. P.F. Faure, Dr. S. Hofmeyr, Ds. G.W.A. van der Lingen, Ds. J. Murray, Dr. N. Beets, Prof. B. de Geer, Dr. F.C. van den Hamen, Dr. J.J. van Oosterzee. Elpis moes meehelp om die stroom van Liberalisme teen te werk. Die laaste uitgawe het in 1861 verskyn en word "De Volksvriend" by die intekenare aan beveel.
 Vgl. (i) Conradie. p.305.
 Vgl.(ii) Bosman en Dreyer. Hollandse Joernalistiek in S.Afrika. p.7.
- 12.) Conradie. p.801.
- 13.) Paarlsche Gedichten." P. Huet. Herdruk in sy Afrikaansche Gedichten, 6de druk. 1891. p.1.

Die romantikus pas moeilik aan by die praktiese, alledaagse werklikheid van die lewe. Hy is vervul met 'n hemelse heimwee na 'n verre, volmaakte wêreld. Hierdie gevoel verinnig by hom tot 'n diepe weemoed. In die natuur lees hy sy stemming van blydschap of droefheid. Uit 'n toestand van vae geluksverlange word 'n letterkunde geskep wat dweperig en sentimenteel is. Huet verenig in hom al die eienskappe van die Romantiese digter.

Die gevoel en verbeelding het sy vernaamste sentimentele uiting gevind in die gevoelige ballade, natuurlied en historiese roman. In Huet se twee romantiese ballades;" In't asyl Steenbeek" en "Buiten 't Asyl," wat hy in Hemmen begin skrywe het in 1853 en in die Paarl voltooi het, vind ons die geliefde terminologie, die oordrewe gevoel, die wilde verbeelding van die romantiek. Hierdie ballades is gewy aan die gevalle vroue wat met vloeke en trane hulle smart uitstort. Woes hang hulle hare om die skouers en van alle lewensgloed beroof, "staan de oogen in het bleeke hoofd." 14.)

In die pastorie van Ds. van der Lingen het Huet moeilike dae deurgemaak. Die temperamentele Huet het hom soms oorgegee "aan gekker-nij, ja lichtzinnigheid en slaan dan weldra weder over tot het andere uiterste van grotte ingekeerdheid in zichself en bijna onverklaarbare ernst." 15.) Die geestige, spottende toon kon hy soms met sukses op homself toepas. In sy reeds genoemde "Paarlische Gedichten" steek hy in "Kaalheid" die draak met, "sy bruin hare wat met geen vet van beeren", "kippenvet", "macasserolie of wel twintig soort pommaden," te red was nie. Vermaaklik is sy opeenstapeling van vergelykings om die kaalheid aan te dui," sy kop is soos die van 'n profeet, soos die Torensplits van Pisa, soos 'n sedepreek van 'n waanwyse sot". 16.)

Selfs in sy latere jare het Huet nog maar die impulsiewe mens gebly soos blyk uit die volgende vertelling van Prof. S.P. Engelbrecht: "Tydens die bediening van Ds. Huet te Goes vanaf 1878 tot 1895 het hy gedurende die jare 1879 tot 1884 Ds. J. Post as medeleraar gehad. Gedurende 1884 neem lg. 'n beroep as medeleraar aan na die Ned. Herv. Gemeente, Charlois waar Ds. P.F. van der Steen predikant was. In die plek van Ds.Post te Goes word gedurende 1884, Ds. C.L. Laan beroep wat daar predikant was tot in 1888.

Ds. Post en Ds. Huet kon in Goes nie goed met mekaar oor die weg kom nie. Toe Ds.Post daar weg is en Ds. Laan in sy plek beroep is en dit aangeneem het, was Ds.Huet so bly dat hy spontaan, as hy altyd was, 'n briefkaart aan Ds.Laan skrywe wat toe predikant was te Sevooskerke, van die volgende inhoud:

Post

-
- 14.) Afrikaansche Gedigten.
 (i) In't Asyl Steenbeek.
 (ii) Buiten't Asyl. p.3 - 10.
 15.) Huet. p.39.
 16.) Conradie. p.303.

"Post is gered van Piet Huet,
 En niet tevreën met van der Steen;
 Wij zijn verlost van broeder Post,
 En zeer voldaan met broeder Laan." 17.)

Op 'n baie innige wyse kon hy ook in sy gedigte met sy leser spreek. In sy gedig "Troost in Scheiding", gerig aan Mevr. A. de V. kom dit op 'n besondere wyse na vore waar hy haar bekla oor die afwesigheid van haar man:

"Wat buigt, wat buigt uw hoofd zich neêr
 Op't kunstwerk van uw vlugge handtjens?
 Gij heft uw droeven blik niet meer
 Van uw borduurseltjens en kantjens" 18.)

Dr. Elizabeth Conradie skrywe oor hierdie gedig en sê: "Dit is 'n mooi skilderytjie, treffend deur die eenvoud en suiwerheid van gevoel maar na hierdie veelbelowende aanhef verval die jeugdige sedepreker in alerlei aanmanings tot gebed en geloof, word hy die dweperige romantikus."

Die invloed van die Reveil het ook onmiskenbare spore op Huet nage- laat. Die kenmerkende uiting in berou, diepe sondebeseft en verdieping van die godsdienstige gevoelslewe, spreek 'n duidelike taal in sy ont- boeseminge 19.) soos bv. in: "Dank aan Jesus".

"Ja, mijn zonden zijn geboet;
 Ja, des Heeren kostbaar bloed
 Is voor mij, voor mij vergooten.
 Heden heb't mijn Heer ontmoet,
 Heden heb ik Hem genoten." 20.)

As geestelike kind van die groot Filantroop, Ds. Heldring, 21.) wou ook Huet alle menslike smart verlig; om sendeling te word was sy ideaal vanaf sy kinderdae. Gedurende sy twee jaar lange verblyf aan die Paarlse Pastorie het hy meegehelp aan die plaaslike sending en onderwys. 22.) Hy lewer gereelde bydraes in "De Kerkbode" 23.)

en

-
- 17.) Persoonlike mededeling van Prof. S.P. Engelbrecht soos onthou uit sy studentejare in Holland.
 18.) PAARLSCHE GEDICHTEN. Troost in Scheiding. p.1 (Maart 1854).
 19.) Conradie. p.303.
 20.) Paarlse Gedichtjens. p.32. (1855).
 21.) Winkler Prins: Deel X (1951) p.481.
 22.) D.K.B. 13 Oktober 1855. p.344.
 23.) (i) "De Kerkbode" as offisiële orgaan van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika begin verskyn op Saterdag, 13 Januarie 1849. Sien.
 (ii) Vgl. ook Elpis vir kritiek. Deel I, 1857 en 1858.

en „Elpis" waarin hy 'n duidelike, vooringenome standpunt inneem oor die lot van die nie-blankes in Suid-Afrika ondervind hy baie kritiek. 'n Beskrywing van hom in „Elpis" i.v.m. sy besoek aan Namakwaland in 1856, het 'n vlaag van verontwaardiging uitgelok. Onder die hoof: "Wat ik in Namakwaland zag" (Okt. 1854.) skrywe hy onder andere:

" 'k zag hebsucht op eene groote schaal,
 En jonge en oude menschen
 meer na een stukjen Kopererts.
 dan naar den Hemel wenschen."

Hy besluit; " Maar, als ik't u verhalen zal,
 Van Godsvrucht zag ik overal
 Slechts zeer flaauwe indikasies." 24.)

Hierby word nog gevoeg sy onbarmhartige en soms spotagtige beskrywinge van sy ervarings in die boerewonings. Hierdie artikels was slegs die voorlopers van sy gerugmakende boek wat in 1869 in Holland sou verskyn: "Het lot der zwarten in Transvaal." 25.)

Die gevolge van sy artikels was dadelik merkbaar. Die nuwe tydskrif „Elpis" het dadelik 'n groot aantal van sy intekenare verloor en in verskillende tydskrifte word teen Huet en sy onverdiende beskuldiging beswaar gemaak.

Vervoer deur sy ryke verbeelding en onbeteuelde gevoel wat hom in die voetspore van Philip en van der Kemp gelei het, 26.) verdedig hy sy standpunt met die gedig: "Liefderijke Uitnodiging."

" Aan den voet van Christus Kruis,
 Staat een bank om aan te zitten,
 d'Eenige weg naar's Vaders Huis
 Is voor Zwarten als voor Witten.
 Daar geldt schoonheid, goud noch eer,
 Daar geen onderscheid van kleuren,
 Jesus ziet op allen neer,
 Die hun zonden daar betreuren.

Zondaars zijn het, vuil en snood,
 Die zich om den kruispaal scharen,
 Dezen zijn het, die Hij noodt,
 Dieven, hoeren, tollenaars.
 Daar zijn allen gansch gelijk,
 Zwarte zondaars, bruinen, witten;
 Wie Gods zin hier wil bevitten,
 Wie niet met hen aan wil zitten,
 Gaat niet in in't koninkrijk. " 27.)

Hieruit ...

-
- 24.) Paarlische Goddichtjens 1856. p.60. (gedig Okt. 1954).
 25.) Verskyn te Utrecht in 1869.
 26.) Conradie. p.304. Vgl. ook "Eenvoudige Meedelinge p.7;
 "Philip en Read - die edel - moediglijk de party der
 verdrukke Hottentotte en slaven namen en daarin gelijk Ligtelijk
 het geval is wel somtijds geleiden werden niet genoegzaam het,
 audi et alteram partem(hoor ook de andere zijde)in acht te nemen."
 27.) Huet: pp. 95 - 96.

Hieruit bluk ook duidelik die invloed van die Franse Rewolusie en by name die van Jean Jacques Rousseau met die leuse: "Vryheid, gelykheid en broederskap." Die idee van Rousseau dat die primitiewe natuurstaat die ware en egte staat is, het saam met 'n oordrewe sentimentaliteit 'n misplaatsse filantropiese gevoel teenoor die inboorling van Suid-Afrika, die primitiewe en dus die onbedorwe natuurmense, bewerkstellig. Hierdie gees het teen die einde van die agtiende eeu oor Europa gedein en ook die Sendelinge van die Londense Sendinggenootskap wat na Suid-Afrika gekom het, sterk beïnvloed. Ons noem by name Dr. J. T. van der Kemp, James Read, Drs. Philip en Livingston. Die laster teen die Boere vanaf die tyd van Van der Kemp is gretiglik in kleiner publikasies versprei sodat die naam van die Boere in baie kringe van Europa alleen geassosieer is met die wreedste behandelinge teenoor die Inboorling wat daar te denke is. Ook in hierdie kampanje teen Suid-Afrika, wat tot vandag in die Twintigste eeu voortleef, het Huet sy aandeel gelewer. Hierdie propaganda teen die Boere sou die Imperiale Kolonialisme met blydskap aangryp om dit ook as grondige en oortuigende rede aan te voer vir die annexasie van die Republieke. 28.)

As kind van sy tyd en gerugsteun deur hierdie Europese denkwysen ten opsigte van kleurlyn, die agitatie teen slawehandel en slawerny, kan ons Huet se sienswyses verstaan, sy artikels begryp, al kan ons dit geensins regverdig nie. Op die ingeslane weg van "veroordeling" sou Huet voortgaan totdat hy die Engelse Regering sou aanspoor om, "het gezag over de Hollandsche Republieken in handen te nemen," en skrywe hy verder: "Ik zou niet aarzelen dit eene weldaad te noemen zoowel voor de blanke als voor de zwarte inwoners des lands." 29.)

Huet het later baie spyt gehad oor wat hy geskryf het, maar die naam van sy stamverwante was reeds beklad en die dwaad nie net hier ter lande maar ook in Europa gedoen. Uit die volgende twee aanhalings blyk dit baie duidelik. In 'n brief aan die Staats-sekretaris in April 1886 skrywe hy: "Alhoewel ik nu van achteren wel sie dat ik veel wat ik goed bedoelde op andere wijze had moeten doen. Doch ik wandelde in het licht dak ik toen had." 30.)

Na vyf-en-twintig jaar in die bediening gee hy 'n brosjure uit en daarin sê hy: "Met groot ywer, al was het niet altijd met verstand met vurige liefde voor den Heer, al was het niet altijd met de noodige zachtmoedigheid tegenover de gemeente, arbeid ik aldaar.." 31.)

Terwyl Huet later predikant was te Goes het hy hom ook hierdie woorde laat ontval dat hy, "Steeds zijn vreugde betuigde, dat hij nooit gezwicht is voor de drang om dit rasseverschil te erkennen." 32.)

-
- 28.) Het lot der zwarten in Transvaal. p.13.
 29.) „Het lot der zwarten in Transvaal" p.13.
 30.) R3281/86 T.A. Goes; April, 1886.
 31.) Vijf en Twintig jaren.
 32.) Jaarboek p.68.

HOOFSTUK IV.

BEKERING.

Maar'k heb mijn Heer beleedigd,
Hem, dien'k gepredikt had,
Wiens naam ik had verdedigd,
Wiens liefde ik eenz bezat. 1.)

Die skynbare mislukking van Huet se koms na Suid-Afrika om as redakteur op te tree het seer sekerlik nie bygedra om sy gemoedstoestand te stabiliseer nie. Gedurende die eerste tyd in die Paarl vind ons dat hy in 'n soort van vyandskap teen die Godsdienst staan. Van hierdie tyd skrywe hy:

"Ik was destijds zoo vijandig tegen den Godsdienst, dat het mij genoeg was iemand over den Godsdienst op eene eenigszins gemoedelijke wijze te hooren spreken, om hem zoo al niet geheel als een huichelaar te beschouwen, dan toch een inwendigen tegenzin tegen hem op te vatten." 2.)

Sy vrye tyd word gewy aan skryfwerk, maar in besonder het dit die jonge Huet gedrywe tot selfondersoek en diepe na denke. 3.) Langsamerhand het hierdie wisselende, twyfelende gemoedstoestand ontvanklik geword vir die goeie en stille invloed van sy gasheer. Die sondes uit sy verlede het voor hom opgedoem. Soms gevoel hy hom soos iemand wat deur niemand verstaan word nie en ook geenvriend het nie. 4.) So het hy bv. eenkeer in die teenwoordigheid van die pastoriefamilie begin met versies maak om te eindig met:

"En dan...wat rest hem nog?

Een touwtje om zich aan op te hangen."

Hierop was al kommentaar wat Ds. van der Lingen gelewer het in antwoord op een van die aanwesiges se aanmerking oor Huet se vers:
"Begryp u het dan niet? Hy schilderde het lot en de gewaarwordingen van den diep ongelukkigen levenszatte."

Gedurende hierdie dae moes Huet baie verlang het om van hart tot hart met sy beminde gasheer te spreek.

" Schrikkelijke angsten maakten zich van hem Meester; bange nijpende voorgevoelens van onbekende... boven het hoofd hangende rampen ... deden hem uren van akelige benauwdheid doorbrengen, die hij socht te verstrooien maar niets beatte. O, die lange nachtelijke uren in onophoudelijk snikken en schreien doorgebracht. En toch rust gaf hem het betreuren zijner zonden niet. Hy las Gods Woord, .. ook bad hij lang en.....

1.) Paarlse Gedichtjens. (Des. 1854.)

2.) Huet. p.41.

3.) Jaarboek. p.69.

4.) Paarlse Gelichtjens. (1856) p.18.

" Ik heb geen onklen vriend om in mijn smart te deelen,
Zij't ingebeelde pijn, geen stervling kan ze heelen....."

en ernstig om vergiffenis en genade. Maar alles schijnbaar te vergeefs. Zijn ziel vond geen vrede.. Maar wie is er, die het niet bij eigen ervaring heeft, welke onoverwinnelijke belemmeringen het hart soms weerhouden, om dergelijke gevoelens en gewaarwordingen aan een ander toe te vertrouwen."

Eindelijk oorwin hy homself en ontbloot sy hart en sy verlede aan die simpatieke oor van Ds. van der Lingen. Sy gasheer het simpatiek geluister maar niks gesê om Huet te bemoedig of gerus te stel nie. Al wat Ds. van der Lingen aan Huet gesê het was: "Pleit op de beloften." Hierdie paar woorde het diep in Huet se hart ingesink.

Onder hierdie omstandighede vra sy gasheer hom om voor die gemeente op te tree. Tenspyte daarvan dat Ds. van der Lingen nou bekend was met sy ganse verlede het dit geen uitwerking gehad nie. Huet moes maar net die diens waarneem. Na afloop van die orediens het hy aan die eerste en beste persoon wat hy raakgeloop het gesê: "Ik ga den kansel niet weer op."

Hierdie was maar net die woorde van Huet. God het dit in Sy Alwyse Raad anders bepaal. Nog twee keer tree Huet voor die Paarlse gemeente op voordat hy die genadige werking van die Heilige Gees in sy hart sou ondervind en tot volle geloofsversekering in Christus Jesus kom.

Huet het nie net die datum maar ook die tyd van sy bekering onthou. Op die tweede Junie 1854 om elf-uur die môre het die Here geantwoord op al die tranen en gebede wat deur die jare vir hom gevloei het. 5.) Oor hierdie so onvergeetlike moment skrywe hy:

"Ik was destyds nog geheel in het ongeloof, in de vijandskap tegen alle openbaring van godsdienstem, en nietg scheen mij verachtelijker toe dan om na een leven als het mijne te eindigen met vroom te worden. Doch het duurde niet lang of diepe overtuigingen van zonde maakten zich van mij meester. Hoe ik er mij aan trachte te onttrekken en er weerstand aan te bieden, ze werden mij te krachtig. Eindelijk geef ik er aan toe. Des nachts doorweekte ik mijne bedstede met tranen. Ik bad en worstelde om genade, doch, naar het scheen tevergeefs, totdat -- eeuwig gezegende ure, ik voor het eerst tot de onuitsprekelijke ondervinding kwam van de openbaring des Heeren aan mijne ziel. In onbeschrijfelijke ontvoering wierp ik mij op de knieën en riep om genade, toen het mij was alsof de hemel zich over mij opende, de Heiland in de volheid zijner liefde tot mij nederdaalde en een ongeken- de zaligheid in mijn hart werd uitgestort. Van dat oogenblik af is mijn hart voor eeuwig aan mijn Heiland verbonden.... 6.) Nu begonnen de liefelikheden

5.) Huet. pp. 40 - 45.

Vgl. ook: D.K.B. 18/8/1855. p.265. "De dageraad vaneen nieuwen dag begon in mij zijn eerste Licht te verspreiden. In een verre onzekerheid ontwaarde ik Jesus- door een flikkerend Licht naauwelijks beschenen."

6.) Vijf en Twintig jaren. p.3.

liefelikheden van Gods verborgenheid mij geopenbaard te worden. Nu kreeg alles zin en werd heerlijke werkelijkheid voor mij, wat de geestelike, de hemelsche dingen betreft .. En nu is mijn vurigste wensch om getrouw te mogen blijven aan zulk een goeden Meester en mij geheel voor tijd en voor eeuwigheid aan zijn dienst te mogen toewijden." 7.)

Aangesien Huet nou net een ideaal het en dit nl. om die Evangelie te gaan verkondig, doen hy op aanbeveling van Ds. van der Lingen aansoek by die Sinodale Kommissie om tot die Proponentseksamen toegelaat te word. 8.)

Die Sinodale Kommissie wat op die 18 en 19 Januarie 1855 byeen-gekom het en sy aansoek tot toelating ernstig oorweeg het, het hulle nie by magte beskou om so 'n saak finaal af te handel nie. 9.) Dr. A. Faure, scribe van die Sinodale Kommissie, skrywe aan Huet op die 20e Januarie 1855 en meld dat hulle sy aansoek na die Sinode, wat gedurende 1857 byeen sou kom, verwys. Aangesien sy diplomas en getuigskrifte in orde bevind is, is aan hom vergunning verleen om dienste waar te neem indien Ds. van der Lingen daartoe versoek, of wanneer die pastor loci uit die gemeente afwesig is. 10.)

Huet bly dus voorlopig hulpprediker aan die Paarl. Wanneer hy voor die gemeente optree was die 800 sitplekke gewoonlik vol. Van heinde en verre het mense gekom om na hierdie jong en begaafde prediker te luister. Rondom die Kerk het op so 'n dag dan ook omtrent honderd na twee honderd perdekarre gestaan. 11.)

Solank hy hulpprediker was, het hy orals rondgereis en gevolglik meer en meer bekend geword. Wanneer hy weer van 'n reis deur Worcester, Swellendam, Riversdal en Ladismith terugkeer kom hy tuis met die blye bookskap dat hy deur bemiddeling van Ds. John Murray, die latere professor aan die Kweekskool van Stellenbosch, gevra is om in die vakante gemeente van Aliwal-Noord te gaan werk. 12.)

Op 24 Februarie 1856, neem Huet onder groot belangstelling afskeid van die Paarlse gemeente en begin sy reis per ossewa na Aliwal-Noord. As herinnering aan sy verblyf in die Paarl het die gemeente onder andere aan hom 'n adres en "een goud beurs aangeboden, ter waarde van ses-en-veertig pond sterling."

Nadat

-
- 7.) D.K.B. 18 Aug. 1855; p.266. "Sedert ben ik volkomen gelukkig, gelukkig van mijn Verlosser te kennen en te beminne."
 8.) D.K.B. 3/2/1855. p.42.
 Vgl. ook; D.K.B. 9/12/54. p.397.
 9.) S32/2 Brieweboek Kaapse Kerkargief (K.K.A.) p.142.
 10.) S32/2 K.K.A: 20/1/1855.
 11.) Jaarboek; p. 69.
 12.) D.K.B. 19 Jan. 1856, p.29; Kerkniews.
 "De Theologische kandidaat P. Huet heeft ingewilligd om voor eenen bepaalden tyd de betrekking van hulpprediker van onzen waardigen consulent Ds. John Murray alhier te vervullen."

Nadat hulle hom 'n end uit die dorp begeleide gedoen het word nogmaals afskeid geneem en in sy bedanking kon hy homself seker nie keer om 'n woord te rig tot diegene wat 'n verkeerde houding teenoor hom ingeneem het na aanleiding van sy reisbeskrywing na Namakwaland nie. 13.)

Daar was na veertig jaar nog van die ou inwoners wat Huet onthou het en ons lees dat toe met hulle oor Huet gesels is hulle uitgeroep het:" O, die liewe mijnheer Huet, wat hebben wij een zegen door hem gehad. Wij zullen hem nooit vergeten." 14.)

Later stuur Huet ook 'n gedig uit Aliwal-Noord, aan sy geestelike vader en troue vriend Ds. van der Lingen waaruit sy liefde, agting en eerbied vir hierdie dienskneg van die Here baie duidelik uitkom. Ons haal onder andere die volgende strofes aan:

"Een lied aan u, een zang, reeds lang in't harte levend,
Schoon nimmer aan de harp in zangerstaal ontruikt.
Een lied, van't ver gewest op vleuglen tot u zwevend,
Eerst aan de wilgen des Oranje-strooms gepluikt.

Want zie, daar is een band, dien tegen beter weten
De needrigheid ontkent, maar dien't geloof bevindt;
Een band van u tot mij, een onverbreekbre keten,
Die mij door u aan 't kruis van Golgotha verbindt.

Aan wien, aan wien (na God) zal ik mijn danklied wijden?
Aan wien, zoo niet aan u, die mij ten leidsman waart,
Bij wien'k gelooven leerde en Jesus 'Naam belijden,
Dien Naam, onze eenge vreugd in hemel en op aard." 15.)

13.) D.K.B. 15/3/1856. p.92.

14.) Huet; pp. 51 - 54.

15.) Afrikaansche Gedigten. 1876. p.80 -81.
(vyfde druk).

HOOFSTUK V

DIENSTYD TE ALIWAL - NOORD.

Die reis van die Paarl na Aliwal-Noord gaan per ossewa deur Ceres, Beaufort-Wes, Victoria, Colesberg, Richmond en Burgersdorp. 1.)

Destyds was Aliwal-Noord maar 'n klein dorpie. Die eerste blankes wat hier kom woon het, was 'n sekere Pieter Jacobus de Wet, wat met sy familie in Desember 1828 uit Robertson, 2.) hulle op Buffelsvlei kom vestig het. 3.) Reeds so vroeg as 1809 4.) het blankes hierdie vrugbare en besonder aantreklike gronde langs die Oranjerivier besoek. Met sy groot troppe wilk was hierdie deel ook 'n ware jagtersparadys. 5.)

Na die slag van Bloomplaas in 1848, het Sir Harry Smith op pad na Brits Kaffraria die Grootrivier op die 26 September deurgegaan en uitgespan op 'n plek genoem "Ruffles Vlet," 6.) "Wilmot in sy werk, "The autobiography of lieutenant-General Sir Harry Smith" skrywe oor die ontstaan van Aliwal-Noord en "Ruffles Vlet" soos volg: "At Ruffles Vlet, a beautiful site for a town -- here or near here, on 12 May 1849 the town Aliwal North was founded by Mr. Chase the civil Commissioner of the Albert or Burgersdorp district, who became its resident Magistrate." 7.)

Die naam Aliwal-Noord is aan hierdie dorpie gegee as huldeblyk aan Sir Harry Smith, die held van die slag van Aliwal in Indië op 17 Maart 1812. 8.)

In die jaar 1848 was daar nog maar 2 of 3 huise in Aliwal-Noord, terwyl 'n reisiger in 1851 meld dat daar toe ses huise was en dat hulle besig was om daar 'n dorpie uit te lê. 9.)

"De eerste avond, die ik te Aliwal doorbragt," skryf Huet, "behoren ongetwijfeld tot de schoonste die ik mij heinner immer beleefd te hebben. Aan de oevers van de Oranje-rivier, die, door frissche wilgenboomen omzoomd, sierlijk door de groene grasweiden kronkelt, verheft zich op eene hoogte het kleine maar schilderachtige dorp ... De lucht was zacht, de maan schein in hare volheid, te midden van duizenden sterren. Eene menigte van wagens en tenten waren in reijen nevens

elkander

-
- 1.) D.K.B. 10/5/1856. p.158.
 - 2.) Aliwal-Noord, Souvenir Program tydens Eeufeesviering, 1849. p. 3. (Voortaan, Aliwal-Noord, Souvenir.)
 - 3.) Buffelsvlei was die plaas gedeelte waarop die warmwaterbronne uitkom. Vgl. Wilmot en Chase: History of the Colony of the Cape of Good Hope. Cape Town 1869. p. 417. (Voortaan. Wilmot en Chase.)
 - 4.) Aliwal-Noord, Souvenir p.3.
 - 5.) Aliwal-North and its wonder Pools."
 - 6.) Daar was 'n drif in die rivier wat later vervang is deur 'n pont.
 - 7.) G.C. Moore Smith: "The Autobiography of Lieutenant-General Sir Harry Smith. Deel II p. 249. (Voortaan G.C. Moore Smith). Vgl. ook: Wilmot en Chase p.417.
 - 8.) Heroes of Modern Africa by Edward Galliat. (Voortaan Galliat); p. 229.
 - 9.) Aliwal-Noord, Souvenir; p.3.

elkander geschaard ... Ik heb het maanlicht lief, het stemt tot aandoenlijke overdenkingen. Ik zie nooit dat bleeke, blinkende gelaat, zonder te denken aan mijne verre vrienden ...waar zijn ze niet al? ... Wat al verschillende plaatsen en toestanden op eene aarde, in een stad. Pragtige paleizen en doodsche gevangenissen. Speelzalen en krankzinnigen-gestichten, danshuizen en Tempels. Kroegen en Kerkhoven. En over dit alles blinkt het zelfde maanlicht. 10.)

Met toegewyde erns begin hy sy arbeid te Aliwal-Noord. As intree-tekst neem hy op 20 April 1856 I Kor. I:17. Die Sondag was Nagmaal en het die konsulent, Ds. J. Murray die Nagmaalsdiens waargeneem. Die middag het Ds. Huet self gepreek en uit 'n berig oor daardie naweek en die boodskappe van die nuwe leraar word die berig afgesluit met die volgende woorde: "Hy (die Here) skenk onze Kerk meer zulke Evangeliepredikers." 11.) Ure bring hy in gebed deur en alleen geestelike gesprekke interesseer hom. Nie net was die blanke vir hom die voorwerp van bearbeiding nie, maar ook tot die inboorling het hy graag die evangelie gebring. 12.)

Die Kerk te Aliwal-Noord het ruimte gebied vir sitplek aan tussen vier- en -vyfhonderd mense. Volgens Huet was dit maar "lelijk", maar sê hy; "Ik heb er reeds zalige oogenblikken mogen doorleven en genieten!" 13. Aan sy Kerkraad is hy veel dank verskuldig omdat hulle, "niet de minste zwaarigheid maakt tegen mijn godsdienst houden voor kleurlingen en hen ook plaatzen in de Kerk vergund, het geen in deze gewesten een groote mate van verdraagsaamheid bewijst." 14.)

As gevolg van sy ingenome filantropiese sienswyse en sy beskouing dat dit sy roeping is om, die saak, "voor de zwakke op te nemen teen die sterke, kindere te hulp te snelle die deur manne word geschopt," en dat alle Boere, "Kaffer - en Hottentot - haters" is, het hom in onguns by die blanke kolonis gebring. Hierby het nog gekom dat hy, "zijn gevoel voor het negerdom ongelukkig in geschrift gaan uitspreken en zoo kwam het voor de oogen van het ganse Afrikanerdom en daarmee was de poppe aan dansen. Nu geen man zoo onpopulêr als Huet, want het volk, de groote massa, is nu eenmaal niet verstandig genoegom bij zulk een man het kwade over het hoofd te zien om aan de andere zijde het goede ook te merken."

Gaandeweg

-
- 10.) D.K.B. 19/7/1856. p.236. Deel VIII; No. 15.
 11.) D.K.B. 10/5/1856. pp. 158 - 159. Deel VIII; No. 10.
 12.) Elpis. 1857. p. 172.
 13.) D.K.B. 19/7/1856, p.236. Deel VIII: No.15.
 14.) Feesviering van die Ned. Geref. Gemeente, Aliwal-Noord. (1852 - 1952) p.4. "Op hierdie tydstip word twee aparte banke in die Kerkgebou oopgelaat vir kleurlinge aangesien hul nog nie 'n eie kerkgebou het nie."

Gaandeweg het die Boere van Aliwal-Noord darem hulle predikant leer ken as iemand "dat verried gebrek aan verziendheid, verried een verstand dat zeer groote gevolgtrekkingen kon maken uit gebrekkige feiten en gegevens. Zijn geest was ontvankelijk voor indrukken in hooge mate, was daarbij evenzeer voortbrengend, scheppend, maar oordeelkundig, kaf van koren scheidend, neem, dat was hij niet ..." 15.)

Later getuig hy dat "een gedeelte der gemeente, voor een tijd tegen mij zeer verbitterd van wege mijn Philippijnsche begrippen en mijne ombewimpelde verkondiging derzelve, schijnt geheel van gezindheid veranderd, het geen een wezenlijk wonder mag heeten, in aanmerking genomen de hardheid der veroordeelen." 16.)

Daar dien op gelet te word dat die Trekker nie sendingwerk as sulks veroordeel het nie, maar die wyse waarop dit benader is deur mense wat baie swak vertrouwd was met ons landsomstandighede. Bogenoemde besluit van die Kerkraad van Aliwal-Noord asook die vergunning aan Huet verleen tydens sy besoek aan Winburg in 1857 om die Evangelie aan die inboorlinge daar te bring en die gee van die Kerkgebou vir die godsdiensoefening is maar net twee voorbeelde om hierdie bewering te staaf. 17.)

Die gemeente van Aliwal-Noord was uitgestrek en het selfs sy tentpenne oorkant die Grootrivier aan die Vrystaatse kant ingeslaan. 18.) Veel vrye tyd het ons jonge leraar nie gehad nie en dit is net verbasend dat hy gedurende hierdie tyd nog soveel skryfwerk kon doen. 19.) Hy het ook nog die ideaal gekoester om 'n kerkie te Aliwal-Noord vir die kleurlinge te laat oprig, 20.) maar skrywe hy, "de Longsiekte en de kaffers maken gedurige aanvallen op hunne kudde" en daarom is die middele tot die bou nog nie daar nie.

Gedurende sy tydperk te Aliwal-Noord onderneem hy verskillende reise na naburige gemeentes soos Cradock, Colesberg, Burgersdorp, Queenstown en gaan selfs sover as Bloemfontein. 21.)

'n Baie

-
- 15.) De Vereeniging: 15/6/1905. p.10. "Ambtsbroeders naar den Hemel verhuisd."
 - 16.) Huet: p.60. Philippijnsche begrippen: Sy gedagtes t.o.v. Evangelie verkondiging aan die heidene.
 - 17.) Elpis, 1857, p.174. Die Sondagaand in Winburg het hy vir die naturelle diens gehou, want die Kerkraad was:- "Liberaal" genoeg om dit toe te laat.
Vgl. ook: "Die Huisgenoot" 18/11/1938; "Trekkers en inboorlinge" deur Dr. D.W. Kruger. p.101. "Sendingarbeid is deur die Voortrekkers toegelaat niesteenstaande bittere herinneringe."
 - 18.) D.K.B. 20/6/1857. Deel LX, No. 13. p.203.
 - 19.) Gedurende hierdie tyd het Huet heelwat artikels geskrywe asook gedig en dit aan "De Kerkbode" gestuur.
 - 20.) Elpis 1857. p.172. Tydens 'n middagdiens te Aliwal - Noord vertel hy van sy voornemens om 'n Kerkie daar te laat bou.
 - 21.) Huet; p.56.

'n Baie interessante mededeling word ons gedoen tydens 'n besoek van Huet aan die dorpie Queenstown toe die vakant was. Iemand wat 'n anonieme artikel geskrywe het oor Huet (22.) na sy dood, skets hom as, "klein van persoon, van onaantrekkelijk voorkomen, van manieren niet heusch, daarentegen hoe rijk begaafd in denken en spreken en overvloedig in gaven des Heilige Geestes." Die outeur se eerste ontmoeting met Huet was juis gedurende hierdie tyd van vakature in die kerk te Queenstown, waar die skrywer se vader toe ouderling was. Toe Ds. Huet saam met die konsulent Ds. J. Murray die kerk binnestap, so vertel die skrywer, "maakte zich van mij een gevoel van ontzaglijke teleurstelling meester, over de kleinheid van zijn persoon en geringheid van zijn voorkomen, alsof daarvandaan en daaruit niets dan een uiterst klein en schraal preekje (ridiculus mus) moest voortspruiten, vergeten, kostbaarheden in kleine pakketten worden opgedaan, kon ik dan dien middag niet meer vergeten, en wij zagen dat wij een zoon der Missillons, Flechiers en Bourdalones voor ons hadden. Over, "Ga gij en uw gansche huis in de ark," (Gen. 7:I) goot hij een regen uit van lessen, vermaninge, oproepingen, toepassingen, die ons door en om en overstroomde Zijne preeken waren dan ook meer uitgietingen des harten ... uit de diepte zijner ziel opwellende dan bedaard, overwogene redeneerkundig ... nooit egter los en onzamehangend ... Ik zoud Huets preken zeggen: Te mingeraamte en gebeente, bijna alleen vleesch en bloed en huid en gulden haar en blauwe oogen en roode wangen Zijn geest was zoo gevormd dat wat hij las dat benield hij, onbewust, en als hij dan oreerde sprong het op in't bewustzijn, dan van daar naar de lippen, dan van daar naar de harten der hoorders. Huets ziel scheen van hem te gaan als hij preekte."

Na hierdie eerste kennismaking het genoemde ouderling Huet uitgenooi om by hulle op die plaas te kom kuier. Dit het hy wel later gedoen en so kon hierdie huismense hom van naderby leer ken. Tydens 'n besoek moes Huet in die bed bly as gevolg van 'n oor wat gesweer het. Toe die skrywer van hierdie herinneringe een aand in sy kamer kom met Huet se aandete, vra Huet uit welke gedeelte van die Skrif sy Vader tydens huisgodsdienste geles het. Sy antwoord was I Kor. 14, maar voeg by dat hy daarvan niks verstaan het nie. Dadelik laat Huet sy kos, "en legde mij vers na vers uit, zoo duidelik, zoo treffend met zoo doeltreffende woordekeus als't hart verlangen kon ... Het blijf mij bij als een eerste onder godsdienstige voorrechten. Het legde den grond tot mijne liefde voor dit vak. Ik werd van toen af, met voorliefde beoefenaar van Bijbeluitleg." (Hierby kan net verhaal word dat hierdie seun later self predikant geword het.) (23.)

Nog

-
- 22.) In "De Vereeniging" het 'n paar artikels na die afsterwe van Ds. Huet verskyn. Hierdie besondere artikels het verskyn op 1 Junie, 15 Junie en 13 Julie 1905 en is geskrywe deur 'n vriend wat Huet baie goed geken het. Die reeks van 3 artikels word afgesluit met net die volgende: "Pietermaritzburg, 7 Julie 1905" - Die titel van die artikels was: "Amsbroeders naar den Hemel verhuisd" - (In Memoriam). Volgens Prof. S.P. Engelbrecht was hierdie skrywer Ds. E.Z.J. de Beer wat in Pietermaritzburg was vanaf 1904 tot 1907.
- 23.) De Vereeniging. 1 Junie 1905. Deel IV: No. 24. pp.6 - 7.

Nog 'n baie insiggewende voorval word ons verhaal deur dieselfde skrywer tydens reeds genoemde besoek. Die gesprek het gegaan oor 'n sekere sendeling, wat die seun was van 'n Engelse sendeling, maar 'n Hottentotmoeder. Huet sê dat dit hom erg ontstel wanneer hy sien hoedat hierdie sendeling deur die blankes met minagting behandel word. Die gasvrou se antwoord aan Huet was dat dit tog jammer is dat die genoemde sendeling met 'n blanke en nie met 'n nie-blanke meisie getrou het nie.

"Ds. Huet, oogen schoten vuur en hij siste het uit, dat S.S. meer dan menig, tien mannen waard is en vrouwen ook.. Daar hadt gij H. nu zoo recht aan zijn minder gunstige zijde. In de kunst der wellevendheid stond hij niet hoog, gelijk het ook hieraan te zien was, dat hij zijne gastvrouw van wie hij herbergzaamheid in den hoogsten graad genoot zoo onkiesch kon toespreken."

Uit hierdie episode en uit sy kennis van sy ou vriend oordeel die skrywer dan ook dat Huet "een zeer sterk jammerhart had voor de bruinen en de zwarten. Hij had het zich in het hoofd gezet dat wij Afrikaners, allen die niet van onze kleur zijn, verachten, mishandelen en vertreden. Hij had in dezen aan de voeten der Exeter Hall mannen gezeten. Maar hij meende het dan ook werkelijk en zoo is het te verstaan dat hij zoerecht innig gevoelde voor een ras dat, wild, zwak en weerloos, zooals hij dacht, bloedneus werd geslagen zooals hij al weder dacht, door een ras dat beschaafd, sterk en overheerschend was." 24.)

Uit hierdie "In Memoriam" oor Huet blyk baie duidelik dat die skrywer Huet persoonlik baie goed geken het. Aan dié kennis wat ons meegedeel word kan ons dus waarde heg en so word ons gehelp om die eksentrieke Huet beter te leer verstaan. Huet kon soms baie eienaardig handel soos uit die volgende aanhaling duidelik blyk. Skrywer en Huet was een nag op pad en moes oornag in 'n boerewoning. "Doch zie nu, daar kreeg mijn mede reisgenoot het in den zin den ganschen avond zwijgend te zitten, stroef en norsch er uit te zien, niets bij te dragen tot de gezelligheid van den avond en dat in een huis waar de hand van vriendelijkheid hem, den vreemdeling, was toegereikt."

Huet was baie maklik beïnvloedbaar. Sy neiging om "te spoedig in te zien voor hij nog inzag, menende overtuigd te zijn waar hij nog slechts aangedaan was," het hom maklik in uiterstes laat verval en in wisselende oortuigings. As bewys hiervan dien die volgende aanhaling uit "De Vereeniging" van 29 Junie 1905: "Hij lees John Fletcher's boek (Wesleyaan) Fifth Chech to Antinomeanism, en na eenige uren lezens was hij volbloed Perfectionist." 25.)

Soos

24.) De Vereeniging - 15 Junie 1905 - Deel IV, No.25, p.9 - 10.
25.) De Vereeniging - 29 Junie 1905. p.5.

Soos reeds vermeld was Huet later in sy lewe jammer oor sekere dinge wat hy geskrywe het. Hieroor skrywe die outeur van sy "In Memoriam" as volg: "Toch heeft hij later alles teruggetrokken en beleden dat hij gedwaald had. En dat kon hij ook weer zoo schoon, met zoo lieflijke openhartigheid, met zoo aanvallig berouw en onbewimpelde zelf-veroordeling" doen. 26.) Selfs hierdie apologie wat hy die Boerevolk aangebied het kon hom nie weer in die agting van die publiek herstel het nie.

Hoewel druk besig, het Huet hom ook nog besig gehou met sendingwerk. Op 17 Julie 1856 dien hy 'n sendingverslag in by die Schriba van die Sinodale Sendingkommissie, Ds. S.P. Heyns. Hierdie verslag het op die 24 September 1856 voor die "Commissie van Zendingwezen der Nederduitsche Hervormde Kerk in Zuid-Afrika" gedien. Uit die aanhef van hierdie interessante verslag blyk dit dat "Zijne Excellentie de Gouverneur mij voor mijn vertrek naar Aliwal bij sich heeft ontboden, en mij de taak heeft opgedragen om te onderzoeken of er mogelijkheid bestond om een zendingwerk te beginnen onder de Rebel-Hottentotten van Katrivier, thans verspreid onder de kaffers, voornamelijk in het land van Kreli. Zijne Excellentie gaf den wensch te kennen, dat die zending zoude uitgaan van de Gereformeerde Kerk ... en beloofde in dat geval, in tegenwoordigheid van den Eerw. A. Faure den noodigen geldelijken onderstand".

Uit hierdie verslag blyk dit dat die Hottentotte baie verspreid was en hulle lewensonderhoud verdien het deur bosse in Suurberge te saag. Indien 'n sendeling kon kom, sou hy hulle heel moontlik kon saamtrek.

Huet het ook 'n verslag aan die Gouverneur gestuur en hom voorberei dat die Sendingkommissie geld aanvra vir hierdie werk. Huet beveel by die kommissie, sy vriend Steller aan as sendeling aangesien hy, "van een onverskrokken karakter(is) en reeds gewoon voor gekleurden godsdienst te houden." Huet was ook alreeds met hom in aanraking gewees en hy het ingewillig om te gaan indien die Sendingkommissie hom sou vra.

Die gevolg van hierdie verslag was dat die sendingkommissie aansoek by die Goewerneur gedoen het vir £100 per jaar. Die antwoord is alreeds op hierdie vergadering van die 24 September gegee nl. dat dit die Goewerneur sou behaag om die skenking te doen afwagende die antwoord van die Hottentotte of hulle nog daar langer gaan bly en of hulle hul elders wil gaan vestig. Hier loop die onderhandelinge skynbaar dood. 27.)

Gedurende

26.) De Vereeniging, 15 Junie 1905; p.10.

27.) D.K.B. 27/9/1856. p.317. "Ds. Huet heeft het op zich gelieven te nemen, om huisgezinnen die van de kerkplaats afgelegen zijn, te bezoeken en voor dezelve te prediken Hij gafde versekering mijders dat het hem zeer aangenaam zal zijn de Commissie berigten te zenden van zijne werkzaamheden als reizende godsdienstleeraar" (Hierdie vergadering is gehou op 24/9/56.)

Gedurende Huet se dienstryd te Aliwal-Noord kon Ds. J.Murray, wat toe sy konsulent was, hom spreek oor 'n saak wat deur Kerkraadslede van Aliwal-Noord by hom aanhangig gemaak is. Die gesprek tussen die twee ampsbroeders het soos volg verloop: Ds. Murray: "Huet, de Kerkraadsleden zijn zoo even bij mij geweest om mij daarover te raadplegen, dat gij de gemeente gisteren met uwe preek zeer opstandig en toornig hebt gemaakt." (Dit was 'n sendingboodskap.)

Ds. Huet: "Och, dank de Heer, dat de gemeente van Aliwal-Noord toch nog toornig kan worden."

Ds. Murray: "Nee, gij zijt niet te prijzen over den toon van uwe preek. Ik zie kans presies hetzelfde te zeggen en toch niet dien aanstoot te geven." 28.)

Dit was die les van 'n ouere predikant aan sy jongere kollega. Moontlik het hierdie les ook daartoe bygedra dat Huet later spyt gekry het oor sekere van sy uitlatinge.

Intussen het Huet vanuit Aliwal-Noord ook aansoek gedoen om aangesel te word as huweliksbevestiger. In sy skrywe meld hy dat by die eersvolgende Sinode in 1857 hy sekerlik as predikant georden sal word. Deur die Koloniale Sekretaris is dan ook toestemming verleen indien daar geen Kerklike bepalings is wat dit mag verhinder nie. 29.)

Soos reeds gemeld was Huet onophoudelik besig om die gemeente te bearbei. Tenspyte van sy drukke werksaamhede vind hy ook nog tyd om 'n besoek af te lê aan een van die Franse Sendingstasies wat naby Aliwal-Noord geleë was, nl. Hebron. Die sendeling hier was Eerw. Cochet. 30.)

Die Landdros van Aliwal-Noord en sy seun het Huet op hierdie reis gedurende September 1856 vergesel. Tenspyte van sewe maande knellende droogte was die veld nog besonder mooi, en die wild wat in hulle duisende aangetref is, was vir Huet net iets te wonderliks. Op Hebron is hulle ontvang en kon Huet weer soos van ouds met sy kollega hulle "geliefde Franse" taal praat.

Die belangrikste rede waarom Huet hierdie en ook latere besoeke aan die Franse Sendingstasie gedoen het," was de hartelike liefde, die ik reeds als kind voor het zendingwerk gekoesterd heb." 31.)

Huet

28.) De Vereeniging; 29 Junie 1905. p.4.

29.) (i) S3¹/₅ p.365. Brieven aan de Actuarius Synodi 1853 - 1857. Brief van Huet dateer 20/5/1856 -(K.K.A.)

(ii) Antwoord op hierdie brief van Huet word op 20/6/1856 gegee.

(iii) Op 24/6/1856 vra die Koloniale Sekretaris aan die Actuarius of Huet 'n "gekwalfiseerde Evangeliedienaar." is.
(Hierdie navraag geskiet nadat toestemming verleen is.)

30.) Eerw. Cochet en Fredoux het saam in 1846 na Suid-Afrika gekom; Pellissier p.372.

31.) Elpis, Deel I 1857: p. 149.

Huet se ideaal en begeerte tot die sendingwerk is aangesteek deur die sendeling Lacroix, uit Hindostan, wat in Holland by 'n sekere geleentheid opgetree het en onder sy gehoor was ook die jonge Huet wat kom luister het. Die verhaal van Lacroix het Huet so diep getref dat hy "eene brandenden wensch" in hom gevoel het, "om insgelijk het Evangelie onder de heidenen te brengen." Weinig het hy kon dink dat daardie droombeeld van sy jeugjare verwesenlik sou word en dat hy wel nog eendag onder die heidene sou kon optree. Ook het hy gedurende sy jare van onverskilligheid na die voortreflike Casalis uit Basutoland geluister, min wetende dat hy nog eendag onder dieselfde dak, in dieselfde sendingveld saam met Eerw. Casalis die Woord van die Here sou kon verkondig.

Gedurende 1854 moes Cochet sy stasie verlaat, a.g.v. die onrustige toestande tussen die Basutoes en die Boere. Sodra die toestande weer meer gunstig was het hy teruggekeer en begin met die opbou van die verwoeste kerk en huis. Alhoewel die stasie self 'n armoedige indruk maak het, was daar 'n pragtige bergkloof begroei met lieflike bome wat aan hierdie minsbedeelde sendingstasie tog 'n aantreklike voorkoms gegee het.

Alhoewel Huet nie bekend was met die inboorlingtaal nie het hy tog op aandrang van Eerw. Cochet 'n Godsdiensoefening waargeneem wat hom verseker het dat die wat wel verstaan die boodskap aan die ander sou oorvertel. Oor hierdie geleentheid skrywe hy: "Het is mij altyd eene behoefte geweest, om voor de gekleurden te prediken. Toch moet ik bekennen, dat het gevoel van mij niet verstaanbaar te kunnen uitdrukken, voor mij een groote hindernis is in het preken tot hen." 32.)

Nadat die reisgeselskap al die besienswaardighede in en rondom die sendingstasie besigtig het keer hulle terug na Aliwal-Noord. Huet belowe Cochet om so gou moontlik weer 'n besoek te bring en stel in vooruitsig April 1857. 33.) By daardie geleentheid wil hy dan nie net die ander Franse Sendingstasies besoek nie, maar ook die Transvaalse Republiek .. Aan hierdie reisplan kon Huet eers in Junie 1857 uitvoering gee. 34.)

32.) Huet. p.68 - 70.

33.) D.K.B. 25/4/1857. "Bij die jongste Avondmaalsviering deel Huet mee dat hy langer in Aliwal sal bly, overeenkomstig den wensch der gemeente!"

34.) D.K.B. 20/6/1857; p.304: Aliwal-Noord 11/5/1857 - Ik ben voornemens om met den Predikant van Bloemfontein in het begin van die volgende maand, een reis naar Lijdenburg te ondernemen. Hierdie reis is eers aan die begin van Junie 1857 onderneem.

HOOFSTUK VI

HUET SE REIS DEUR BASOETOLAND EN DIE ORANJE - VRYSTAAT.

Huet was alreeds besig om voorbereidings te tref vir sy reis na Basoetoland, toe Ds. Murray van Bloemfontein hom vra om saam met hom die "Overvaalsche Republiek" te gaan besoek. Huet was hiertoe gewillig en die afspraak was dat hulle mekaar in Winburg sou ontmoet. Net voordat Huet sou vertrek ontvang hy per brief berig dat hulle voorgenome reisplanne in duie gestort het as gevolg van 'n reigende Burgeroorlog tussen die Transvaalse en Vrystaatse burgers. 1.) Hierdie onenigheid het later uitgeloop op die bekende Renosterrivierveldtog. 2.)

Op Sondag 24 Mei 1857 neem Huet afskeid van sy gemeente te Aliwal-Noord na aanleiding van die teks uit Jer. 9: 1. 3.) Maandag begin hy sy voorgenome reis na Winburg maar besluit om eers die sendingstasies in Basoetoland te besoek.

Die eerste aand oornag hy by 'n sekere boer, "den heer P." Hier was 'n aantal boere byeen en hou hy vir hulle die aand 'n diens. Die volgende môre na godsdienis verlaat hy sy gasheer om dieselfde dag by "den Veldkornet van R," twee dienste waar te neem wat hy al lank van te vore vir die dag daar gereël het. Die opkoms was besonder goed en Huet kon van veel seën op sy boodskappe melding maak. 4.) Teenoor sy gehoor was hy baie krities want die volgende aanmerkinge kom uit sy pen: "De onkunde is zeker medelijdenswaardig, maar zij is niet verontschuldigbaar, daar velen geenzins van middelen ontbloot zijn en de omstandigheden waarin zij zich bevinden, hoe ongunstig ook, hun toch wel zouden vergunnen om te leeren lezen, zij is onverontschuldigbaar vooral hierin, dat zij de meesten met een openbaar goddeloos leven van vloeken, drinken enz. gepaard gaat." 5.)

Teen sonsondergang van dieselfde dag span hy uit by die sendingstasie BEBRON. Soos reeds vermeld het Huet hierdie stasie vroeër besoek. Na die uiterlike het hierdie stasie nog maar 'n baie swak indruk op hom gemaak. Nie net die gebou wat as Kerk diens moes doen nie, maar ook die huis van Eerw. Cochet" zijn uitermate onaanzienlijk." Nadat Huet sy besoek aan die sendingstasies voltooi het, en sy reisjoernaal skrywe, besluit hy dat, "van al de Fransche sendingstatiën is deze, meen ik, de minst gelukkige." Aangesien hierdie sendingstasie op die grens geleë was van die gedeelte grond wat deur die Basoeto's betwis was, is daar baie beeste en perde deur hulle gesteel en die het aanleiding tot onophoudelik twiste sodat Mosjesj selfs sy seun Nehemia daarheen gestuur het om die verhouding tussen die boere en inboorlinge te probeer verbeter. 6.)

Hierdie

-
- 1.) Huet. p.77.
 - 2.) Van Jaarsveld: p.196.
 - 3.) Jer.9:1. "Ag was my hoof maar water...."
 - 4.) Huet. p.78.
 - 5.) Elpis, 1859: p.22. "Over het reisjournaal van den Heer P. Huet."
 - 6.) Elpis. p.152. Volgens Huet het die verblyf van Nehemia die verhouding, "veel verbeter."

Hierdie betwiste grondgebied se geskiedenis gaan sover terug as 1815 toe van die koloniste in tye van droogte met toestemming van die Kaapse Regering oor die Oranje-rivier getrek het op soek na weiveld. 7.) Hierdie Noordwaartse beweging het ook vertak in 'n suid-oostelike rigting en opgegaan in die gebied tussen die Oranje- en Caledonrivier, wat onbewoond was. Op hierdie grondgebied het Mosjesj aanspraak gemaak en toe die koloniste dit hoor het hulle op hulle beurt sy toestemming gevra om daar te mag bly. Mosjesj, diplomaat soos hy was, het dadelik gesien dat hierdie stuk grond omskep kan word in 'n bufferstaat tussen hom en sy Korannavyande. 8.)

Die aansoek van die Boere vir hierdie besondere grondgebied is deur Mosjesj of deur een van sy opperhoofde aan die Boere gegee op eg inboorlingwyse tw. "vir hulle kinders se kinders", wat in werklikheid beteken "vir altyd". 9.) Op hierdie grondgebied is aanspraak gemaak toe die getal Boere in hierdie gebied al hoe meer geword het. Mosjesj het ontken dat hy hierdie grond ooit aan die Boere gegee het aangesien dit volgens hom deel gevorm het van sy voorouerlike domein. 10.) Toe die Boere nou as hulle eie regter begin optree het die onverkwiklike stryd tussen die koloniste en die Basoeto's begin. In hierdie stryd het die Franse sendelinge ook hulle aandeel gehad het sy goed het sy minder goed.

Skynbaar was die arbeid van Eerw. Cochet vir 'n lang tyd sonder enige gevolge maar allengs het die belangstelling toegeneem in die klasse vir geestelike onderrig sowel as in die bywoning van die dienste. 11.)

Na die verposing te Hebron word die reis op Donderdag 28 Mei hervat. "Het was een koude, gure dag. De velden met lang, uitgedroogd geel gras bedekt, hadden een onbeschrijfelijk droewig uitzien. Het waren naakte eenzaamheden, slechts hier en daar afgebroken door eene armoedige Basoetokraal, vaal als de miershoopen en levenloos als de rotsen, die dezelve omringden." 12.)

By een

-
- 7.) v.d.Merwe, Dr. P.J. Die Noordwaartse beweging van die Koloniste. pp. 279 - 304.
- 8.) Grobbelaar, p. XVI. "Mosjesj not only encouraged but invited the Boers to locate in the vacant country, so as to form a barrier or protection against the inroads of the Korannas."
- 9.) Dit is 'n Basoeto-uitdrukking wat beteken, "vir altyd".
- 10.) Grobbelaar, p. XVII: Mosjesj het dit as volg uitgedruk: "dat die uitgif van die grond dieselfde was as 'n melk-koei wat hy hulle gegee het maar wat hulle nie mag verkoop nie. Die grond is slegs aan hulle geleen."
- 11.) D.K.B. 7/11/1857. p. 383. Conferentie der Fransche Broeders uit het Basutoland ontvang en voorgelees tijdens Synodale vergadering in die Kaapse Kerk. Verslag i.v.m. Cochet en sy werk te Hermon, onder andere is opdrag gegee om Kerk te vergroot aangesien die toehoorders te veel is.
- 12.) Huet. p.80

By een van die naturellestatjies klim hulle af en terwyl hulle daar vertoef kom ons digtersvriend, so onder die bekoring van die natuurkinders dat hy hom die volgende laat ontval; "Zij omringden mij, met blikken van verbasing my aanstarende. Ik deelde onder de ouderen snuif uit, en onthaalde de kinderen op stukjes brood. Het waren lieve kindertjes ... een jongskens, dat met zijne bevallige bewegingen met zijne ivoorwitte tanden en vriendelijk lagschende kuiltjes in de wangen, wel het beminnelijkste kind was, dat men zien kon. Ik houd van kafferkinderen. Althans ik zie ze duizendmaal liever, dan die smakeloos opgesierde verschijnsels, die men in onze "parks" ziet wandelen en ook kinderen noemt!"

Aangesien Huet bemerk het dat daar van hulle is wat 'n weinig Nederlands verstaan, maak hy van die geleentheid gebruik om hulle van Christus te vertel. Dit was vir hom net 'n wonderlike ondervinding want, "in het midden eener Heidenwêreld zat ik daar, juist zooals ik mijzelven eenmaal, kind zijnde, gedroomd had."

Na hierdie verposing word die reis voortgesit deur Jammerdrift wat op 'n afstand nogal 'n baie goeie indruk gemaak het, maar van naby was die huise, "smerig en vervallen, en de Bastaards, die dezelve bewoonde, maakten met hunne roodgeschilderde aangezichten een zeer onaangename vertooning." 13.)

Nadat hulle 'n poort deurgegaan het kon hulle die netjiese en aantreklike sendingstasie Hermon sien. Hier het Eerw. H.M. Dyke gearbei en Ds. Huet met ope arms ontvang. Uit 'n brief gedateer 29 April 1852 blyk dit dat H.M. Dyke deur die Ned. Geref. Kerk in sy amp bevestig is. Hierdie samenwerking tussen die Ned. Geref. Kerk en die Franse Sendelinge is deur hulle baie waardeer. 14.) Eerw. Dyke was ook 'n broer van Mevr. Casalis en hulle het saam op Hermon gewerk. 15.) Hier het Huet langer vertoef as wat hy van plan was om te doen, maar sy rede was dat hy baie geïnteresseerd was in die "Bastaards, eene vermenging van het Europeesche ras met het Hottentotsche!" Tenspyte van die feit dat hulle al jarelank op die sendingstasie woon, gereeld na die Evangelie luister, bly hulle maar baie agterlik. Hulle grootste swakheid is drank, en hulle wil daarvan net nie afsien nie. "Het koren, dat zij in groote hoeveelheid winnen, verruilen zij bij handelaren en boeren tegen brandewijn!" 15a)

Selfs

13.) Elpis, Julie 1857. p. 154.

14.) Pellissier. pp. 418 - 419. Brief van S. Rolland, Carmel, 29 April 1852.

Vgl. ook du Plessis. p. 318.

15.) du Plessis. p. 314.

15a) Huet. p. 82.

Selfs die drankverbod wat Mosjesj in 1854 in Basoetoland ingestel het, het nie veel gehelp nie. 16.) Eerw. Dyke is later saam met enkele ander sendelinge deur die Vrystaatse Volksraad van hulle sendingstasies weggeneem. 17.)

Vrydag, 29 Mei kom Huet op Morija aan alwaar Eerw. Maeder werksaam was. Hierdie sendingstasie was die eerste wat gestig is 24 myl suid van Thaba Bosiu in 1834, deur die Franse Sending. Die eerste bouwerk is gedoen deur Gosselin aangesien sy twee kollegas, Casalis en Arbousset maar baie min van hierdie dinge geweet het. Die volgende interessante mededeling word gedoen i.v.m. hulle verblyf aldaar: "Their abode was soon ready for occupation, and was taken possession of with every token of joy and admiration by the men who had spent so many months in wagons. On the first evening they decided to illuminate their wattle-and-daub cabin with one of their little stock of candles, and this candle, strange to say, appeared to the wondering natives one of the most marvellous of all the white man's inventions. "They were never weary," says Casalis, "of coming in the evening to contemplate this charming little tongue of fire which was sufficient to light our apartment." 18.)

Mosjesj het Morija nooit besoek nie maar wel sy twee seuns opdrag gegee om daar te woon en om sy onderdane aan te moedig om Kerk-toe te gaan. Na vier jaar het Casalis Morija verlaat en op Thaba-Bosiu gaan woon. Hier het Casalis nogal baie seën op sy werk ondervind aangesien daar soms tot 400 mense op 'n Sondag in die Kerk was. 19.) Casalis het deur die jare 'n baie groot invloed op Mosjesj gehad en lg. se algehele vertroue weggedra. Hy was Mosjesj se raadgewer, nie net alleen t.o.v. binnelandse-maar ook buitelandse-betrekkinge. In ons hedendaagse taal kan ons sê dat hy Mosjesj se Minister van Buitelandse sake was. Dit is ook baie duidelik dat J.M. Orpen baie reg is wanneer hy sê dat geen ander sendeling op Mosjesj so 'n groot invloed gehad het as Casalis nie. 20)

Wanneer

-
- 16.) Basutoland Records. p. XVI. Vgl. Drankverbod in Basoetoland deur Mosjesj in 1854.
- 17.) du Plessis. p. 317: The reasons which were adduced for this act of unwisdom and injustice towards the missionaries were that they had not confined themselves in political affairs, and so were proving a menace to the interests of the Free State. p.318; 46 sendelinge is van hulle stasies verwyder.
- 18.) du Plessis. pp. 192 - 193.
- 19.) du Plessis. pp. 196 - 197.
- 20.) Orpen. J.M. History of the Basutos. Kaapstad. 1858. p. 364.
 Casalis het op Mosjesj 'n invloed gehad wat geen ander sendeling ooit besit het nie.
 vgl. Pellissier p.433 - 4 waar 'n brief van Mosjesj aan Casalis verskyn. (Vertaal uit oorspronklike Frans.)

Wanneer Huet nou hierdie stasie besoek is Eerw. Maeder in bevel. Hulle is besig om 'n nuwe kapel te bou en gevolglik moes Huet in die buitelug 'n diens hou. Eerw. Maeder tree op as tolk en vertel aan die Basoeto's dat Huet uit Holland afkomstig is. Baie interessant is die beskrywing wat Huet gee nadat Eerw. Maeder dit aan hulle meegedeel het. Hieruit blyk dit ook baie duidelik dat ons vriend so maklik tot gevolgtrekkings kon geraak, sonder dat hy werklike grond daarvoor gehad het. Ook vind ons hier soos elders die bevooroordeeldheid teenoor die koloniste. "Toen de heer M. hun verhaalde, wie ik was, en dat ek uit Holland kwam, uit hetzelfde land, vanwaar de Boeren afkomstig zijn, verwonderden zij buitenmate en konden het nauwelijks gelooven, dat uit hun (die Boere se) land een Evangeliedienaar komen konde." 21.

Hiervandaan gaan Huet in geselskap van een van Mosjes se seuns, Sophonie, na Thaba-Bosiu. Na vier uur kry hulle Thaba-Bosiu in gesig en eerlank was hulle in die huis van Eerw. Jousse. Soos reeds verhaal was Eerw. Casalis die stigter van hierdie sendingstasie aan die voet van "die berg van die nag." 22.) Eerw. Jousse was die opvolger van Eerw. Casalis wat aangestel is as Assistent-Direkteur van die Franse Sendinggenootskap in Parys. 23.) Hierdie ontmoeting tussen Huet en Jousse het e.g. se gedagtes teruggevoer na agt jaar gelede to hy nog in Amsterdam woonagtig was. Hy hoor toe dat daar in die Frascati-saal 'n Franse sendeling uit Afrika sou optree. Huet het gaan luister en by die deur met 'n baie onsimpatieke houding gestaan en luister asof die sending hom nie in die minste raak nie. Sewe jaar later ontmoet hulle mekaar in Kaapstad en nou weer in Jousse se eie huis. „Toen was ik zijn broeder geworden. Ik kreeg hem, in weinig tijds, hartelijk lief." 24.)

Hier was ook nog werkzaam Dr. Lautre as geneesheer. Aan huis was ook nog Eerw. Logegaraij wat vroeër priester was in die Roomse Kerk te Pietermaritzburg, maar later oorgegaan het na die Protestantse Kerk. Huet het in hom nie net 'n tydgenoot gevind nie maar ook 'n kollega wat op simpatieke wyse sy opinie t.o.v. die Boere deel. Hy en Huet het die aand 'n samespreking gehad oor toestande in die „Zuid-Afrikaansche Republiek", waarvan Logegaraij as gevolg van sy reise deur die land dan ook volgens Huet 'n goeie insig moes gehad het. Eerw. Logegaraij „verhaalde ons schrikkelijke dingen van den handel in Kafferkinderen aldaar in zwangen, van de mishandeling der zwarten." 25.)

Die

-
- 21.) Huet. p. 83.
 22.) Elpis, 1957, p.158. Sophonie was een van die 80 seuns van Moshesh en lidmaat van die sendingkerk te Morija.
 23.) Pellissier. p. 463.
 24.) Huet. p. 83.
 25.) Elpis; 1957, p.159.

Die volgende dag was Pinksterfees en sou Huet die Nagmaal-
 diens waarneem. Toe die tyd vir die diens aanbreek het daar van alle
 kante inboorlinge nadergekom. Baie het eers die "Moruti" (leraar) kom
 groet. „Het waren oude vrouwen netjies uitgedost in eenvoudige
 Europeesche kleeding, of in zindelijke wolkombersen, (wollen dekens)
 gewikkeld, die mij de hand kwamen geven ... Het waren deftige Kerk-
 raden, met insgelijks geheel of gedeeltelijk Europeesche kleederen, en
 verder eene groote menigte van verschillende tooi ... het was waarlijk
 eene feestelijke menigte. De meest belangrijke persoon echter was het
 groote Basoeto opperhoofd Mosjesj, die, gevolgd door zijnen hofstoet, den
 berg afklom om de godsdienst bij te wonen ... Het gebouw bevat ongeveer
 500 zitplaatsen en was geheel vol."

Na afloop van die diens het Mosjesj saam na die sendeling se woning
 gegaan en met hulle die middagmaal genuttig. 26.)

Voordat Huet op Maandagmôre, 1 Junie, die stasie verlaat, woon hy
 eers nog 'n byeenkoms van 'n dertigtal doopkandidate by, wat besig was om
 hulle as lidmate voor te berei. Hulle moes vir 'n sekere tyd geestelike
 onderrig ontvang en dan onder toesig van die Kerk 'n proeftyd deurmaak.
 Nadat Huet hulle toegesprek het word een van hulle gevra om met gebed
 te sluit. Al het Huet geen kennis van die taal gedra nie het hy so onder
 die indruk van die oomblik gekom dat hy die volgende beskrywing gee van
 sy ervaring:

"Ik weet niet of het aan vooringenomendheid te wijten zij die
 mij alles van de fraaiste zijde deed beschouwen, dog, hoe geheel anders
 (en waarkijk niet tot ons voordeel) is het in onze gemeenten. Hoe
 ontsteld zouden onze catechisanten staan, indien de predikant het hun
 eens oplegde om in het openbaar te bidden."

Aangesien dit intussen begin reent het, moes hulle hul voorgenome
 besoek aan Mosjesj uitstel tot Dinsdag. Na 'n baie moeilike voetpad te
 volg word hulle ryklik beloon toe hulle bo-op die berg kom. Hier het
 hulle 'n baie interessante onderhoud met Mosjesj gehad. Tenspyte van sy
 meer as sestig, was hy nog baie sterk en buitengewoon skrand. Sy huis
 was niks besonders nie en soos Huet dit beskrywe, „niet beter dan eene
 boerewoning van de smerigste soort." 27.

Dit is hierdie wyse van uitdrukking waarmee Huet soveel kwaad
 gedoen het en die Boere teen hom gekant gemaak het.

Na die besoek aan Thaba-Bosiu besoek hy die sendingstasie Berea.
 Hierdie stasie is gestig deur Eerw. J. Maitin en hier het Mosjesj in
 1852 Gen. Gathcart met die „slag van Berea," verslaan. 28.)

Tenspyte

26.) Elpis, 1857. pp. 159 - 162.
 27.) Elpis, 1858. pp. 162 - 165.
 28.) Pellissier. p. 339 - 344.

Tenspyte daarvan dat Mosjesj die oorwinning behaal het, het hy diplomaties genoeg 'n baie mooi brief aan Gathcart geskrywe en daarin die hoop uitgespreek dat hy sy mense vir die toekoms in toom sal hou. Dit was maar net een van die baie mooi voornemens waarvan niks tereg sou kom nie. Mosjesj skrywe: "You have shown your power, you have chastised, --- let it be enough, I pray you; and let me be no longer considered an enemy to the Queen. I will try all I can to keep my people in order in the future." 29.)

Op hierdie stasie het Eerw. Maitin nege jaar gewerk sonder dat een enkele inboorling sig by die kerk kom aansluit het, of tot die Christendom oorgekom het. Gelukkig dat daar later 'n kentering ten goede gekom het en die vrug op die jarelange arbeid nie uitgebly het nie. Eerw. Maitin was ook besig om aan 'n vertaling van die Ou Testament te werk en het tydens Huet se besoek nog net die boek Psalms voltooi gehad. Ons kan begryp hoedat die vertaling gepaard gegaan het met baie taalprobleme. 30.)

Wanneer Huet op 4 Junie afskeid neem van Berea word hy vergesel deur Maitin tot aan die oewers van die Caledonrivier. Hiervandaan was dit maar baie kort na die stasie MEKUATLING naby Ficksburg. 31.) Hierdie stasie het tot stand gekom deurdat 'n sekere stam, wat bekend was as die Bataung en ook soos andere baie moes ly onder die aanvalle van Moselekatse, hulle as vasalle van Mosjesj naby Thaba-Bosiu kom vestig het. Die Franse sendeling, Eerw. F. Daumas, wat oorspronklik na Motito moes gaan, word op aanbeveling van die sendelinge wat alreeds in Basoetoland is, gevra om hulle te kom help onder die Bataung. So kom tot stand die stasie Mekwatling. 32.) Huet sê dat hierdie stasie "van alle Fransche statiën ongetwijfeld de pittoreskste is die ik gezien heb." Toe Huet hier besoek aflê, was Eerw. Keck in die plek van Eerw. Maitin behulpsaam aangesien Maitin al drie jaar siek was. 33.) Uit 'n brief van Eerw. Pellissier uit Bethulie gedateer 12 Julie 1858, blyk dit dat Daumas tydelik woonagtig was te Burgersdorp. 34.) Die algemene toestand van sake op die stasie word kensketsend deur Huet beskrywe in die volgende woorde. „Hier zat een aantal rondgehurkt om een versch geslacht schaap; ginds waren er eenigen bezig met beestenhuiden te bereiden, of met matwerk te vlechten; elders lag een troep in volkomen ledigheid op den grond nader." 35.)

Nadat

-
- 29.) Brief aan Gathcart dateer 20/12/1852. aangehaal deur du Plessis. p. 311.
 30.) Huet. p.91. Vgl. Elpis, 1858, p.165 - Zij waren bezig met het vertalen van het Oude Testament, waarvan tot nutoe slechts de Psalm in het Sasuto overgezet waren,
- | | |
|------|----------------------|
| 31.) | Pellissier. p. 249. |
| 32.) | Pellissier p. 297. |
| 33.) | Elpis, 1857. p. 168. |
| 34.) | Pellissier: p. 454. |
| 35.) | Huet. p. 92. |

Nadat sy gevolg hier versterk is met 'n aantal Basoeto's en onder andere ook 'n kaptein met die naam David, asook twee blanke persone wat hom al van Wittenberg gevolg het, vertrek hulle op hul laaste skof na Winburg. 36.)

Voordat hulle Winburg bereik het, het hulle nog eers deur 'n verlate sendingstasie, MERUMETZU gegaan. Dit was hier waar Eerw. van Soelen, wat later landdros van Bloemfontein was,³⁷⁾ die Korannas bearbei het. Vanweë die teenstand teen die sending; die baie moeilikhede en probleme, „waarmede het zendelingslewen gepaard gaat," het hy toe maar later besluit om die sendingveld vaarwel toe te roep en 'n betrekking in die Staatsdiens te aanvaar.

Die geselskap was weldra die bergland uit „en in de vlakten gekomen. Grootte troepen wilde beesten, springbokken, blesbokken holden woesten vaart ginds en herwaarts, en maakten afleiding in het anders wanhopig eentoonige dier uren en uren lange velde met niets dan geel, uitgedroogd hooi bedekt." 38.)

Toe hulle die grenslyn tussen Basoetoland en die Vrystaat bereik, het hulle by die eerste Boerewoning wat hulle aantref afgesaal. „Ik ging binnen, en zelfs David, in zijne hoedanigheid van Kaptein, werd niettegenstaande de zwarteheid zijner huid vergund om het huis binnen te komen. Het was een groot gebouw, uit slechts een vertrek bestaande, doch waarin, door middel van eenig rietwerk, twee afdeelingen, de woon- en de slaapkamer gemaakt waren. Er waren drie openingen in het huis, waarvan eene tot ingang, en de twee andere tot vensters dienden. In geval van sterken regen of wind bedient men zich in zulke woningen van een kussen, waarmede men bij gebrek van vensterramen of luiken, de opening toesluit. Er was geen schoorsteen. Midden in het huis hing het bloedend, tillend overschot van een wildebeest. Daarnewens stond een groote, woeste knaap, de armen over elkander geslagen, en ons verbaasd aanziende. Naderhand vernam ik dat hij doofstom was. Tegen den muur, bij eene kleine tafel, zat eene dikke vrouw met een norsch voorkomen. Op den grond schreeuwden en speelden twee kinderen, wier smerigheid door geene kafferkinderen kan overtroffen worden. Twee engelsche werklieden, die op hun gelaat de sporen vertoonden van welk genootschap zij geene leden waren, eene groote, volwassene dochter, die nog niet lezen kon, en de bewoner zelve, in dopperskleeding, met hun blaauwe baadjie en opstaanden kraag, voltooiden het toneel dat alles behalve aanlokkelijk was. Waarlijk voor een die uit het heidenland uitkwam was het eene pijnlijke gewaarwording de Christenmensch in zulk eenen toestand aan te treffen. Onwillekeurig kwamen de
 woorden

36.) Wittenberg was die Wesleyaanse Sendingstasie naby Aliwal-Noord, alwaar Eerw. Schreiner werksaam was.

Elpis 1857. p. 156 en 169.

37.) du Plessis, J. Het leven van Andrew Murray.
 (Voortaan A. Murray) p.93

38.) Elpis, 1857. p.169.

woorden der Heilige Schrift mij te binnen. „Het koninkryk Gods zal van u weggenomen worden, en aan een volk gegeven dat zijne vruchten voortbrengt.

Op de tweede plaats echter waar wij aankwamen was het veel beschaafder. De derde was eene goede, nette woning. Kort daarna waren wij in de nabijheid van Winburg." 39.)

Dit is goed te verstaan dat hierdie reisjoernaal van Huet die Boerebevolking seer gemaak het. So bv. het 'n skrywe onder die naam, „Een Kapenaar", in Elpis van 1857 onder andere gesê dat daar wel waarheid in Huet se skrywe is, maar dat dit veel beter sou gewees het, „als hij zich hier en daar zachter had uitgedrukte, en meer zijn gevoel van medelijden met de dwalende had doen blijken." Aangesien Huet in Europa gebore en opgevoed is kon hy, „moeijelijk met den soms zoo diep gezonken en zeer verwaarloosden Kaapschen boer sympathiseren. Boverdien is hij een man in wien het vrome hart zoo warm gevoelt, als de verbeelding krachtig werkt." 40.)

Die dorp Winburg maak op Huet geen goeie indruk nie. „Het dorp leverde een regt melankoliek uitzicht op. Het bestaat uit slechts een klein hoopje huizen en in het midden derzelve eene groote kruiskerk, die evenwel nog niet onder dak is ... Het zag er alles akelig dood uit." 41. In geselskap van Ds. Andrew Murray wat hier vir Huet gewag het gaan hulle na die pastorie van Ds. Dirk van Velden. 42.) Met die bevestiging van Ds. Murray op 6 Mei 1849, drie dae voordat hy mondig geword het, het die Kaapse Kerk as sodanig die bearbeiding van die „Uitgewekenes" aan hom oorgelaat. Met onvermoeide ywer het hy sowel noord as suid van die Vaalrivier lang reise onderneem en die Evangelie na die beste van sy vermoë bedien. So was hy ook konsulent van Winburg, Smithfield en Fauresmith. Dit was dan ook aan Ds. A. Murray te danke dat Ds. van Velden deur hom op 9 Desember 1850 te Winburg bevestig is. Toe die Goewerneur aan die begin van 1850 gedreig het om Ds. van Velden op Harrismith aan te stel, waar daar nog geen dertig siele van die Ned. Geref. Kerk was nie, en Winburg waar daar ruim 3,000 siele was, verby te gaan, was dit onder andere Ds. Murray se sterk vertoë wat die Goewerneur beweeg het om van sy verkeerde voorneme af te sien. 43.) Ds. van Velde was vroeër reeds vir enige jare predikant in België voordat hy in 1849 na Suid-Afrika gekom het. 44.)

Aan die

- 39.) Elpis. 1857. p.170. vgl. ook: My life in Basuto-land, by Eugene Casalis. p.119.
- 40.) Elpis: 1857. p.361.
 Vgl. ook (i) Elpis: 1858. p. 179. „De Heer Huet heeft te veel op de donkere, te min op de heldere zijde van het Boeren karakter gelet--het is dwaas hier te verwachten, wat men in Europa vindt. --- en bij teleurstelling zich in bitteren toon er over uit te laten en de fouten der beklagenswaardige boeren aan de geheele wêreld bloot te leggen."
 (ii) Elpis: 1858. p.178: „Die opname van Huet se reisbeskrywing word in Elpis genoem „als affreuse misdaad".
- 41.) Elpis: 1857. p.170.
- 42.) Elpis. 1857. p.171.
- 43.) Gerdener: p. 60 - 61.
- 44.) Moorrees: p. 750.

Aan die begin van 1837, nie lank na die oorwinning oor Moselekatse, het Hendrik Potgieter die hele landstreek tussen die Vet- en die Vaalrivier vir 42 beeste geruil. Toe die behoefte aan die stigting van 'n dorp al sterker geword het, is besluit om die plaas Waaifontein as dorp te proklameer en uit te lê. Die oorspronklike naam was Wenberg en soos Prof. G.B.A. Gerdener die feite stel, moet hierdie naam verbind word aan die oorwinning van die party wat die dorp op daardie besondere plek wou aanlê. Daar was nogal heelwat uiteenlopende opinies oor waar die dorp juis moes uitgelê word. Winburg, so word dus beweer het niks te doen met die oorwinning oor Moselekatse nie. 45.) Deur die Volksraad word op 16 Januarie 1841 die eerste Kerkraadslede vir Winburg benoem. 46.) In 1853 het Ds. van Velde 'n beroep aangeneem na die gemeente Mooirivier, vandag bekend as Potchefstroom. 47.) Toe Ds. Huet dus in 1857 te Winburg kom is die gemeente vakant en die Pastorie bewoon deur die plaaslike geneesheer, Dr. Poortman. 48.)

Die dorp wat op 'n afstand so doods gelyk het, was in rep en roer want enige oomblik kon die President van die Vrystaat met sy kommando opdaag. 49.) Soos bekend het die onbeholpe, maar origens lofwaardige, poging van M.W. Pretorius om die Vrystaat en Transvaal te verenig in 1857 tot vyandelikhede aanleiding gegee. Aan die Renosterrivier het 'n Vrystaatse- en Transvaalse Kommando teenoor mekaar gestaan, maar gelukkig is 'n geveg op die laaste oomblik voorkom toe Pretorius, Kommandant Paul Kruger, na die Vrystaters gestuur om te onderhandel en vrede te sluit. Op hierdie wyse is 'n bloedige burgeroorlog voorkom. In die daaropvolgende verdrag van Vaalrivier het beide Republieke belowe om mekaar se onafhanklikheid te respekteer. Vir baie Vrystaters het dit egter voorgekom asof hulle staat „gered" is en vandaar die opgewondenheid toe President Boshoff met sy „triumfantelike" kommando in Winburg terugkeer. 50.) Die buitengewone drukte wat Huet in Winburg aangetref het was toe te skrywe aan die samekoms van burgers wat President Boshoff ingewag het op sy terugkoms. Met geweer- en kanonskote is hierdie ekspedisie verwelkom. Huet beskrywe hierdie historiese gebeure: „Het was een kurieus gezigt. Eerst kwamen een honderdtal manschappen, meest hoeren, ongeschoren, haveloos, gezeten op paarden of geraamten van paarden, en gewapend met geweren of pistolen. Daarna kwam het karretje van den President, dat evenmin feestelijk uitzag en mij aan de slede deed denken, waarin

Napoleon van

-
- 45.) Gerdener. p. 24.
 46.) Ons Gemeentelike feesalbum. p.310.
 (Voortaan Feesalbum.)
 47.) Moorrees. p.751.
 48.) D.K.B. 23/2/1938. p.338
 49.) Elpis, 1857. p.171.
 50.) Van Jaarsveld, F. Die eenheidstrewa van die Republikeinse
 Afrikaners (Deel I) (1836 - 1864) pp. 192 - 193.

Napoleon van zijnen Russischen veldtogt terugkwam. En toch was het geene nederlaag maar veeleer een triomftogt. Vervolgens kwam nog eene kar, en daarna een paar ossenwagens, waarmede de eerste trein besloten werd. Saluutschoten knalden; hoera's weerklonken. En daar was reden. Of hadden niet de twee Zuid-Afrikaansche republieken tegen elkander op het slagveld gestaan? Hadden niet de drie honderd dapperen van Pretorius zich op 300 schreden afstands van de zeven honderd van Boshof gewaagd? Waren zij niet van beide zijden tot den aanval gereed geweest? Was het niet door eene wonderbare beschikking der Voorzienigheid dat de lont, die het kanon moest aansteken hetwelk het sein tot den aanval geven zoude, niet branden wilde? En was het niet door dat oponthoud, dat de Transvaalsche burgers den tijd verkregen om hunne witte vlaggetjes (die zij in geval van nood schenen medegenomen te hebben) op te steken en den vrede aan te bieden?... 51.)

Onnodig word die volgende sinsnedes dan by hierdie beskrywing gevoeg: „Wel zegt de kwaaddenkende wêreld dat wanneer de Transvaalsche helden tegen eene ongewapende Kafferkraal opgetrokken geweest waren, welker kinderen hunne begeerigheid opgewekt hadden, zij met meer resolutie zouden bezield geweest zijn..... Doch men behoeft niet alles te gelooven, wat de wêreld zegt. En wat er van dezen ook waar of onwaar zij, de uitslag van den togt was roemvol, het doel bereikt, enzulns (volgens de geliefde uitdrukking van velen) zonder dat er onschuldig bloed vergoten was.“

Hierdie uitlaking t.o.v. die beslistheid waarmee Kafferkrale aangeval word, is net weer daar in geplaas om die boere onnodig seer te maak. Hierdie geskifte is gelees en dit kon nie anders dan 'n kwade invloed hê nie.

Dieselfde aand is daar 'n dankdiens in die Kerk gehou, deur Ds. Murray, waarin die Here gedank is vir die herstelde vrede. Van die leër wat gearriveer het, sê Huet, het hy maar weinig in die kerk gesien. Die rede wat hy hiervoor aanvoer was dat die burgers sekerlik „te moeg“ was om die Here te dank.

Na afloop van die dankdiens was daar 'n groot maaltyd in die pastorie ter ere van die President. Na 'n tydjie by die maaltyd het beide die leraars hulle onttrek sodat hulle hulle kon gaan voorberei vir die dienste van die volgende dag. 52.)

Die

51.) Elpis., 1857. p.171.

52.) Elpis, 1857. p. 171.

Vgl. ook D.K.B. 23/2/1938. p. 337. „Uit die Vrystaat.“
- Uit die reisjournaal van P. Huet.

Die volgende dag, was Sondag en Ds. Huet het die oggenddiens waargeneer voor „eene niet zeer groote gemeente" In die namiddag het Huet soos sy gewoonte was, gepreek oor die verpligtinge van Christene teenoor hul heidense diensbodes. Hy maak ook van die geleentheid gebruik om aan te kondig dat hy begeer om 'n kerkie vir die nie-blankes in Aliwal-Noord te bou en dat hy ook te Winburg graag bydraes wil hê. Slegs twee persone het hier bygedra terwyl 'n derde, Huet kom bedank het vir die boodskap en die bede uitgespreek het dat daar genoeg byeen sal kom vir die bedehuis. Hyself was 'n kerkraadslid maar het niks bygedra tenspyte van die vroom gemoed. Huet sluit sy vertelling as volg af: „Ik zijde hem, dat ik my verblijden zoude wanneer de lieden voor het genoemde doel wat wilden bijdragen. Hij antwoordde mij dat hij vertrouwde dat de Heere daartoe hunne harten bewegen zoude. Hierop hief hij zuchtende zijne blikken ten hemel doch gaf niets." 53.)

Nog 'n ander taak het vir die twee predikante gewag. Ds. Murray nooi Huet om saam met hom na die tronk te gaan alwaar daar drie rebelle, wat in die Vrystaat die Pretorius-party begunstig het, opgesluit was. Hulle was Karel Geere, Pretorius en van Niekerk. Hierdie manne is gevange geneem nadat hulle van 'n besoek aan Mosjesj teruggekeer het nadat hulle, so is aangevoer, Mosjesj wou oorhaal om teen President Boshoff kant te kies en 'n inval te doen in die Vrystaat. 54.)

Dieselfde aand hou Huet 'n diens vir die inboorlinge. Die Kerkraad van Winburg „was liberaal genoeg geweest de vergunning te geven, dat voor hen in het kerkgebouw der blanken zoude geprekeet worden: eene liberaliteit, welke niet overal gevonden wordt." Volgens Huet is sendingwerk „de gevoelige zijde, de Achilles-pees van Zuid-Afrika."

Die diens is bygewoon deur omtrent 'n 50-tal inboorlinge; „Bijkans niet een van hen, alhoewel onder Christenmenschen levende, wist iets van den Heiland. Mijn hart was vol weemoed. Wat zal er van deze armen worden? Ik sprek tot hen, zoo eenvoudig en duidelijk als mij mogelijk was, en gevoelde mij gelukkig, gelijk meestal het geval is wanneer ik voor de ellendigen en verachten der wêreld spreek."

Die

53.) Elpis, 1957. p. 172.

54.) Muller, H. Oude tyden in den Oranje-Vrystaat. p.104.
 „Een sekere burger, genaamd Karel Geer, een Vrijstater, was Transvaalsch gezind; en om Pretorius te helpen de Vrijstaat ten onder te brengen, ging hij met 4 of 5 anderen naar Basoetoland om de Kaffers op te maken om een inval te doen in de Vrijstaat."
 Vgl. ook van Jaarsveld; p. 176.

Die oorspronklike plan van Huet en Murray om ook Lydenburg en Port Natal te besoek het as gevolg van die dreigende burgeroorlog deur die mat geval en al was daar nou vrede was die burgers nog nie tuis nie.

Maandag, 8 Junie vertrek die geselskap na Bloemfontein. Na 'n dag se skof word teen die aand aggesaal by 'n Boerewoning; „het huisgezin bestand uit eenen jongen man, die zich zeer bescheiden voordeed, uit zijne vrouw, eene ongepolijste Afrikaansche, die zonder zich aan het eerwaardige van onze perzonen veel te storen, raasde en praatte al wat haar in het hoofd kwamen. „In diens van hierdie gesin is 'n „Boesmansmeid.“ Sonder om navraag te doen oor die werklike wyse van indiensneming word die volgende uitlating in die reisjoernaal gemaak.^{55.)} (Kensketsend is ook hier van toepassing die woorde van 'n skrywer, dat Huet die neiging gehad het om, „in te zien voor hij nog insag, menende overtuigd te zijn waar hij nog slechts aangedaan was.“) ^{56.)} „Bosjesmanskinderen, heb ik opgemerkt, worden bij de meeste boeren in de Souvereiniteit gevonden. Op welke wijze zij er aan komen is mij niet duidelijk. Sommigen zijn bij hen ingeboekt; anderen zijn er, zonder te weten hoe en zonder ooit tot het begrip te komen dat zij zijn of vrij kunnen worden. Zulks zou misschien nog niet van zoo groot nadeel zijn, indien er in deze omstandigheden eenigzins voor hunne eeuwige belangen zorg gedragen werd.“ Daar is dus volgens Huet geen geestelike versorging nie en om in die tydelike behoeftes te voorsien ontvang hulle, „soms een afgesloten kleedingstuk om hunne naaktheid mede te omhangen, verder harde woorden, en, bij overtreding, sambokslagen is bij velen al het loon dat deze ongelukkigen trekken.“ ^{57.)}

Wanneer

55.) Elpis. 1857. pp.174 - 175. (ii) Vgl. Eene Kudde en Een Herder. pp. 37 - 50.

Huet noem die volgende redes wat gebesig word deur die Boere teen sy „gelykstellingsbeleid“ en teen die sending:

1. Het is een afsonderlike natie.
2. Het is eene andere menschensoort.
3. Er is een nationale tegenzin tusschen Afrikanen en swarten.
4. Er zijn zoo velen die te onwelvoegelijk zijn.
5. De Heer heeft onderscheid gemaakt, en hen in dezelfde kerk te brengen, is gelijkstelling.
6. Geen bastaard mag in de vergadering loomen.
7. Het maakt de dienstboden hoogmoedig.
8. Het geeft aanstoot.
9. Moet'er dan ook niet gelijkstelling in huwelijken zijn? (Elkeen van hierdie argumente word deur Huet ontleed en van 'n antwoord voorsien.

56.) De Vereeniging: 29 Junie 1905. p.6

57.) Elpis, 1857. pp. 175 - 176.

Wanneer ons die beskrywings van Huet lees en sy sienswyses oor die boere, dan vind ons dieselfde in 'n uitlating van een van die Franse Sendelinge, Casalis: "There is generally a lack of expression in their features, owing to the monotony of their existence. But with many there is mingled with this immobility a look of sternness derived from the habit of commanding, whip in hand, their cattle and their negroes." 58.)

Nadat hulle in hierdie huis 'n nie, „te zindelijken avondmaaltijd“ genuttig het en die nag die vriendelikheid van die familie ondervind het, vertrek hulle vroeg die volgende môre. Teen 12 uur bereik hulle die huis van die heer G. alwaar hulle President Boshoff ontmoet op sy terugreis na Bloemfontein. „Kort na onze aankomst kwamen van Bloemfontein de familie van den President, mitsgaders de H.H. van Soelen, Landdrost Roberts, Procureur-Generaal, Collins enz. Na den maaltijd reden wij henen, en og waren wij op geen kwartier afstand van de naby die Vrystaatse hoofstad word hierdie geselskap deur 'n juigende plaats, toen wij ontmoet werden door een aantal inwoners en inwonekkommando verwelkom, ressen van Bloemfontein59.)

In Bloemfontein vertoef Huet enkele dae as gas van Ds. Murray. As sendingyweraar het Ds. Murray self aan die inboorlinge onderwys gegee en sendingwerk gedoen. Later is hy bygestaan deur Eerw. Jaltzmann wat gedeeltelik deur die Berlynse Sendinggenootskap gedeeltelik deur die inwoners van Bloemfontein onderhou is Volgens Huet was dit nog die enigste plek in die Vrystaat waar die Ned. Geref. Kerk sendingwerk doen en die lot van die „gekleurdes,“ deur die blankes help behartig word. „Hetgeen ook niet te verwonderen is, indien men van de een zijde de overmaat van werkzaamheden der leeraren aldaar, en van de andere zijde de vooroordeelen, waarmede men dienaangaande te kampen heeft, in aanmerking neemt.“ Hierdie kort tydjie wat Ds. Huet en Murray saam kon wees is baie gewaardeer en geniet deur laasgenoemde. 60.)

Huet begin

-
- 58.) Casalis, Eugene. My life in Basuto Land.
 (Vertaal deur J. Brierley.) p.75.
- 59.) Malan, J.H. Die opkoms van 'n Republiek. p. 494.
 „R.D. Collins het reeds tydens President Boshoff se administrasie as klerk onder Staatsprokureur A.B. Roberts gedien. Later het Collins in die onderwys gegaan. Roberts en Collins van wie Huet hier aanhaal kan maar net bg. twee persone wees.
 Vgl. ook. Elpis, 1857. p. 176.
- 60.) A. Murray. p. 187.

Huet begin om terug te verlang na Aliwal-Noord, en deur bemiddeling van sy gasheer kry hy die geleentheid om saam met 'n Engelse familie per koets huiswaarts te keer. Dinsdag, 16 Julie vertrek hulle met 'n boer as koetsier. Die koetsier het die perde pragtig versorg, maar „hij schein echter minder teeder van hart jegens zijnen Hottentot." wat maar skamel gekleed was terwyl hyself 'n dik jas aangehad het. Aan die naturel se toestand doen hy ook niks, behalwe om „in sterke bewoording (die echter door onze tegenwoordigheid binnen zekere palen bleven) zijne verontwaardiging te kennen te geven over het misserabele Hottentotsvolk en zwartgoed, die tegen de minste koude niet bestand, en per slot van rekening nergens toe geschikt was ... De Engelsche jufvrou had meer mede gevoel en gaf den bibberenden knaap een warm manteltje van een haren dochttertjes." 61.)

Die eerste aand oornag hulle aan huis van President Boshoff se skoonseun, Donderdag bereik hulle die sendingstasie Karmel, omtrent halfpad tussen Smithfield en Bethulie. Hierdie stasie onder toesig van Eerw. Lemue was 'n modelstasie. Nadat Lemue vir 15 jaar op die stasie Motito gewerk het het hy en sykollega Lauga, Karmel begin. Hierdie pragtige plaas was eers bekend as Kwaggafontein waar Eerw. Lauga vroeg in 1847 alleen begin het terwyl Lemue nog 'n jaar op Motito vertoef het om sy opvolger aldaar, Eerw. Fredoux eers touwys te maak. Na Lemue se aankoms teen die einde van 1847 is die naam verander na Karmel. „Tot hierdie naam is besluit aangesien dit die begeerte was van die sendelinge dat hierdie inrigting sal beantwoord aan sy naam: Dat dit onder die seënende hand van God en deur die voorbidding van die Kerk 'n ware Karmel sal word, dit is te sê, 'n wingerd van die Here, vrugbaar en vol vrugte van heiligheid en geregtigheid." 62.) Later is daar reëls opgestel teen drankmisbruik, steel, dans asook die ontheiliging van die Sabbatdag. Hier is later ook 'n „Normaal skool" opgerig deur die eggenotes van die sendelinge. 63.)

Met die aanstelling van Majoor Warden in Bloemfontein as Britse resident het die Franse sending nou geglo dat hulle die stasie onder Britse beskerming sal kan opbou aangesien die Boere baie gekant teen die stigting daarvan was.

Die stasie het op Huet 'n goeie indruk gemaak, die huis van die sendeling nie. „Behalwe de kerk en andere kleinere gebouwen staat er een groot, welgebouwd huis, de woning van den zendeling, den Heer Lemue... Om de waarheid te zeggen, het maakte op mij geen en aangenamen indruk, eene zendelingswoning zoo fraai te zien. Aan den eerbiedwaardigen naam van

zendeling

61.) Elpis. 1857. p.177.
 62.) Pellissier: pp. 388 - 389.
 63.) Elpis. 1857, p. 179.

zendeling hecht zich het denkbeeld van zelfopoffering. Onwillekeurig stelt men zich hem voor te midden van vele beroeringen, en hindert het, wanneer men, in stede daarvan, eene ruime aanzienlijke woning binnen gebragt wordt, en eene goedgeameubelde kamer intreedt, waar een paar sofas u gemakkelijke zitplaatsen aanbieden, en waar des avonds welluidende pianotoonen u de ooren streelen. En toch ten onrechte. Of is het niet allermins billijk, dat een zendeling als de Heer Lemue, die bijkans 30 jaren aan de Evangelieverbreiding onder de heidenen heeft gearbeid, en in dien tijd, wie zal zeggen welke ongemakken heeft doorgestaan, van zijn genootschap de vergunning en de fondsen ontvangende om zich eene geschikte woning te bouwen? Terwijl zoovele huizen van predikanten, huizen van wêreldsche pracht en wêreldsche maaltijden zijn, zonder dat het publiek zich ergere of de kerk zich schame, zoude het eenen godzaligen zendeling niet volkomen geoorloofd zijn om zijnen kinderen, die van alle verkeer met de maatschappij afgesloten leven, de gelegenheid te verschaffen van zich op het klavier in het spelen en zingen van stichtelijke liederen te oefenen? En is het niet eene verregeaande onbeschaamdheid (dikwijls juist van de zijde derzulken, die nooit eenige opoffering voor den Heer gedaan hebben), om aan eenen zendeling, wiens geheele leven een bewijs is van gewilligheid om zich voor den Heer op te offeren, het geoorloofde te betwisten?"

Na hierdie relaas plaas Huet in 'n voetnota die volgende: „Gelijk wij later vernomen hebben, was het huis oorspronkelijk tot een ander doel, namelijk om als een gymnasium te dienen, gebouwd." Normaalweg sou 'n mens wou sien dat hy maar hierdie gehele gedeelte, wat tog net seermaak, na die toedrag van sake aan hom bekend geword het, sou weggelaat het ... maar nee dit word net so geplaas, sonder om aan die konsekwensies daarvan te dink.⁶⁴⁾

Hier te Karmel het Huet sy kennis hernu met Dr. Lautre en laasgenoemde slaag daarin om tenspyte van Huet se haastigheid om by die huis te kom, hom te oorreed om eers saam na Bethulie te gaan. 65.) Die eerste geestelike werk in hierdie omgewing is onder die Boesmans deur 'n sekere Clarke van die Londense Sendinggenootskap gedoen. In Julie 1833 het hy alle pogings laat vaar tot die kerstening van hierdie inboorlinge. 66.) Eerw. Jean Pellissier wat in 1831 na Suid-Afrika gekom het, het Clarke se werk kom voortsit. Dr. Philip het die stasie aan die Franse Sendinggenootskap geskenk. 67.) Die Boesmans het later byna almal getrek en toe het Eerw. Pellissier 'n paar duisend Betsjoeanas beweeg om van Philippolis na Bethulie (toe Caledon) te verhuis. 68.) Sover ons kon vasstel is „Bethulie"

64.) Elpis, 1857. p. 179.

65.) Elpis, 1857. p. 180.

66.) Feesalbum. p. 318.

67.) Pellissier. p. 204. Brief van Londense Sendinggenootskap aan Franse Sending; 12/6/1834: "Our Society has given over to yours the Bushman Station, so that you may build upon it to any extent you please!....."

68.) Feesalbum. p. 318.

„Bethulie" die sesde naam vir hierdie besondere plek. T'kcut'Koo was die Boesmannaam; Moordenaarspoort die naam waarmee die Trekboere, Griekwas en Korannas die plek geken het. Die Londense Sendinggenootskap het dit "Bushmanschool" genoem en toe Pellissier daar kom het hy dit eers Caledon genoem omdat dit naby die samevloeiing van die Caledon-en Oranje-riviere was. Hierdie naam is net vir 'n kort tydjie gebruik en toe verander na „Verhuellpolis." Eers hierna het die naam „Bethulie" gevolg. 69.) Aan hierdie naam word ook twee betekenisse geheg, nl. „'n mooi jong vrou" en die moderne uitleg- „huis van God." 70.) Die baanbreker sendeling hier was Eerw. J.P. Pellissier, wat hier ook sy lewenstaak volvoer het en wie se lewensgeskiedenis ten nouste verbonde is aan hierdie gewese sendingstasie. 71.)

Die tweede plaas waar die reisgeselskap op pad na Bethulie aandoen was die van „die heer J." Ons gee Huet nou die geleentheid om sy kennis-making met hierdie persoon self te beskrywe: „Een beschaafd en voorbromend man. Een aangenaam type van den Afrikaansche Boer --- Hij nader om te groeten -- en op slependen toon het „dag Oom" of „dag Neef", maar gelang van uwen ouderdom voortbrengt. Tracht niet een gesprek met hem aan te knopen. Het is vergeefsche moeite. Het eenige antwoord wat gij van hem bekomt, is een lang uitgerekt L-a, dat u allen lust tot verder spreken beneemt. Een ander type: het is de ruwe, ongewasschen en ongekamde boer, die, met eene sterke brandewijn atmosfeer omgeven, scheldt en vloekt op zijn „swart schepsel" en die, desnietteenstaande, wanneer het te pas komt, op vlejenden toon vrome taal zal weten te spreken. Een derde type: De boer-gentleman, die zijne boeren-woning op smakelooze wijze elegant zoekt te maken, roodmaroquinen engelsche boeken op zijne tafel legt, die hij nooit in staat zal zijn te lezen, grog drinkt, schulden maakt en engelsch wil spreken „maar het niet vermag"; een onbehagelijk type, die zijne landgenooten, zijne taal, zijne familie, de godsdienst veracht, en niet inziet hoe hij zich zelve aldus tegelijk verachtelijk en belagchelijk maakt. Maar daar is ook een vierde type van soliditeit, regtschapenheid, huisselijkheid, gulle eenvoudigheid, welke men, voor al, indien geestelijk leven zich bij die natuurlijke deugden voegt niet nalaten kan lief te hebben. Welligt(hoe overdreven zulk eene meening ook schijne) is er, over het geheel genomen, geen minder bedorven menschengeslacht op aarde dan de Afrikaansche boer van dien stempel. De Heer J. scheen van dit geslacht. Wij hielden ons een paar uren bij hem op." 72.)

By die

69.) Pellissier. p.273.

70.) Pellissier. p.233.

71.) 'n Besondere omvangryke en insiggewende lewensskets oor hierdie baanbreker sendeling het in 1956 verskyn en waarna telkemale in hierdie verhandeling verwys word.

72.) Elpis. 1857. p.181. Vgl. hier Casalis. p.120. met die beskrywing van Huet.

"Conversation is not their forte. All the art and perseverance in the world were necessary to obtain from our hosts as much as a 'Yes' or 'No' to the things we ventured to say to them. Wanneer 'n Sendeling egter begin praat oor sending...(for on this point their tongues found their use).. are they not already cunning enough, without your trying, through your teaching, to make them still better able to do us harm."

By die lees van hierdie gedeeltes besef 'n mens dadelik waarom die intekenare op die blad „ELPIS" baie gedmaal het. Ons vind geen ware simpatie by die skrywer met die kolonis nie. Anders as die geval in Holland was, was die Calvinisme van die Kaapse veeboere nie demokraties t.o.v. die inboorlinge nie maar wesenlik aristokraties. Waar die Calvinisme in Europa die neiging gehad het om gelykstelling van alle gelowiges te bevorder, was dit in Suid-Afrika uit die aard van die saak onmoontlik. 73) Die Europese liberalisme van die 18 eeu met sy strydkreet, vryheid, gelykheid en broederskap het ook sy aanhangers gehad. Dit is onder hierdie invloed dat die sendelinge steeds die witman teenoor die inboorling afgespeel het. Vir die blanke in sy pioniersjare is daar geen simpatie nie en deur alle geskrifte, soos ook deur die van Huet is daar gepoog om die Engelse regering te dwing om stappe te neem tot anneksasie wat dan vir beide rassegroepe tot baie groot geestelike en materiële steun sou wees. 74)

Intussen het die geselskap Bethulie bereik en is hulle baie hartlik deur Eerw. Shuh ontvang wat tydelik waargeneem het in die plek van Eerw. Pellissier wat 'n reis na die Kaap onderneem het. 75.) Toestande onder die Batlapin met hulle swak opperhoof Zepoi was gladnie gunstig nie. Een van die euwels wat baie nadelig gevolge gehad het was die misbruik van sterk drank. Huet verhaal dat Zepoi tevergeefs probeer het om drankgebruik en verkope in sy grondgebied ter verbied, want „de wagens van goddelooze brandewijn handelaars komen tot in het dorp der Batlapis in de onmiddelijke nabijheid van den zendeling, hun aantrekkelijk vergif brengen." 76.)

Die toestande van oorlog waarin die mense verkeer het, het 'n verlammeende invloed uitgeoefen. Algemeen was daar 'n geestelike insinking voor 1858. Na hierdie tyd het daar 'n herlewing gekom. 77.)

Die Sondag word op die stasie deurgebring en weer het Huet rede om te kla oor die swak gedrag van die Boere op Sondag. Gedurende die diens gebeur dit dat daar twee transportwaens, „onbeschaamdelyk het dorp binnereiden en vlak voor de kerk stil hielden." Hierdie voorbeeld, so redeneer Huet, word deur Christenmense aan die heidene gegee en maak die taak van die sendeling des te moeiliker. 78.)

Maandagmôre

-
- 73.) „Die Huisgenoot", 18 Nov. 1938 deur Dr. D.W. Kruger, „Trekkeers en Inboorlinge" p.25.
- 74.) „Het lot der zwarten in Transvaal". p.18. Wellicht wordt ook op deze wijze het Engelsch Gouvernement genoopt om de slavernij in Transvaal te beletten en daartoe het gezag over de Hollandsche Republieken in handen te nemen - Ik zou niet aarzelen dit eene weldaad te noemen zoowel voor de blanke als voor de zwarte inwoners des lands."
- 75.) Elpis. 1857. p. 183: Eerw. Shuh was vroeër verbonde aan die Rotterdamse Sendinggenootskap te Java. „Doch de wêreldse lewenswijze en de nationalistische gezindheid zijner medezendingen, benevens de ongeloofelijke restrictiën waardoor het zendelingswerk toen nogte dierplaatze belemmerd werd, maakten hem het verblijf aldaar onuithoudbaar, weshalve hij zich aan het Parijsche zendelinggenootschap aansloot en naar Zuid-Afrika vertrok."
- 76.) Elpis. 1857. p.184.
- 77.) Du Plessis. p. 314.
- 78.) Elpis. 1857. p.185.

Maandagmôre, 22 Junie, verlaat die geselskap Bethulie en na 'n paar dae is hy weer terug in Aliwal-Noord. „Daar lag het welbekende hoopsken huizen op den vriendelijken heuvel...Helder schitterden hare witgepleisterde en meest platgedakte woningen in het zonlicht, terwijl de met wilgen omzoomde Oranje-stroom donkerblaauw aan hare voeten kronkelde. Daar was het dat de Heer mij had waardig gekeurd om een jaar lang (en dat dikwijls met heerlijke ondervinding zijner liefde) zijnen Naam te prediken. Daar was het, waar ik bij achteruitzien moest getuigen, het gelukkigste jaar mijns levens te hebben doorgebracht...." 79.)

Volgens 'n berig in „De Gereformeerde Kerkhede" van 25 April 1857, het Huet besluit om langer op Aliwal-Noord te bly as wat oorspronklik die ooreenkoms was. Gelyktydig met hierdie berig verskyn daar 'n brokkie nuus dat gedurende hulle jongste Nagmaalsviering £500 vir 'n nuwe kerk byeengebring is. Verder vermeld die beriggewer dat die gemeente ook van voorneme is om 'n kerkie vir die kleurlinge te bou. 80.) Huet wat hierdie berig gelees het, het besef dat die bedrag van £500 nie die ware toedrag van sake weerspieël en plaas toe 'n verduideliking waarom dit so min is vir so 'n groot gemeente soos Aliwal-Noord. Hy sê dat daar met Nagmaal slegs die helfte van die gemeente teenwoordig was. Verder dat onthou moet word dat Dordrecht so pas afgestig is; ⁸¹⁾ Smithfield selfstandig ontwikkel ⁸²⁾ en dat daar 'n deel van die gemeente oorkant die Kraairivier besig is om hulle eie kerk te bou. (die latere Lady-Grey.) ⁸³⁾ Daarom berig Huet dat die bedrag veel meer sou gewees het en dat die werklike boufonds wel tweemaal die bedrag is as wat aangegee is. 84.)

Intussen moes Huet begin regmaak vir sy reis na Kaapstad vir die komende Sinodesitting van 1857 en om alles in gereedheid te bring vir sy eksamen. 85.)

'n Verscek

-
- 79.) Elpis. 1857. p.187.
 80.) D.K.B. 20/6/1857. p.204.
 81.) D.K.B. 12/4/1856. Kennis word gee dat grond aangekoop is vir „stichting van een Kerkdorp waaraan men den naam Dordrecht heeft gegeven. Vgl. ook. Feesalbum. p.82. Op 14 Oct^r.1856 besluit die Ring van Graaff-Reinet tot afstigting en op 10 Junie 1857 is die eerste Kerkraad bevestig.
 82.) Boustowwe vir die Geskiedenis. p.79. Smithfield is alreeds op 25/11/1848 gestig as N.G. gemeente. Vgl. Feesalbum. p. 312. Op 18/9/1848 lê Sir Harry Smith die hoeksteen van die Kerkgebou.
 83.) Feesalbum: p.88. Op 2/2/1857 het 'n byeenkoms plaas gevind van die lede van die wyk Kraairivier van die gemeente Aliwal-Noord. Met die doel om die stigting van 'n aparte gemeente te bespreek. Op 30/4/1857 is die plaas Waaihoek aangekoop. Op 13/3/1858 is besluit om 'n eie Kerk te bou en die is op 25/2/1860 ingewy. Vgl. ook D.K.B. 25/4/1857: Hier word in vooruitsig gestel om 'n Kerkgebou op te rig „tot geniet van die lede."
 84.) D.K.B. 20/6/1857. p.203.
 85.) D.K.B. 15/8/1857. p. 277.
 Geredigeerde Beschrijwingspunten voor de Algemene Vergadering der N.G. Kerk; 13.10.1857. e.v.d. „Verzoek van ten Thoezel. Kand. P. Huet, het examen af te leggen om tot het leeraarsambt te worden toegelaten."

'n Versoek deur Ds. van Heldring aan Huet om sy reis deur Basoetoland te beskrywe en dit met sy bevindinge na Holland te stuur is skynbaar nooit uitgevoer nie. 86.) Gelyktydig met hierdie versoek kom ook die beriggewing dat die nuwe blad *ELPIS* verskyn en dat die redaksie Huet se medewerking vir hierdie pasverskynende blad nodig het. Hierop het Huet dadelik gereageer en sy reisjoernaal in gereedheid gebring. 87.) Die verskyning van hierdie joernaal het baie intekenare die blad laat bedank. Uit wat reeds aangehaal is in hierdie hoofstuk, spreek dit vanself dat die beskrywing van Huet veel reaksie sou uitlok.

Behalwe sy belangstelling in die swart rasse en sy liefde tot sendingwerk, gee hy geen onpartydige beskrywing van sy indrukke nie. Hierdie waarheid het hy later self moes erken. Hierdie bevooroordeelde houding van Huet het soos reeds gesê baie seer gemaak. In koerante en tydskrifte is teen hom geskrywe. 88.) Die houding wat hy destyds ingeneem het kom baie duidelik na vore uit die insident tussen hom en Ds. J. Murray van Burgersdorp, soos reeds verhaal op bladsy (Hoofstuk VI p.36) waar Huet slegs as antwoord gegee het: „Och, dank de Heer, dat de gemeente van Aliwal toch nog toornig kan worden.” 89.)

Aansluitend hierby noem ons nog die anonieme artikel in „*Elpis*” waarin 'n skrywer, ook beswaar maak teen die wyse van uitdrukkings wat deur Huet gebesig is. Dit is onmoontlik, sê die skrywer en ook tereg, dat Huet nie hier in Suid-Afrika kan verwag wat hy in Europa gewoond was nie. Ook dat hy nie by teleurstelling teen die foute van die Boere moet uitvaar en dit wêreldkundig moet maak nie. Hierdie mense teen wie hy so uitpak, is juis hulle wat hom met vriendelikheid in hulle huise ontvang het. Dat daar wel foute is sal elkeen geredelik wil erken sê die skrywer maar Huet moet tog baie versigtig wees om nie altyd te veralgemeen nie. „Huet heeft te veel op de donkere, te min op de heldere zijde van het boerenkarakter gesproken.” Sy artikel word dan afgesluit met die volgende toepaslike teregting: „Men dient in alle geval den mensch te respekteren aan wiens heil men wil arbeiden -- Laat de heer Huet niet al te veel blijken dat hij gaarne over alles een oordeel vellen wil? Is het de vervulling van eenen liefdepligt geweest met ruime hand de fouten van anderen openbaar te maken in eenen toon die den dwalende moest ergeren en ook de goeden onder de kwaden moest doen lijden.” 90.)

Later

-
- 86.) Huet: p.94.
 87.) Huet. p.110.
 88.) *Elpis*. 1858. Band 11. p. 178 en 240. Hierdie Reisjournaal is as „affrense misdaad” beskou en die ondergang van die blad is voorspel. Die redaksie van *Elpis* het verklaar dat al onderskryf hulle nie alles nie, hulle dit tog moet plaas.
 89.) Sien p.36. voetnota 28.
 90.) *Elpis*. 1858. p.179 - 180.

Later gee Huet die brosjure, „Eene kudde en een Herder“ uit waarin hy sy „gelykstellingsbeleid“ op geen ondubbelsinnige wyse stel nie. In die „voorwoord“ skrywe Huet onder andere „Dit werkje is niet geschreven om te behagen, ook niet om ergernis te geven. Het is geschreven omdat de nood ons opgelegd was! Deur hierdie werk wil hy ook 'n pedagogiese doel dien want: „Het heeft ten doel om onkundigen te onderrigten; om goedgezinden in de waarheid te bevestigen, en hun wapenen in de handen te geven tegen dwaalgeesten; om mede te werken tot de toebrenging van heidenen; om de Christengemeenten van dienst te zijn! Dat die inhoud veel kritiek sou uitlok het Huet ook besef: Vijandelijkheid wegens de hier behandelde questiën hebben wij reeds genoeg ondervonden, dan dat wij voor nog meer zouden vreezen.“ 91.) Hierna verskyn nog 'n opspraakwekkende publikasie, „Het lot der Zwarten in Transvaal“. wat sy populariteit nie laat toeneem nie. 92.)

Dit val ons tog op dat Huet na sy ordening beroep word na Aliwal-Noord. 93.) Die redes hiertoe mag tweerlei wees: A. Die groot gebrek aan geordende leeraars. B. Dat hulle Huet leer ken as die man wat deur sy gevoel en verbeelding gedra word, maar baie eerlik is met homself en eerlik is in sy arbeid..


Wanneer Huet jare later terugkyk oor sy tydperk van bediening, dan voel hy baie jammer oor hierdie uitlatings en bevooroordeelde beskrywings wat hy gegee het van die Afrikanernasie. Hierdie beskrywings is in Europa ook gelees en het ook daar gif teen die boere uitgestrooi. In elk geval dan vra Huet op 'n baie mooi wyse om verskoning want ook dit kon hy op so 'n treffende, besondere en berouvolle wyse doen. 94.)

In „De Kerkbode“ verskyn onder andere die volgende apologie van Huet; „Aangenaam is het mij nu, al is het eerst na zoo lang tydsverloop, door uw tijdschrift in de gelegenheid te worden gesteld om mijn leedwezen te betuigen over de scherpe uitdrukkingen destijds gebezigd, en over de daardoor ontstane verbittering. Ik heb daarmede, voor zoo ver ik zien kan, aan de zaak des Heeren geen goed maar veeleer schade gedaan, hetwelk mij, hoop ik, nu wel door iedereen zal zijn vergeven, gelijk ook de Heere ons alles vergeven heeft.“ 95.)

-
- 91.) „Eene Kudde en een Herder“ verskyn 1860. In hierdie brosjure behandel Huet die volgende Hoofstukke: 1) Heidenen. Alle menschen afkomstig van één paar. 2) Zondelingen. Hun naam.... waarom gehaat. 3) Gestichten. Over de verpligting van predikanten om de gekleurden te onderwijzen. Naas die „nege bedenkinge“ (sien Hoofstuk III) behandel hy krities die Sinodale besluit van 1857 oor „afsonderlijke gestichten.“ 4) Heidenen moeten gebracht worden tot dezelfde Kerkgemeenskap met de blanken: Hier bespreek Huet dan onder andere gelykstelling in die Ou- en Nuwe Testament; gelykstelling in die Hemel en Hel; in die Kerk van Christus geen onderscheiding. ens.“
- 92.) „Het lot der Zwarten in Transvaal“. verskyn 1869.
- 93.) D.K.B. 7/11/1857. Beroepen tot leeraar van de gemeente Aliwal-Noord, de Wel Eerw. Heer P. Huet.
- 94.) De Vereeniging. 15/6/1905. p.9.
- 95.) D.K.B. 30/9/1876. p.333.

BASOELAND MET FRANSE SENDINGSTASIES.

Reis van Ds. Huyl deur Basoetoland en die Vrystaat.



ONTGETEKEN UIT, Geskiedenis vir Suid-Afrika.
 opgestel deur: P. J. BOÏSEKEN, e.a. Kaapstad 1948.
 p. 67. Kaart. 67.

HOOFSTUK VII

DIE FRANSE SENDELINGE IN BASOETOLAND.

In die jaar 1822 was die openbare belangstelling in Protestantse kringe in Frankryk ryp vir die stigting van 'n sendinggenootskap. Voor hierdie tyd het die sendingbelangstellendes hulle bydraes meestal na bestaande sendinggenootskappe in Engeland en Basel, in Switserland, gestuur. Reeds in 1820 is daar getrag om 'n tak van die sendinggenootskap van Basel in Frankryk te stig maar die kommissie van ondersoek se aanbeveling was dat Frankryk sy eie genootskap moet stig. 1.)

Op 4 November 1822 word die eerste vergadering van, „Die Evangeliese Sendinggenootskap van Parys" met 29 persone gehou. Die eerste President was die Franse Edelman, Admiraal die hertog Verhuell. 2.) Einne 'n paar weke is 'n omsendbrief opgestel en tesame met die regulasies is dit deur die hele Frankryk versprei. Hierdeur is die genootskap nie net bekendgestel nie maar kon daar ook gevra word vir bydraes en voorbidding. Bidure is deur die hele Frankryk gehou en elke Maandagaand is daar deur alle christene bepaaldelik gebid vir hierdie groot en nuwe onderneming.

Op 2 Mei 1829 is die eerste drie sendelinge georden in die Kerk van St. Marie, rue St. Antoine in Parys. Gedurende hierdie tyd was Dr. Philip, Superintendent van die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika juis op besoek in Londen. Op versoek van die Paryse Sendinggenootskap besoek hy Parys om hulle met raad te bedien i.v.m. die plasing van die drie afgestudeerde manne in Suid-Afrika. Hy het aan hierdie drie manne, tw:

Isaac Bisseux : 1808 - 1896,

Prosper Lemue: 1804 - 1870 en

Samuel Rolland: 1801 - 1873, vertel dat die

Franse Hugenate wat in die nabyheid van Kaapstad woon baie slawe in hulle diens het en dat dit 'n baie geskikte arbeidsveld vir sendingwerk is. Verder meld hy ook van die Betsjoeanas, Noord van Kuruman waarheen hulle kan gaan. Dr. Philip bied ook nog aan om saam met hulle op dieselfde boot na Suid-Afrika te vertrek. 3.)

Dr. S.H. Pellissiersien in hierdie besondere welwillendheid van Dr. Philip teenoor die Franse Sending en sy samesyn met hulle die geleentheid wat hy gehad het om hulle onder sy invloed die sendingprobleme te laat bestudeer volgens die Liberale opvattinge wat tot so 'n groot aanstoot was vir die Hollandse Kolonis. 4.) Dit is dus baie jammer dat hierdie eerste Franse sendelinge in die skool van Dr. Philip hul eerste lesse omtrent die verhouding tussen blank en gekleurde rasse in Suid-Afrika moes ontvang.

Die

-
- 1.) Pellissier, S.H; Jean Pierre Pellissier(Voortaan Pellissier) p. 37. Vgl. D.K.B., 9/8/1933. p. 251.
 - 2.) Pellissier: p.197. Die Sendingstasie was ook eenkeer na Verhuell vernoem nl. „Verhuellpolis."
 - 3.) Pellissier: pp.43 - 44.
 - 4.) Pellissier. p. 86.

Die invloed word duidelik merkbaar wanneer ons die verslae van die Franse Sendelinge lees wat hulle van tyd tot tyd aan hulle hoofkantoor gestuur het. Opmerklik is dit dat die Franse Sendelinge altyd baie gunstig gerapporteer het oor die gasvryheid en vriendelikheid wat hulle van die Boerebevolking geniet het. Sodra dit egter politieke aangeleenthede raak is die Boere sonder uitsondering belaster as onderdrukkers van die inboorlinge en as vyande van die sending. Hierin sien Dr. Pellissier dan ook tereg die invloed van Dr. Philip. 5.)

In Oktober 1829 het die groepie sendelinge die Kaap bereik. Na 'n kort verblyf in Kaapstad en die Paarl is daar besluit dat Bisseux hom te Wellington, (Wagenmakersvallei) sou vestig om onder die slawe en Hottentotte te arbei. 6.) Die reis van die ander twee vriende saam met Dr. Philip het gegaan van sendingstasie tot sendingstasie waardeur aan hulle die geleentheid geskenk is om met die gevestigde sendelinge toestande te bespreek. Interessant is dit dat een van die twee sendelinge nog op hierdie reis, in 'n brief, wat hy Frankryk toe gestuur het, daarop wys hoedat daar gedurig teen die Boere kwaad gestook word. 7.)

Intussen het daar op 9 Junie 1831 uit Londen nog 'n Franse sendeling na die Kaap vertrek nl. Jean Pellissier. Nadat ook hy 'n tydjie die gasvryheid van Dr. Philip geniet het vertrek hy alleen die binneland in. Graag wou hy Bisseux saamgeneem het maar die het geweier en so moes Pellissier alleen die reis na Kuruman aandurf. Hy bereik Kuruman veilig en op 27 Januarie 1832 skrywe hy daarvandaan sy eerste brief. 8.) Hier het Eerw. Moffat in 1821 begin werk onder die Betsjoeanas.

Eerw. Lemue en Rolland het intussen op hulle pad na Kuruman, Philippolis bereik waar hulle Eerw. Moffat ontmoet het. Hiervandaan is hulle na Campbell om op 24 Julie 1830 Kuruman te bereik. 9.) Soos reeds vermeld het Eerw. Moffat alreeds 'n geruime tyd daar sendingwerk gedoen toe die eerste twee Franse sendelinge daar gekom het. Moffat het moeilike tye te Kuruman deurgemaak. Skaars het hy hom daar gevestig of die Matatees verdrywe die Betsjoeanas. Met behulp van die Griekwas word die Matatees weer op hulle beurt verdrywe, maar toe verskyn op die toneel 'n nuwe en wrede vyand nl. Moselekatse wat van sy opperhoof Tsjaka weggebreek het en besig was om een na die ander stam van die Betsjoeanas uit te delg. Onder die klein stammetjies het daar paniek geheers en Moffat self moes soms vir sy lewe na Griekwastad vlug. Juis wanneer hierdie terreur aan die gang is arriveer die Franse Sendelinge¹⁰⁾ in Betsjoe

-
- 5.) Pellissier. p.90.
 Vgl. ook p.136. waar verhaal word hoedat die L.M.S. kantore in Kaapstad vir die Franse sendelinge in die beginjare geld voorgeskiet het.
- 6.) du Plessis, Prof. J.: A History of Christian Missions in South Africa. p. 189.
- 7.) Pellissier: pp. 87 - 88.
- 8.) Pellissier: p. 100 - 101.
- 9.) Pellissier: p. 107
- 10) Hier word verwys na Arbousset, Casalis en Gosselin.

Betsjoeanaland. Hulle was bestem vir arbeid onder die Baharutsi wat 'n onderafdeling van die Betsjoeanas was, ten noorde van Kuruman. Hierdie arbeidsveld is op aandrang van Dr. Philip aanvaar. 11.)

Die land ten noorde van Kuruman was in 'n treurige ontwikkelte toestand. Sommige stamme het toe alreeds uit vrees vir die wrede Matabeles die Kalahari ingevlug om skulling te gaan soek by die Griekwas. Lemue en Rolland het vanuit Kuruman verskeie pogings aangewend om hulle onder die Baharutsi te gaan vestig maar sonder sukses aangesien hulle Kaptein, Mokatla onderworpe was aan Moselikatse en die verblyf van die sendelinge net van sy gesindheid afgehang het. In Februarie 1832 onderneem drie sendelinge nou weer 'n reis na Mosega, die hoofstad van die Baharutsi om andermaal te onderhandel om daar 'n sendingstasie te stig. Intussen het Eerw. Pellissier gearriveer en was hy die derde persoon wat saamgegaan het. 12.)

Die Baharutsi het hulle baie vriendelik verwelkom en die plan was om te Mosega 'n pragtige stasie op te bou. 13.) Pas was hulle drie weke daar of 'n deputasie van Moselikatse kom na hulle met 'n versoek dat een van hulle vir 'n onderhoud na hom moet kom. As gesant word Pellissier aangewys. 14.)

In 'n brief gedateer 12 Mei 1832 gee Pellissier 'n baie interessante beskrywing van die maand waarin hy feitlik 'n gevangene van Moselikatse was. Na sy terugkoms gaan hulle voort met werk, maar toe daar 'n tweede deputasie van Moselikatse kom met die versoek dat al drie die sendelinge na hom moet kom, het die Betsjoeanas volgehou dat hy die sendelinge wou doodmaak en hulle daarna wou kom uitwis. 15.)

Dadelik het die sendelinge nou opgepak en ten spyte van die hartseer van die Baharutsi teruggegaan na Kuruman. Nadat hulle weer 'n poging aangewend het om terug te gaan maar intussen verneem het dat Moselikatse die Baharutsi die Kalahari ingejaag het en Dingaan op sy beurt weer oorlog teen Moselikatse verklaar het, het hulle besluit om die stasie Motito aan te lê. 16.) Die teleurstelling was baie groot aangesien hulle alles in die werk gestel het om 'n werkkring onder die Baharutsi te vestig.

Intussen

-
- 11.) Pellissier. p. 107.
 12.) Pellissier. pp. 110 - 113.
 13.) du Plessis; p.190. Hierdie stasie het omtrent twee dagreise van Mosega gelê.
 14.) Pellissier. p.113.
 15.) Pellissier. pp.114 - 122. Vgl. (i) D.K.B. 6/7/1867; pp. 218 - 221.
 (ii) du Plessis: p.190.
 16.) du Plessis: p. 190. Voor die stigting van Motito het die drie sendelinge tydelik te Lattakoe, 12 myl Noordoos van Kuruman gearbei.

Intussen het daar nog drie sendelinge na Suid-Afrika gekom, tw. Thomas Arbousset, Eugene Cassalis en Constant Gosselin. 17.) By hulle aankoms in Kaapstad was hulle baie teleurgesteld toe hulle verneem dat Moselikatse die Baharutsistam verjaag het. Dit het nou gelyk asof daar van 'n sendingstasie onder die heidene in sentraal Suid-Afrika niks meer tereg gaan kom nie. 18.) Maar 'n ander deur is intussen vir hierdie manne geopen.

Kort na die terugkoms van die sendelinge in Kuruman het Pellissier en Lemue na die kus vertrek. Eerw. Lemue om sy verloofde te gaan ontmoet wat saam met bogenoemde sendelinge uitgekom het en Eerw. Pellissier om eetware en vee te gaan inkoop om die arme Baharutsi te help teen verhongering. 19.)

Uit 'n brief²⁰⁾ wat Eerw. Pellissier uit Graaff-Reinet geskryf het aan Dr. Philip, vra hy of dit nie moontlik sou wees om hulle toe te laat om op Philippolis te gaan werk nie aangesien daar baie Betsjoeanas is wat die Evangelie nog nie gehoor het nie. Die uitslag was dat Dr. Philip toestemming verleen het om 'n sendingstasie Boesmanskool, naby die samevloeiing van die Caledon-en die Oranje-rivier aan die Franse te skenk. Die stasie sou tog binnekort vakant raak as gevolg van die rondtrekkende Boesmans. 21.)

Op 9 Mei vertrek die geselskap uit Graaff-Reinet op pad na Philippolis. Na hulle aankoms aldaar is besluit dat Arbousset, Casalis en Gosselin sendingwerk onder die Basoeto's sou gaan doen terwyl Pellissier die sendeling van Philippolis sou wees. 22.)

Die vestiging van die eerste drie Franse Sendelinge in Basoetoland is baie interessant. 23.) In die bergwêreld van die later bekende Basoetoland het 'n kaptein met die naam van Mosjesj of ook Lepogo gewoon. Hy het sy loopbaan as veedief begin en die vee so knaphandig gesteel dat hy die naam van Moshueshue gekry het. 24.)

In

-
- 17.) Pellissier: p.136. Saam met hulle het nog 'n dame Mej. Colany, die verloofde van Eerw. Lemue gekom.
 18.) du Plessis: p. 190.
 19.) Pellissier: p. 134.
 20.) Die brief waaruit hierdie gegewens geneem is begin te Motito op 6 Jan. 1833 en word eers te Graaff-Reinet op 8 Maart 1833 afgesluit. Vgl. Pellissier: p. 134.
 21.) Die Latere Bethulie. Vgl. Pellissier. pp.139 en 197.
 22.) Pellissier: p.163.
 23.) D.K.B. 8/7/1876. p.219. In 1833 het die eerste Franse Sendelinge hulle in Basoetoland gevestig.
 24.) Grobbelaar, Dr. J.J.G; „Die Vrystaatse Republiek en die Basoeto". Argiefjaarboek. 1939, II p.X
 „Moshuehue is 'n retoriese figuur wat die klank is van 'n skerp instrument as hy baard skeer. Die wegraap van vee het die Basoeto's figuurlik uitgedruk as, „sy baard geskeer." Die Engelse verander dit na Moshesh.

In 1824 het hy van Buthe-Buthe na die haas onneembare bergvesting Thaba Bosiu verhuis. 25.) Hier het hy sy toekomstige ryk begin wat allengs aangegroei het totdat hy nie minder as 23 verskillende naturellestamme onder hom saamgetrek het nie. Sy regering was gegrond op geregtigheid en beskermingte midde van 'n tydperk van geweld en bloedvergieting. Moshesh was 'n gebore diplomaat en het die Basoetonasie opgebou tot 'n magtige inboorlingvolk. Sy grondgebied was hoofsaaklik beperk tot die bergvestings aan die weste- en oostekant van die Caledonrivier. Die rede tot hierdie konsentrasie was:

- (a) Die onveiligheid van lewe en hawe deur die aanhoudende binnelandse oorloë.
- (b) Die verwoesting wat die Korannas, wat vuurwapens besit het, onder die Basoeto's aangerig het. 26.)

Terwyl die Basoeto's onder hierdie moeilike omstandighede verkeer, het 'n Griekwajagter wat verbonde was aan die sendingkerk te Philippolis met die naam van Adam Krotz by Mosjesj aangekom. 27.) Mosjesj vra aan Krotz waar hy die gewere kry aangesien hy ook graag wapens wou hê om die Korannas vrees in te boesem. Krotz se antwoord aan Mosjesj was: "We have among us servants of God, who teach us to live well and fear evil. The Korannas fear them and trouble us no more. That is what you need, Mosjesj, and not guns." 28.)

Na hierdie raad het Mosjesj geluister. Hy het ook gehoor van Eerw. Moffat se invloed by Moselekatse en die het hy alleen kon toeskrywe aan die krag van 'n towenaar. Hierby het nog gekom dat Mosjesj gesien het hoedat die Griekwas van 'n nomadiese volk, onder die invloed van die sendelinge, tot 'n landboustam ontwikkel het. 29.)

Die gevolg was dat Mosjesj vir Krotz met 200 beeste na Adam Kok te Philippolis stuur om vir hom 'n sendeling te gaan „koop". Die Korannas het die vee gesteel maar die boodskapper met sy booskap het sy bestemming veilig bereik. 30.)

Van

-
- 25.) du Plessis: p.190.
Die naam Thaba Bosiu beteken: „Berg van die Nag"
Vgl. ook Grobbelaar: p.X.
 - 26.) Grobbelaar: pp. X - XIII; Vgl. ook G.H. 12/3. Lys van vlugtelingstamme deur Moshesh aan Sir P. Wodehouse verskaf tydens die Wodehouse „Award".
 - 27.) Tylden, G. "The rise of the Basuto" - p.11
 - 28.) Ellenberger en Macgregor: "History of the Basuto". p.234.
 - 29.) du Plessis. p.191.
 - 30.) Tylden sê 100 beeste terwyl du Plessis van 200 praat.
Grobbelaar: p.XIV skrywe: „Die Basoeto's het dus blykbaar om sendelinge aansoek gedoen, nie om hulle siele te red nie, maar om hulle van die Korannas te verlos."

Van hierdie gebeurtenis het Dr. Philip te hore gekom voordat die sendelinge Philippolis bereik het. 31.) Toe hulle dan met hulle aankoms daar verneem van die verlange van Mosjesj het hulle dadelik gereed gemaak om na Thaha-Bosiu te vertrek. Hierin het hulle gesien, "a call of God determined to seek out the chief of the mountain who had evinced so keen a desire for a missionary." 32.) Van die reis deur die binneland skrywe Casalis hoedat dit ontvolk was en in die Suid-Vrystaat was daar selfs plekke waar, "human bones, whitening in the sun and rain appeared on all sides and more than once we were obliged to turn out of the way in order that the wheels of our wagon might nog pass over these sad remains." 33.)

Met die vriendelike verwelkoming van die drie sendelinge, Arbousset, Casalis en Gosselin deur die Basoeto's op 28 Junie 1833 begin die vestiging van die Franse Sending en 'n nuwe fase in die geskiedenis van Basoetoland. 34.) Die eerste sendingstasie, Morija, word deur hulle 24 myl suid van Thaba-Bosiu nou begin. 35.)

Mosjesj self het 'n baie dubbele rol gespeel teenoor die sendelinge. Hy het sy volk aangemoedig om kerk-toe te gaan maar self eers aan die einde van sy lewe die christelike geloof aangeneem. Huet sien in Mosjesj se traagheid om die christelike geloof aan te geneem het, die feit dat hy geglo het dat sy mag saamhang met die strenge handhawing van sy tradisionele stamgewoontes en indien hy die christelike geloof sou aanneem, dan sou hy van hierdie stamgewoontes moes afsien. 36.)

Die vestiging van sendingstasies in Basoetoland was besonder voorspoedig sodat teen die einde van die eerste helfte van die negentiende eeu wanneer Huet sy reis deur Basoetoland maak, daar alreeds elf stasies met sestien mense in diens was. 37.)

-
- 31.) } du Plessis. p. 191, en D.K.B. 9/8/1933. p. 251.
 32.) } du Plessis. p. 191.
 33.) } du Plessis. p. 193.
 34.) } Grobbelaar. p. XLV.
 35.) } du Plessis. p. 192.
 36.) } Elpis; 1857. pp. 164 - 165.
 37.) } du Plessis. p. 199.

HOOFSTUK VIII

ORDENING.

Vir 'n paar weke voor die aanvang van die Sinode woon Huet by sy ou vriende ds. en mevr. van der Lingen in. 1.) Intussen het hy ook die nodige dokumente by die Scriba Synodi ingedien en het hom gedurende hierdie tyd veral besig met voorbereiding vir die komende eksamen. 2.)

Die volgende dokumente is ingehandig:

- (a) Certificaat van Students-examen te Amsterdam.
- (b) Certifikaat van examen in de Mathesis te Leiden.
- (c) Testimonia van twee jaren Propaedeutische studiën.
- (d) Certifikaat van Propaedeutische examen te Utrecht.
- (e) Testimonia van een jaar Theologisohe studie te Leiden.
- (f) Testimonia van een jaar Theologisohe te Amsterdam.
- (g) Testimonia van een jaar Theologisohe studie en afgelegde examina te Mountainbeau.
- (h) Certifikaat van Candidaats-examen te Leiden. 3.)

Reeds op Woensdag die veertiende Oktober dien die aansoek van Huet voor die Sinode; beskrywingspunt V:3. 4.) Nadat die actuaris bevestig het dat alle dokumente in orde is, stel die predikant van Kaapstad, Dr. S.P. Heyns⁵⁾ voor dat die versoek van Huet toegestaan word. Hierby vra hy dat 'n kommissie benoem moet word om volgens art.62:4⁶⁾ die nodige eksamen van Huet af te neem. Hierdie voorstel vind algemene byval en word die volgende kommissielede gekies: Die predikante van Calvinia, Oudtshoorn, Graaff-Reinet en Kaapstad asook die ouderling van Kaapstad tw. Dr. Changuion. Die versoek van die ouderling om uitgelaat te word is nie aanvaar nie. 7.)

Aan die Kommissie word opgedra om onderling te bepaal in welke vakke eksamen afgeneem sou word en om volgens art.62:11 die goedkeuring van die Sinode hiervoor te verkry. Ook word aan die kommissie opgedra om die volgende dag, die vyftiende Oktober, 'n geskikte datum voor te lê vir die afneem van die eksamen. Hierdie eksamen sou agter geslote deure afgeneem word. Die volgende dag rapporteer die kommissie dat die datum vir die afneem van die eksamen bepaal is vir die 29 Oktober 1857. 8.)

Op

-
- 1.) Huet. p.102.
 - 2.) Volgens die Acta Synodi van 1858 het die Sinode 'n aanvang geneem op die 13 Oktober 1858. (Acta Synodi.)
 - 3.) Huet. p. 103.
 - 4.) Acta Synodi. p.8
Vgl. D.K.B. 15/8/1857. p.277: „Verzoek van den Theol. Cand. P. Huet, het examen af te leggen om tot het leeraarsambt te worden toegelaten.“
 - 5.) Acta Synodi. p.3.
 - 6.) Vgl. Kaapse Kerkwet en Acta Synodi; p.8.
 - 7.) Acta Synodi. pp. 3 - 4.
 - 8.) Acta Synodi. p.12.

Op Woensdag, 28 Oktober herinner die Voorsitter die vergadering daaraan dat die Kandidaat Huet se eksamen die volgende môre net nadat die notule gelees is afgeneem sou word. Hulle beveel ook aan dat die eksamentyd in elke vak nie langer as 'n halfuur moet wees nie. Hierdie aanbeveling word die besluit van die vergadering.

So het Huet se wens om toegelaat te word tot die bediening in vervulling gekom en lees ons; „Het examen afgelopen zijnde, heeft de geexamineerde, zoo door schriftelijk opstel als door mondelijks voordragt, zijne bekwaamheden tot de predikdienst bewezen, door eene leerrede uit te spreken van den kanzel, naar aanleiding van Rigteren XVI:25." 9.)

Dit word verhaald dat hierdie tekskeuse: „Roep Simson, dat hy vir ons speel!" op menige gelaat in die Sinode 'n glimlag ontlok het. Later dig hy sy bekende „Simon's Lied." 10.)

Nadat die Kandidaat hom uit die vergadering verwyder het, het die voorsitter aan die Sinode gevra of hulle reken dat die eksamen grondig genoeg en volledig genoeg was. Ons lees in die notule van die scriba dat, „dit werd met eenparige stemmen bevestigend beantwoord. Hierop werd de geexamineerde weder binnen geroepen en legde den eed af, bepaald by art. 62:12 als ook de verklaring en belofte, vereischt by art. 62:13, welke hij met zijne onderteekening bekrachtigd heeft. Aan den geexamineerde werd hierop met eene zeer hartelijke toespraak door den Voorzitter toegereikt het getuigschrift, voorgeskreven in Art. 62:14, verklarende de Voorzitter daarbij dat de geexamineerde nu als Kandidaat tot de Heilige Dienst was geadmitteerd en erkend, en hem, namens de vergadering den besten zegen des Heeren toewenshende. Hierop ontving hij de broederhand. Van dit examen en des zelfs uitslag werd dadelijk kennis gegeven aan het Gouvernement. 11.)

Gedurende

-
9.) Acta Synodi. pp.42 -44.
 10.) Afrikaansche Gedigten. 1876. pp.14 -18.
 „Waar zijt gij, lang verleden dagen,
 Teen'k nog den schoonen naam mocht dragen
 Van Simson, 's Heeren lieveling.
 Tot Godes dienstknecht afgesonderd,
 Was 'kom mijn lichaamskracht gevreesd.
 'k was moeders trots en welbehagen,
 De steun van vaders grijze dagen,
 Het leven was me een vreugdefeest."
 In Simson se levensverhaal vind hy die verhaal van sy eielewe terug. Hy sluit hierdie gedig af met:
 „Wie meldt het aantal der gedooden?
 Wie meldt der filistijnen toe?
 Het waren duizenden genooden;
 Zij stierren in een zelfden val
- 11.) Acta Synodi. p.1041, 29/10/1857.
 Vgl. ook. S¹/10 1857. p. 121. (K.K.A.) "I beg to state for the information of his Excellency the governor, that the Rev. P. Huet has this done the examination required by the Dutch Reformed Church in South Africa (Wm. Robertson Ass. Scriba.)

Gedurende hierdie sessie op dieselfde dag dien voor die Sinode die beskrywingspunt V:6, waar die gemeente Lydenburg 'n ernstige versoek tot die Sinode laat uitgaan en vra dat hulle deur die Kaapse Sinode gehelp moet word om 'n leraar te bekom aangesien hulle die enigste gemeente is wat hulle, „niet had afgescheiden," van die Kaapse Sinode. 12.)

Die sinode gevoel hulle verantwoordelik, „om de verafgelegene lidmaten te hulp te komen die in bijzondere omstandigheden verkeeren en bijzondere aanspraak hebben op de verzorging der Synode." 13.) Ds. S. Hofmeyr, Predikant toe van Colesberg,¹⁴⁾ dien die volgende voorstel in wat dan ook deur die Sinode goedgekeur word:

„Er geschiede eene algemeene uitnoodiging aan de leeraars der onderscheidene gemeenten, ten einde sommigen hunner te bewegen, achter-eenvolgens, voor den tijd van drie maanden en daarboven, zich onder onze Transvaalsche geloofsgenooten te vestigen." 15.)

Onder die opskrif: "Mededeelingen en Berigten," verskyn in Elpis onder andere die volgende verslag oor die voorstel van Ds. Hofmeyr: „By de behandeling van V.6 bleek de belangstelling van vele leden der Synode in den godsdienstigen toestand der uitgewekenen in de Zuid-Afrikaansche Republiek. Niettegenstaande de moeilijkheden en opofferings daaraan verbonden verklaarde meer dan een zich bereid een tijd lang den herderstaf onder hunne herderlooze geloofsgenooten op te nemen" 16.)

Hiervolgens blyk dit dus dat daar heelwat manne bereid was om te gaan help en onder andere ook Prop. P. Huet. Op Vrydag, 30 Oktober laat Ds. van der Lingen die volgende voorstel voor die vergadering dien: „Aangezien de Eerwaarde Proponent P. Huet zijnen naam geplaatst heeft op de lijst aan welker hoofd staat „Roepstem uit Lijdenburg" stelt de ondergeteekende voor, dat de Hoog-Eerw. Synode den Eerw. Proponent Huet de ordinatie geve tot herder en leraar in de Nederduitsch Gereformeerde Kerk en de plegtigheid dier ondening voltrekke op aanstaanden Maandag des avonds, tijdens het biduur." 17.) Hierdie voorstel word die besluit van die vergadering. Die Scriba verduidelik dat daar sekere veranderinge in die Akte van Bevestiging aangebring sal moet word om te mag aapas by hierdie besondere geval. Kerkregterlik mag 'n predikant alleen bevestig word in die gemeente waarheen hy beroep is. Die nodige veranderinge word deur die Sinode goedgekeur. 18.)

Hierdie

-
- 12.) D.K.B. 15 Aug. 1857. p. 277. V: 6 (Agenda van komende Sinode.) „Verzoek dat eene Algemeene uitnodiging geschiede aan de leeraars der onderscheidene Gemeenten, ten einde iemand hunner te bewegen voor éénen bepaalden tyd het dienswerk in de gemeente Lijdenburg te verrigten."
- 13.) Acta Synodi. 1857. p.44
- 14.) Acta Synodi. 1857. p.3.
- 15.) Acta Synodi. 1857. p.44.
- 16.) Elpis. 1857. p. 288.
- 17.) Acta Synodi. 1857. p.47.
- 18.) Acta Synodi. 1857. p.47.

Hierdie voorstel van Ds. v.d. Lingen laat 'n mens dink dat Huet dalk sy verlanse persoonlik aan sy gasheer oorgedra het om na Lydenburg te wil gaan of moontlik kon Ds. A. Murray dalk vir Huet voorspraak gedoen het aangesien ons weet dat hy en Huet vroeër in die jaar van plan was om saam Lydenburg te gaan besoek het.

Op Maandagaand 2 November 1857 vind die grootse gebeurtenis in Huet se lewe dan ook plaas. Die ordening het in die Groote Kerk, Kaapstad, plaasgevind en word baie kort in die notule van 3 November verhaal. 19.) Dat die ordening die belangstelling van die Kerklike publiek geniet het, blyk duidelik uit die mededeling dat daar op die besondere aand omtrent 'n drieduisend mense in die Kerk teenwoordig was. 20.) Huet was natuurlik ook bekend as gevolg van sy gedigte en meesleurende welsprekendheid, sy tydskrifartikels met sy onsimpatieke uitlatings teenoor die kolonis wat geen meeleving in pionierstoestande weerspieël nie, asook sy besondere sienswyses ten opsigte van die inboorlinge. Hierby dien nog gevoeg te word dat sy legitimasie en ordening iets besonder was en algemene belangstelling gaande gemaak het. Vandat die Wetsbepaling in die Sinode van 1829 so gewysig is dat die legitimasie van „aankomende" predikante uit Europa by die Actuarius Synodi berus (voorheen was dit die Ringspraeses) is maar enkeles hier gelegitimeer en georden. Al die predikante voor 1829 is in Holland of Skotland eers gelegitimeer voordat hulle hierheen gekom het. Huet was dus die eerste predikant wat hier georden is en ook vanweë hierdie feit die besondere opkoms.

Aangesien die hele Sinode daardie aand teenwoordig sou wees is daar besluit dat die plegtigheid verrig sou word deur 'n gekose kommissie. Hierdie kommissie was saamgestel uit die Moderator, die Assessor, die Scriba en die oudste dienende predikant uit elke Ring. Die predikante wat deelgeneem het was die van die Paarl, Swellendam, Swartland, Uitenhage, Victoria, Graaff-Reinet en Bloemfontein. 21.)

Na die gebed en die sing van Gesand 3 vers 2 deel die Moderator die doel van samekoms aan die gehoor mee en lees die bevestigingsformulier. Hierna oorhandig die Moderator 'n Bybel aan Huet, „legde hem de hand op, waarin hy door al de daartoe gekozen broeders werd gevolgd. Hierop deed de Hoog-Eerw. Scriba een gebed, hem aan God opdragende, die nu met oplegging der handen, to de Heilige dienst was geordend, en noodigde de vergaderde menigte uit, te zingen Ps. 134: v. 3. dat met eenstemmigheid en kracht geschiede."

Nadat

-
- 19.) Acta Synodi, 1857, p. 54. (Bijlage)
 Vgl. Brievenboek Actuarius No2. p. 183. Kaapse Kerkargief. Hierdie akte is geskrywe in die handskrif van Dr. A. Faure. Moontlik was daar geen gedrukte akte want die eerste gedrukte een dateer 29/6/1858 en is uitgereik aan Ds. I.G.J. Horak van Mosselbaai.
- 20.) Huet. p.107.
- 21.) Acta Synodi. 1857. p. 140.

Nadat die Assessor die jong proponent vermaan en bemoedig het, bestyg Huet self die kansel en spreek sy gehoor toe na aanleiding van I Tim. I:13. ²²⁾ „Maar aan my is barmhartigheid bewys." Sy rede het die volgende twee indelings gehad:

- (a) Hoe 'n groot sondaar hy was, en
- (b) Die barmhartigheid van God. 23.)

„In ongekunstelde taal, te midden van een doodelijke stilte, nu en dan afgebroken door een verzuchting of snik, verhaalde hij, wie hij geweest was, en welke barmhartigheid Gods aan hem was geschied."

Hierna doen hy sy bedankings en sê onder andere: „Neemt den jeugdigen dienstknegt van den Heiland --- ik tel slechts drie jaren van verbintenis aan Hem -- als eenen broeder aan, als een broeder, die onwaardig is zelfs de minste van allen genoemd te worden, omdat hij uitnemend ver in de zonde geweest is, maar als een broeder, wiens waarachtige begeerte is al zijne levensdagen en al zijne levenskrachten in den dienst van den Heer Jesus te besteden." 24.)

Die verigtinge word afgesluit met 'n dankgebed en die sing van Ps. 72. v: II, waarna die seen uitgespreek is. 25.)

Vyf-en-twintig jaar later vertel hy in 'n kort brosjure wat hy geskrywe het om sy diensttermyn in die Kerk te herdenk hoedat hy daardie besondere aand na die diens langs die strand gaan wandel het om in die eensaamheid God te dank vir die wonder wat in sy lewe gebeur het. 26.)

Dadelik is aan „De Kerkbode" kennis gegee van sy bevestiging as predikant van die Ned. Geref. Kerk en lees ons in 'n kort berig in „De Kerkbode" van 21 Nov. 1857 dat, „de Heer Huet op het beroep van die gemeente geantwoord heeft, dat hij zich voorlopig, voor eenen tijd, aan de gemeente van Lijdenburg in het Overvaalsch heeft verbonden." 27.)

Na die sluiting van die Sinode op 17 November 1857,²⁸⁾ keer alle afgevaardigdes huiswaarts en onder hulle is Ds. D.P.M. Huet wat net eers weer 'n korte tydjie by sy troue vriende in die Paarl gaan deurbring, voordat „die nuwe leraar van Lydenburg", met sy reis noordwaarts begin as die eerste geordende bedienaar van die Goddelike Woord vir die Ned. Geref. Gemeente Lydenburg. 29.)

-
- 22.) Acta Synodi, 1857. p.54. (bijlage)
 - 23.) Vijf en twintig jaren. p.2.
 - 24.) Huet. pp. 108 - 112.
 - 25.) Acta Synodi. 1857. p.54.
 - 26.) Vijf en twintig jaren. p.3.
 - 27.) D.K.B. 7 Nov. 1857. p.376.
 - 28.) Acta Synodi. 1857. p.82.
 - 29.) D.K.B. 21 Nov. 1857. p.395.

„Wij vernemen dat de Wel Eerw. Heer Huet op het beroep van die gemeente geantwoordt heeft, dat hij zich voorlopig, voor eenen tijd, aan de gemeente van Lijdenburg in het Overvaalsch heeft verbonden."

HOOFSTUK IX

HUET SE REIS DEUR NATAL TOT IN SOUTPANSBERG.

Voordat Huet afskeid geneem het van Aliwal-Noord om na die Sinode te vertrek het die kerkraad 'n beroep op hom uitgebring om, „na zijne legitimasie op de Zynode te worden aangeboden." 1.) Huet het hierdie beroep nie aangeneem nie aangesien hy hom aangetrokke gevoel het om die Trekkers in die Noorde te gaan besoek en as leraar van Lydenburg georden is. 2.)

Op 27 November vertrek Huet uit die Paarl en neem hy afskeid van „zijn geestelijk ouderlijke woning." Die nag slaap hy by Ds. P. Faure van Wynberg. 3.) Hierdie besondere knap predikant was al op 36jarige leeftyd gekies as Moderator van die Kaapse Sinode. Gedurende die vergaderings van 1847, 1857, 1867 en 1873 het by die leiding op bekwame wyse geneem. In 1848 is hy en Dr. W. Robertson deur die Sinodale Kommissie afgevaardig om die Voortrekkers benoerde die Oranjerivier te besoek; „om alle zoodanige maatregelen te nemen, waardoor in de geestelijke behoeften der uitgewekenen op een geregelde wijze kon worden voorzien." Orals is hulle baie hartlik verwelkom en waar daar gevalle van terughoudendheid aangetref was is die gou uit die weg geruim. Langs die hele weg tref die kommissie vooruitgang aan op kerklike gebied. Hulle reis het drie en 'n half maande geduur. Op die terugreis ontmoet hulle in die pastorie van Graaff-Reinet die jong Proponent A. Murray wat wldra as die eerste gevestigde leraar hom in die Transgariep sou gaan vestig. Hierdie sending het veel bygedra om die verhouding tussen die Voortrekkers en die Moederkerk te verbeter. Met besondere waardering is later hiervan melding gemaak in 'n brief van die „Nederduitse Gemeente van Potchefstroom, Magaliesberg, Mariko, Ohrigstad en Zoutpansberg." aan die Hervormde Sinode in Holland, waarin hulle vra „om 'n waardige leraar." 4.)

Die volgende dag vertrek Huet met 'n klein stoomboot, „De Madagascar" op sy weg na Durban. Op SONDAG 6 Desember gooi hulle anker in die Natalse Hawe. Hier neem hy sy intrek in 'n hotel aangesien hy te Durban 'n paar dae moes oorbly ten einde te wag dat iemand hom kom haal na Pietermaritzburg. Na 'n verblyf van omtrent 'n week vertrek hy na sy nuwe tuiste waar hy tuisgegaan het by 'n sekere „heer F." 5.) Hier neem Huet voorlopig vir twee maande waar aangesien die plaaslike leraar Dr. H.E. Faure in die Kaap was vir mediese behandeling. 6.) Hierdie benoeming van Huet is gedoen deur die Koloniale Sekretaris. Die verloftyd van Dr. Faure is later ook verleng tot die einde van Maart 1858. 7.) As gevolg van swak gesondheid moes

-
- 1.) D.K.B. 7/11/1857.
 - 2.) Acta Synodi. 1857. p. 47.
 - 3.) Huet. pp. 115 -116.
 - 4.) Gerdener. p.39.
 - 5.) Huet. p.116.
 - 6.) N.K.A. "Newspaper Cuttings." Vol I. De Afrikaner . 19/11/1926 No7. Brief dateer 29/1/1958; Dr. Faure is volgens 'n brief van die Scriba aan die Koloniale Sekretaris "afflicted with a very serious and dangerous malady and upon the urgent recommendation will be removed to the Cape."
 - 7.) N.A.G.H. 272 No6. 1858. Brief dateer 9/1/58. Volgens hierdie brief word nog 'n verdere verloftyd aan Dr. Faure toegeken deur die Goewerneur tot 10 Maart 1858.

moes hy later bedank as Predikant van Pietermaritzburg. 8.)

Huet word hier nie met ongemengde gevoelens van vreugde ontvang nie, want sy beskouing van gelykstelling tussen blank en nie-blank het hom alreeds vooruitgeloop. 9.) Dit het as gevolg gehad dat hy aan die begin met veel teenstand te doen gehad het. Namate die inwoners hom beter leer ken het as, „den beminden prediker werden de harten en gevoelens der menschen te zynen gunste gekeerd." Dit is baie jammer dat Huet die strewe van die Boere nie verstaan het nie en van die Voortrekker wat van die Oosgrens die binneland ingetrek het, nog minder.

Die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk ten Noorde van die Oranjerivier kan vanaf 1836 to 1881, met die eerste Vryheidsoorlog, nie van die politieke lewe geskei word nie. Daar was die volgelinge van Retief, Maritz en Uys wat gemeen het dat Natal die beste einddoel was, terwyl die volgelinge van Potgieter verkies het om hulle in die omgewing van die Vaalrivier te vestig.

Die lotgevalle van die Trekkers in Natal was geensins benydenswaardig nie. Op 6 Februarie 1838 word Retief met omtrent sewentig man deur Dingaan vermoor. Potgieter kom dit te hore en saam met P. Uys organiseer hulle 'n ekspedisie teen Dingaan, maar dit het op 11 April 1838 by Italeni misluk. Potgieter verlaat Natal en gaan vestig hom te Mooirivier alwaar hy die dorpie Potchefstroom stig om so dan ook die grondlegger van Transvaal te word.

Na die versterking wat die Trekkers met die koms van A.W.J. Pretorius uit die distrik van Graaff-Reinet, ontvang het, slaag hulle daarin om op 16 Desember 1838 die Zoeloes by Bloedrivier te verslaan. 10) Met behulp van Panda word sy mag heeltemal vernietig. 11) Nou kon die Voortrekkers begin met die opbou van die nuwe staat. Kom. Gen. Pretorius besef dat die pasgestigte staat veel sterker sal wees indien dit al die Voortrekkers insluit en met die vergadering te Potchefstroom in Oktober 1840 word hierdie ideaal bereik. 12.)

Hierdie eerste Voortrekkerstaat se lewe was maar baie kort van duur, want die Britse regering het besluit om 'n einde hieraan te maak. Op 15 Junie 1842 onderwerp die Volksraad hom aan die Britse gesag, alhoewel hy nog voort bly staan het tot in Desember 1845, toe Martin West as Luitenant-Goewerneur oorgeneem het.

Hierna

-
8.) Feesalbum. p.84: Dr. H.E. Faure het later nadat hy gesond was 'n beroep aangeneem na die St. Stephens Gemeente, Kaapstad. In April 1862 het hy na Europa vertrek om vir skuld op hierdie kerkgebou te kollekteer. Daar het hy 'n beroep ontvang, dit aangeneem en daar vir goed gebly. Dr. Faure en Ds. Huet se paaie sou weer in Holland kruis.
9.) Huet. p. 120
10.) Scholtz, Dr. G.D. Deel I. p. 22.
11.) Gedenkboek, Pietermaritzburg. p.56.
12.) Scholtz, Dr. G.D. Deel I. p.23.

Hierna was daar 'n stroom van Trekkers uit Natal totdat daar maar net 'n handjievol oorgebly het en die Britse Owerheid verplig was om allerlei immigrasieplanne uit te dink om in Natal 'n blanke nedersetting te hou. 13.)

Die ontstaan van die Hoofstad van die „Republiek Natalia“ dateer terug na 23 Oktober 1838 toe die Voortrekker-Volksraad besluit het om 'n dorp aan te lê aan die voet van die skilderagtige Boesmansrand. Die dorp is vernoem na die Voortrekkerleiers Pieter Retief en Gerrit Maritz, terwyl Piet Greyling, die skoonseun van Piet Retief die aanlêwerk gedoen het. Die dreigende Zoeloegevaar het verhoed dat die Trekkers enige verdere stappe tot die uitlê en aanlê van die dorp kon doen. Na die slag van Bloedrivier het die Zoeloegevaar ietwat op die agtergrond gekom en kon daar begin word met die verdere aanlê en bewoning van die dorp. Die groei van die dorp was geleidelik en toe Huet in 1858 daar arriveer was Pietermaritzburg al taamlik uitgebrei. In 1857 het Natal 'n eie Wetgewende Raad verkry en het Pietermaritzburg die amptelike Natalse hoofstad en die setel van Verteenwoordigende Bestuur geword. Op 24 Maart 1857 is die Wetgewende Raad op luisterryke wyse geopen. 14.)

Tenspyte van sy belangrikheid het die dorp nog mank gegaan aan talle gebreke. Veral die stof was baie hinderlik. Toe Lady Barker in 1875 die dorp besoek het, skrywe sy: "If I sit down in an armchair, I disturb a cloud of dust; my pillow is, I am convinced, stuffed with it, and Don Quixote's enemies could not more persistently bite the dust than we do at each meal." 15.) Heel waarskynlik was dit juis die rede waarom Huet later in die Kerkraad gesê het dat 'n pastorie buite die dorp veel gesonder sou wees as in die hoofstad self. 16.)

'n Meer georganiseerde kerklike lewe begin wanneer die trek waaronder Eerw. Erasmus Smit¹⁷⁾ was, op 31 Januarie 1839 sy bestemming te Pietermaritzburg bereik. Die dorp het toe nog maar die aansig van 'n groot

-
- 13.) Gedenkboek. Pietermaritzburg (P.M.Burg.) pp. 57 - 60.
 14.) Gedenkboek. Pietermaritzburg. p. 41 - 45.
 15.) Gedenkboek Pietermaritzburg. p.45. Aangehaal deur van Zyl.
 16.) Kerkraadsnotule. P.M.Burg. 18/4/1864.
 17.) Eeuwfeest -Album van de Nederduits Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika (1824 - 1924.) p. 88. E. Smith is feitelik de stichter geweest van de Ned. Geref. Kerk over de Oranje-Rivier in Natal, de Vrijstaat en Transvaal."
 Vgl. ook:
 Edwin W. Smith: Die Lewe en Tye van Daniël Lindley (1801 - 80.)
 (Voortaan Daniël Lindley) p. 117.
 „Wyle Dr. A. Dreyer argivaris van die N.G. Kerk, noem Daniël Lindley die stigter van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Natal die Oranje Vrystaat en die Transvaal.
 Vgl. ook Gerdener. p. 21.

groot laer gehad. Spoedig na Eerw. Smit se aankoms is daar uit hout en riet geboutjies wat voorlopig as kerk en skool kon dien, opgerig. Later is 'n geboutjie aangekoop wat skynbaar op perseel 21 Pietermaritzburg gestaan het. Ook hierdie geboutjie kon later as gevolg van die toenemende getalle nie al die mense huisves nie, en in April 1840 is besluit om 'n nuwe „gestig" te bou. Op 1 April 1840 is op 'n publieke byeenkoms besluit, „om het Pastores grond alhier ter plaatse een godsdienstig gestig te vervaardigen, met welke zij eene aanvang willen nemen op Maandag den 28ste dezer..... welke gebou na dat de kerk zal voltooid zijn, tot een Pastorie of woning voor den leeraar zal moeten veranderd worden." Hierdie kerkie is heel waarskynlik vroeg in 1841 in gebruik geneem. 18.) Dit is hierdie kerkie wat vandag bekend staan as die Voortrekker-museum. 19.)

Aangesien baie van die trekkers Erasmus Smit nie wou erken as hulle leraar nie het hulle met Eerw. Lindley onderhandel om na hulle te kom. 20.) Lindley het in 1836 in Mosega begin werk maar moes na 'n kort tydjie, saam met sy mede sendelinge²¹⁾, die wyk neem na Natal. 22.) Hier was toestande ook maar baie sorgwekkend en hoewel hy so lank moontlik op die Oemlaas-sendingstasie gebly het, moes hy vir 'n tyd na Port -Elizabeth vlug. Na sy terugkoms het die emigrante hom beweeg om onder hulle te kom arbei. Hierdie welopgevoede, ernstige sendeling van die „Amerikaanse Sending" wat Suid-Afrika in 1835 bereik het met die doel om deur sy, "American Zulu Mission" die Zoeloenasie te bearbei, het die geestelike toestand van die Boere so aangegetrek dat hy ingewillig het om te help totdat hulle 'n predikant sou kry. Dit skyn asof hierdie Daniel Lindley in baie opsigte net die man was na die Boere se hart want hy het voldoen aan wat hulle van 'n predikant verwag het. Hy was ook 'n trekker, kon goed skiet, hy kon oor waens en osse gesels, was gehard netsoos hulle op die trekpad, maar kon ook vir hulle voorgaan op Godsdienstige gebied. 23.) Hy het hulle bedien vanaf 1841 - 1846. 24.) Nie net het hy die hele Natal bearbei nie maar gedurende sy dienstyd van sewe jaar ook geseënde werk gedoen in Transvaal en in die Vrystaat. 25.) Gedurende hierdie tyd word besluit om as gevolg van die uitgestrektheid van die land vyf gemeentes te stig - drie ten Ooste, een ten Weste en een ten Noorde van die Drakensberge -- en word daar in elke gemeente 'n kerkraad aangestel en bevestig. Die gemeentes was: Port-Natal, Pietermaritzburg, Weenen, Winburg en Mooirivier of soos vandag bekend, Potchefstroom.

Op 1 April 1841 is Eerw. Lindley aangestel as predikant van Pietermaritzburg met 'n salaris van £100 per jaar plus 'n vry woning. 26.)

Baie

-
- 18.) Gedenkboek. P.M.Burg. pp. 10 - 12.
 19.) Gedenkboek. P.M.Burg. p.14.
 20.) Gedenkboek. P.M.Burg. p.12.
 21.) Gerdener. p.18. Lindley se mede Sendelinge was Eerw. Wilson en Venable in Mosega, terwyl Dr. Adams en Eerw. Grout en Champion hulle in Port Natal gevestig het.
 22.) Gerdener. p.36.
 23.) E. Smith. p.98.
 24.) Gedenkboek. p.61.
 25.) Gerdener. p. 53.
 26.) Moorrees. p.716.

Baie gou is daar van die besluit afgesien om die kerk in 'n pastorie te verander. Op 6 Julie 1841 is besluit om die plankdak met 'n grasdak te vervang asook om gewels aan te bring sodat 'n gallery ingebou kon word aangesien die opkomste goed verbeter. In Des. 1841 is besluit dat J.B. Rudolph 'n versoek aan die Volksraad moet rig oor, „die vergunning van een erf in deze Hoof Plaats ten einde op dezelve een huis te kunne bouwen tot een wooning voor de leeraar." Van hierdie versoek het daar skynbaar niks tereg gekom nie, want in dieselfde maand het die Kerkraad perseel Nr. 33, geleë aan Loopstraat, van 'n sekere L.de Jager gekoop teen 500 rds. In die loop van 1842 is daar 'n begin gemaak met die bou van 'n pastorie vir Eerw. Lindley.

Heel moontlik is die geboutjie op perseel 21, gebruik terwyl die herstelwerk aan die „geloftekerkie" gedoen word. Hierdie afleiding word gedoen aangesien Adv. Cloete in 1843 opgemerk het dat terwyl die bouwerk aan die kerk op perseel 34, Langmarkstraat, nog aan die gang is, perseel 21 Pietermaritzstraat deur die kerk geokkupeer is. In 1843 koop Eerw. Archbell, wat sendeling was van die Wesleyaanse Kerk, perseel 21 van die Kerkraad vir 500 rds.

Intussen is die dubbelverdiepingpastorie voltooi. Op 7 Januarie 1842 het die Volksraad perseel 34, Langmarkstraat, waarop die kerkgebou staan, oorgemaak aan die Kerkraad van Pietermaritzburg. Behalwe hierdie grond het die Volksraad aan die Kerk ook nog twee plase toegeken maar die het die kerk na die anneksasie van Natal verloor. 27.)

Na die vertrek van Eerw. Lindley het dit die gemeente van Pietermaritzburg geluk om die dienste van Eerw. J.L. Döhne wat op 'n Berlynse sendingstasie werksaam was te verkry vanaf Maart 1847 tot 1849. 28.) Hoewel daar aanvanklik probleme was met sy aanstelling het die Kaapse Sinode die saak geskik deur Eerw. Döhne by die regering aan te beveel net totdat daar 'n geordende leraar weer gevind sal word. 29.) Hy het sy werk tot groot genoë van die Kerkraad gedoen en was hy volgens hulle verklaring: „ywerig in die bevordering van hulle sieleheil. 30.)

Gedurende die jare 1850 tot 1852 was die gemeente vakant maar gelukkig het daar gedurende die vakature hulp gekom in die persoon van Ds. D. van Velden. In 1850 vertoef hy 'n paar maande te Pietermaritzburg op sy pad na Winburg alwaar hy as leraar deur die Kaapse Goewerneur aangestel is. In 1853 het hy weer oorgekom, vir die bevestiging van Dr. H. Faure, want dit het tot Desember 1852 geduur voordat die gemeente op 19 Desember 1852 haar eerste geordende leraar ontvang het in die persoon van

Dr. Hendrik

-
- 27.) Gedenkboek. pp. 14 - 15.
 Vgl. ook Gerdener. p.17 en Moorrees p.705 vir besonderhede in verband met Eerw. Archbell.
- 28.) Moorrees. p.718.
- 29.) Gerdener. p.39.
- 30.) Moorrees. p. 718.

Dr. Hendrik Emmanuel Faure. As gevolg van die skaarste aan predikante moes hy wag tot 8 Mei 1853 om deur Ds. van Velden, as konsulent van Pietermaritzburg, in sy amp bevestig te word. Hy was die seun van die bekende Kaapse predikant Ds. A. Faure wat in die najaar van 1843 Natal besoek het en beloof het om 'n predikant vir die emigrante te soek. Met die koms van Dr. Faure begin die kerklike sake eers in der waarheid sy gereelde loop neem en is daar nou sprake van 'n georganiseerde kerklike lewe.

Dr. Faure was nog nie tweejaar in die Voortrekkergemeente nie of dit was nodig om herstelwerk aan die kerkie te laat doen. Na 'n deeglike ondersoek ingestel is deur die kerkraad was hulle bevinding dat die kerkie vervang moes word deur 'n nuwe gebou, en dat die dan ook verder van die hoofstraat geleë sal wees. Op 5 April is besluit om 'n nuwe kerk te bou.

Die kerkraad gee op 2 Julie 1855 aan Dr. Faure opdrag om aansoek te doen „om een gedeelte van de markt teneinde eene nieuwe kerk te bouwen.” Op 23 Julie antwoord die Luitenant-Goewerneur dat hy nie by magte is om die versoek goed te keur nie, aangesien die grond nou aan die Stadsraad behoort. 31.) Dr. Faure herhaal sy versoek weer op 28 Augustus 1855 aan die Stadsraad. Raadslid J.C. Boshoff bepleit die saak van die Kerkraad in die Raadsaal en sê onder andere "The ground applied for was, in fact, that which had been set apart by the original Dutch settlers for a church." 32.) Na langdurige onderhandelinge kon die Kerkraad niks anders doen as om die saak voorlopig daar te laat nie. Op 1 Februarie 1856 is deur die gekose Boukommissie besluit dat 'n kerk gebou sal word, „tussen de oude kerk en de woning van de heer A. Coqui," dit wil sê om van die orige gedeelte van erf Nr. 34 gebruik te maak. Hierdie gedeelte grond het reg teenoor die gedeelte van perseel 33, waarop die betrokke boukommissie met hulle eerste vergadering op 21 April 1855 besluit het; „dat de Kerkeraad wordt verzocht om aansoek bij het Gouvernement en Corporatie te doen, tot het verkrijgen van een stuk gronds, aan het onderste gedeelte der marktplein, ten groote van ongeveer 100 x 500 voeten voor het oprichten der Kerk." 33.)

Die vooruitsig dat Dr. Faure nog die hoeksteen voor sy vertrek uit Pietermaritzburg sou lê, aangesien sy gesondheid alreeds veel te wense oorgelaat het, word verydel aangesien sy toestand so versleg het dat hy gedwing word om skielik Kaap toe te vertrek vir mediese behandeling. Op 5 Oktober 1857 word die hoeksteen gelê deur Regter W. Harding en die dienste waargeneem deur Eerw. D. Lindley. Die gallery en preekstoel is uit die ou kerkie verwyder opgeknap en in die nuwe kerk geplaas. 34.)

Kort

-
- 31.) (i) Ons N.G. Kerk. p. 98: Vgl. ook:
 (ii) Gedenkboek. pp. 17 - 18.
 32.) Die Stryd oor erf Nr. 33. p.5.
 33.) Gedenkboek. p.20.
 34.) Gedenkboek. p.22.

Kort na die hoeksteenlegging het Huet in Pietermaritzburg gearriveer³⁵⁾ om vir twee maande af te los voordat hy verder na die Noorde op reis gaan. Hy kon dus sien hoedat die kerkie stadig maar seker vorder. Later sal dit dan ook sy voorreg wees om hierdie kerk in 1861 te mag inwy. 36.)

Spoedig was Huet se dienstyd hier verstreke en gaan hy op reis na die Noorde. Die eerste „kerkplek“ wat hy aandoen was Greytown wat jarelank die naam van Rooyenburg gedra het. In 1859 is hierdie gemeente afgestig van Pietermaritzburg en as eerste leraar is Ds. L. Biccard hier in 1863 bevestig. 37.) Hier het Huet 'n paar drukke dae deurgebring. Jong lidmate moes belydenis van geloof aflê; die doop en nagmaal moes bedien word; krankebesoek moes gedoen word en waar nodig nog talle private gesprekke met gemeentede.

Hiervandaan gaan hy na Weenen, waar dieselfde amptelike werk gewag het. Weenen is ook in 1859 van Pietermaritzburg afgestig en verenig met Marianne-Kerk. Hierdie besluit is bekragtig deur die Transgariëpse Ring in 1859 te Fauresmith. In dieselfde jaar is hulle eie Kerkgebou ook ingewy. Ds. John McCarter het as eerste predikant hier gearbei vanaf 1862 tot 1867. 39.) Die eerste Gekombineerde kerkraadsvergadering te Weenen is gehou te Colenso op 19 Oktober 1859 en het Ds. Huet die leiding op hom geneem. Op 31 Augustus 1862 is reeds genoemde Ds. McCarter deur Ds. Biccard van Greytown in sy amp bevestig. 40.)

Die volgende uitspanplek was Marianneskerk. Hierdie wyk is vernoem na die gade van Dr. H.E. Faure. Hierdie wyk was nogal 'n baie digbe-woonde gedeelte. 41.) Van hier versit hy na Ladysmith wat in 1854 tot gemeente afgestig is. Indien ons dink dat na die stigting van Pietermaritzburg dit die hele gebied ingesluit het, wat deur die Voortrekkers bewoon is dan kry ons 'n idee van die grootte van die gemeente en die behoefte aan 'n vaste leraar. Hier het Huet 33 jongmense belydenis van geloof laat aflê. Die sakramente van die doop sowel as van die nagmaal is bedien. 43.)

Om

-
- 35.) N.A.G.H. 272. No6. 1858...."With reference to my despatch No54 of the 4th July last reporting that I had granted 7 months leave of absence to the Revd. Dr. Faure.... and have approved the appointment of the Revd. P. Huet to supply his place during the intervening period".
 Vgl. ook: „Die Afrikaner“. 22 Okt. 1926 deur Prof. Dr. G.Besselaar.
- 36.) Sien vir besonderhede Hoofstuk XII.
- 37.) Kerkraadsnotule Ladysmith. 12/9/1859. Vgl. ook: Feesalbum. p.284; Vgl. Gerdener p.123.
- 38.) Huet. pp. 124 - 126.
- 39.) Kerkraadsnotule: Ladysmith: 12/9/1859. „Besloten om Weenen af te scheid van Pietermaritzburg en te vereenigen met Marianneskerk.
 Vgl. (i) Feesalbum 301 (ii) Ons N.G.Kerk. p.103.
- 40.) Gerdener. pp. 122-123.
- 41.) Gerdener. p. 123. Vgl. ook Eeufees. Ladysmith (1854 -1954) deur W.M. Kalmijn. p.7. (Voortaan - Ladysmith.)
- 42.) Ladysmith. p.4.
- 43.) Huet. p.127.

Om Lydenburg te bereik gaan Huet oor Utrecht. Hierdie gemeente het buite die grense van Natal geval. Op 19 November 1854 is Utrecht deur die Konsulent Dr. H.E. Faure op die plaas Vredenhof gestig. Hierdie gemeente net soos Lydenburg het onder die toesig van die Ned. Geref. Kerk in Kaapland geresorteer totdat die twee genoemde gemeentes deur die uitspraak van die Kaapse Hooggeregshof losgemaak is van die Kaapse Kerk. In 1864 is die tweede Ringsvergadering van Natal te Utrecht gehou en is die band met Natal losgemaak sodat die gemeente sedertdien onder die Transvaalse Kerk resorteer. 44.) Interessant is dit om te weet dat die eerste godsdiensoefening in hierdie geweste gehou is binne die grense van hierdie gemeente en wel op die vooraand van die slag van Bloedrivier in die Laer. 45.)

Die dorp self is in 1853 deur 'n aantal Voortrekkers aangelê wat die landstreek van Panda geruil het vir 100 beeste. Hierdie gebied het gelê tussen die Buffelsrivier, Bloedrivier en die Drakensberge. Hierdie koopbrief is onderteken op 8 September 1854. Die eerste Kerkraadsvergadering is gehou op 5 Maart 1856 en op 28 April is die eerste kerkgebou ingewy deur Dr. H.E. Faure. Volgens die verslag van die verrigtinge was daar geen ander plek in die ganse Transgariëp waar die Trekkers so gou na hulle vestiging so 'n sterk en aansienlike gebou opgerig het as juis op Utrecht nie. 46.)

Op die stigtingsvergadering is daar besluit dat hierdie gemeente „in verband en onder het geestelike opzicht van de Hoog. Eerw. Synode van de Ned. Geref. Kerk van Zuid-Afrika sou resorteer" en op 10 Oktober 1858, dat geen predikant daar mag preek tensy hy „van de Kaapsche Synode aangenomen worden aanbevolen." 47.)

Hierdie gemeente besoek Huet in April 1858 en toe weer op sy terugreis van Lydenburg in Oktober van dieselfde jaar. By albei besoeke sit hy voor op die Kerkraadsvergaderinge. 48.) Huet word in geen benydenswaardige posisie geplaas toe op 10 Oktober 1858 die destydse geskille tussen die Lydenburgers en die aanhangers van M.W. Pretorius ook in die kerkraad na vore tree. 'n Memorie word ingedien, onderteken deur 50 lidmate waarin Huet versoek word om drie kerkraadslede uit hulle amp te ontslaan, „uit hoofde zij zich schuldig gemaakt hebben aan oproerigheid in den staat .. en daar door groote tweespalt verwekt." 49.) Aangesien Huet slegs op sy deurreis hier aangedoen het, kon hy die finale beslissing en afhandeling van die saak aan die kerkraad oorlaat.

Die

44.) Feesalbum. p.409.

45.) du Toit, F.G.M.

Eupees -Utrecht (1854 - 1954) p.7.

46.) Gerdener. pp.301 - 308. Vgl. ook Moorrees. p. 795 - 802.

47.) Vgl. in T.K.A. die Kerkraadsnotule van Utrecht.
dateer 5/3/1856.

48.) du Toit, F.G.M. Eupees- Utrecht. p.10.

49.) Kerkraadsnotule van Utrecht(T.K.A.) 10 Oktober 1858.

Die reis van hier na Lydenburg duur tien dae en gaan gepaard met veel ontberinge. Sy daaglikse ete het bestaan uit droë beskuit, swart koffie en solank die voorraad nog gehou het ook droëvleis. Tereg het 'n skrywer opgemerk dat dit juis onder sulke omstandighede van swaarkry was dat die digtergees in hom vaardig geword het: Dit is ook gedurende hierdie reis dat sy bekende gedig, „De laagste Plaats” die lig gesien het.

„ In dit leven is een pad,
 Slachts door weinigen betreden;
 Maar, die ooit dien weg betrad,
 Wordt geleid naar't hemelsch Eden.
 't Is een weg van droef geweene,
 Maar van zoete vreugde tevens,
 Vaak door donkre neevlen heen:
 't Is de nauwe weg des levens,
 Heer, dat mij de laagste plaats
 Op dien heilweg zij gegeven.
 Niemand ooit heeft zooveel kwaads
 Tegen zooveel licht bedreven.” ens. ens. 50.)

Aangesien malaria baie kwaai op Ohrigstad was en talle slagoffers geëis het, het die gemeenskap besluit om dertig myl suid te gaan woon en daar 'n nuwe dorp aan te lê. Op 21 September 1849 word die naam Lydenburg aan die dorp gegee. Wanneer Ds. A. Murray van Bloemfontein, hierdie geweste besoek gedurende die laaste helfte van Desember 1849, word op 7 Januarie 1850 die eerste lidmate aangeneem en die doop bedien. Dié datum is dan ook die begin van die derde Transvaalse gemeente in die Noordoostelike deel van die land. 51.)

In Lydenburg was Huet se ontvangs gladnie baie hartlik nie. Baie van die inwoners was alreeds bevooroordeeld teenoor hom, voordat hy daar gearriveer het. Voordat hy uit Utrecht vertrek het, het hy alreeds gerugte gehoor dat hulle hom liewers nie in Lydenburg sou wou ontvang nie, as gevolg van sy onverantwoordelike aantygings teen die Boere en sy gelyksteltingsbeleid tussen blank en nie-blank. 52.)

Wanneer Huet dan in April 1858 in Lydenburg arriveer en die kerkraad ontmoet maak hy dadelik van die geleentheid gebruik om alle misverstand uit die weg te ruim ten opsigte van sy reisjoernaal. Vanaf 28 Maart tot die einde van Mei bly Ds. Huet op Lydenburg en bedien twaalf keer die doop. Op 17 April is 12 mans en elf vroue aangeneem onder wie ook 'n sewentigjarige inwoner. Op 15 en 22 Mei is volgens die oudste lidmate-register nog 7 aangeneem. 53.)

Huet het

50.) Huet. p.128 (6 verse.)

51.) du Toit, F.G.M. „Ontstaan en vooruitgang van die Ned.Herv. of Geref. Gemeente Lydenburg. pp. 7 - 8. (Voortaan Lydenburg.)

52.) Huet. p. 131. Vgl. ook Gerdener. p. 298.

53.) Lydenburg. p. 24.

Huet het ook begin om dienste te hou vir die diensbodes wat volgens hom 'n „ongelooflijke triomf mag heeten," maar het daar groot teenstand verwek. Die vrugte was daar egter ook, want daar was wel van die boere wat begin het om dienste vir hulle naturelle te hou. 54.) Heel tereg kan ons Huet beskou as die vader van die sending in Noord-Transvaal.

Daar was vrug op sy arbeid en seën op die prediking want ons lees dat lidmate na die dienste hom kom raadpleeg oor geestelike probleme. Self skrywe Huet as volg: „In alle nederigheid en met dankzegging aan den Heer kan ik zeggen, dat de Heer wonderen doet. Het is bijna de vervulling mijner stoutsche wenschen, dat niet alleen een groote en diepe aandoening zich soms van het geheele gehoor meester maakt, maar werkelijk bekommering bij niet weinigen, gepaard gaande met eene vernieuwing van hart en leven, zelfs met betrekking tot de gewone vooroordeelen." 55.)

Gedurende Junie, Julie en Augustus 1858 besoek Huet Soutpansberg. 56.) Hierdie reis het Huet beskryf in sy boekie; „Het lot der swarten in Transvaal," waarin hy die boere beskuldig van mishandeling en slawerny ten opsigte van die naturelle.

Die reis daarheen is afgelê met 'n ossewa en in geselskap van twee here, naamlik Maré en van Rensburg. Veertien dae lank duur die trek en die reis gaan byna onafgebroke deur pragtige boswêreld. „De eerste zeventien dagen bleven wij langs de Olifantsrivier, een prachtige stroom waters.... Eenen tijd lang reden wij het woeste veld door.... het weder was aangenaam en mijn reisgeselschap liet niets te wenschen over."

Van sy medereisiger, Maré, dink hy besonder baie want, „Ik vond in den Heer Maré een man, die ik leerde achten en liefhebben. Vooral behaagde mij de vriendelijke wijze waarop hij zijn volk behandelde. Ach waarom weten niet allen aldus te doen? Waarom is bij zoo velen de reis niet anders dan eene onophoudelijke aaneenschakeling van scheldwoorden bedreig en slagen." 57.)

Volgens Huet sou in die reël die, „lot der Swarten" onder dengelyke omstandighede as volg gewees het:

„Daar rijdt

54.) Gerdener. p. 298.

55.) D.K.B. 23/10/1858. p. 353.
Vgl. ook D.K.B.

56.) Lydenburg. p.24.

57.) Het lot der Swarten in Transvaal. p.14.
Vgl. ook. Hofmeyr, S: „Twintig jaren in Zoutpansberg". p. 37. Dietloff S. Maré -- een lieve warme vriend en helper van ons en de zending geweest" - Dietloff Maré het later Landdros van Soutpansberg geword - Dit is skynbaar dieselfde persoon wat Huet vergesel het.

„Daar rijdt een boerenwagen door het eenzame veld. Voor de ossen in brandende hitte of snerpende koude, loopt een meestal geheel naakt schepsel, den geheelen dag en dikwijls een gedeelte van den nacht door.“

By die uitspanplek verloop sake volgens skrywer as volg: „dan worden de ossen uitgespannen en krijgt de arme jongen vier of vijf orders te gelijk...daar hij met den besten wil onmogelijk alles tegelijk kan doen, wordt hij met scheldwoord op scheldwoord overladen.“

Het die baas sy „kommetjie koffie“ gedrink en sy vleis geëet dan kry die ongelukkige naturel, „zijn drooge mieliestronk, (zijn eenig voedsel week na week.)“ om op die vuur te braai.

Nog erger: „is hy onwillig of permantig, dan wordt hij vast gebonden aan het wagenwiel en geslagen tot het vleesch hem van de zwarte huid is opengereten!“ 58.) By die lees van hierdie gedeeltes kan ons nie anders as om hierdie beskrywing te vergelyk met die van die Franse Sendeling, Casalis, wat sê dat die Boere se hartvogtigheid voortspruit, "from the habit of commanding, whip in hand, their cattle and their negroes." 59.)

Die beskuldiging dat die Boere die inboorlinge onderdruk en mishandel is as een van die redes aangegee waarom die Republiek se onafhanklikheid vernietig moes word. 60.) Gewoonlik is daar op die inboekstelsel gewys as 'n bedekte vorm van slawerny wat dit tog nie gewees het nie en nooit bedoel was om te wees nie. 61.) Die inboekstelsel het nie net 'n materialistiese grondslag gehad nie, maar ook idealistiese gronde wat so maklik onderskat word. Die idee van voogdyskap was 'n beslissende faktor by die inboek van naturelle. Hierdie stelsel het 'n gevoel van humaniteit by die Boer teenoor die naturel vertolk. Selfs Engeland, so word vermeld het erken dat dit 'n deeglike middel was om die „kaffer“ op te voed.

Die

58.) „Het lot der Zwarten in Transvaal“; p.14.

59.) Casalis. p.75.

60.) Lot der Zwarten in Transvaal.

Vgl. ook: Hervormde Teologiese Studies: Augustus 1953.

Prof. D. Postma oor die beskuldiging van slawerny teen Transvaal" p. 179: ik heb geen bewijs van slawernij ontdekt in al dien tyd op al my reizen bij naauwkeurige kennis-making met het personeel van dienstbaren", aldus Prof.Postma.

61.) (i) I.V.M. die Inboekstelsel sien: Venter, P.J.

Die Inboekstelsel, Die Huisgenoot, 1/6/34.

(ii) Kistner W. The anti-slavery Agitation Against the Transvaal Republic (i) p. 30. (ii) pp.163-165(Besluit).

(iii) Agar-Hamilton. The native Policy of the Voortrekkers. Hoofstuk IX.

Die beskuldiging teen die Boere kan ons in twee groepe verdeel:

1. Die wat 'n propagandistiese oogmerk gehad het. (62.)
2. Die wat uit onkunde voortspruit.

Onder eersgenoemde was diegene wat net besiel was met die een motief nl. anneksasie van die Republieke deur Engeland. Onder laasgenoemde groep val diegene wat vreemd gestaan het teenoor die Boer en sy tradisionele beleid ten opsigte van die inboorling. Hierdie mense, waaronder Huet ook ingedeel word, was mense wat nie kon indring tot die wese van slawerny en slawehandel nie. Hulle het hulle ook nie die moeite getroos om deur te dring tot die ware karakter van die Boer nie en was dus ook nie in staat om hom met sy eiesoortige tradisies en gewoontes te leer ken en verstaan nie. (62a) Huet skrywe onder andere „Is hij een ingeboekte, dan heeft hij nooit loon te wachten .. Het is slawernij in den volsten zin van den woord, behalwe dat in slavenlanden nog wetten en opzieners zijn, die eenigermate de mishandeling binnen zekere perken begrenzen, terwijl hier zich niemand, om hun lot bekommert.....ik heb niet overdreven en zou meer kunnen zeggen..” (64.)

Op 10 Julie nader die reisgeselskap die stad van Sebedela. Waar Huet gewoonlik in sy beskrywinge van Boerewoninge aantoon hoe slordig die wonings is⁶⁵⁾, beskrywe hy nou hoe sindelik die naturelle hutte is. Hy sluit dan af deur te skrywe: „Kafferstammen zijn, in den volste zin van het woord, schoon. Ik het mannen en vrouwen gezien, die, uitgenomen de kleur, als klassieke schoonheden konden gelden.” Omdat die naturelle altyd so christelik handel, daarom het hy hulle so lief, skrywe Huet.

Vir sy aankoms te Soutpansberg was die mense „ganschelijk niet voorbereid.” en volgens die uitlating van Kommandant Schoeman gladnie welkom nie. Kommandant Schoeman voel dat Huet eers sy goedkeuring moes gevra het voordat hy daarheen gekom het. (66.)

- 62.) Report of the Missions in Central Africa. London Missionary Society, 1851.
 Eerw. R. Edwards vra hulp van Britseregering vir naturelle teen mis-
 handeling van Boere. Hervormde Teologiese Studies. 1961. pp.287-300.
- 62a) Die Huisgenoot. 9/10/1936.
 Vgl. (i) SS84R 487/75. Lydenburg 16/2/75. Ds. J.G. Kriel kon geen bevestiging vind om die aantuiging van slavernij te bevestig nie.
 (ii) Gerdener. p. 88. Archbell skrywe: Hulle (naturelle) is 'n volkome vrye volk en nie slawe nie”.
- 63.) Oor die Inboekstelsel sien: Die Huisgenoot, 1/6/1934.
 „Die Inboekstelsel” deur P.J. Venter.
 Vgl. ook (i) W.Kistner: The Anti-Slavery agitation against the Transvaal.
 (ii) Agar-Hamilton; The native policy of the Voortrekkers. Hoofstuk V.
- 64.) Het lot der zwarten in Transvaal: p.33.
- 65.) Elpis: 1858, p. 179. Huet moes liefs nie van „morsigheid en onbeleefdheid gepraat het by mense wat hom” toch op hunne wijze gul onthaald hebben.”
- 66.) (i) Het lot der zwarten in Transvaal. p.24.
 (ii) Prof. S.P.Engelbrecht in sy brosjure: „Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pietersburg Zoutpansberg (1852 - 1952)” p.13. sowel as Prof. A.D. Pont in sy Proefskrif: N.J.van Warmelo(1835 - 1892) p.55. sêdat Huet uit eie beweging Soutpansberg besoek het wat nie so is nie. Die feit is dat 'n verzoek wel van Lydenburg gekom het (vgl. D.K.B. 15/8/1857, p. 277, V:6) maar dat die Sinode die voorstel van Ds. S. Hofmeyr, toe Predikant van Colesberg aanvaar het. Nadat die Sinode hulle verantwoordelik gevoel het om die „verafgelegene lidmaten te hulp tekomen dien die volgende voorstel, wat ook die opdrag ingesluit het; „Er geschiede eene algemeene uitnoodiging aan de leeraars der onderscheidenegemeenten. Ten einde sommigen hunner te bewegen, achtereenvolgens, voor den tijd van drie maanden en daarboven zich onder onze Transvaalsche geloofsgenooten te vestigen. (Acta - 1857. p.44.)

HOOFSTUK X

HUET SE VERBLYF TE SOUTPANSBERG EN SY TERUGREIS NA LADYSMITH.

In die verre noorde, aan die voet van die Soutpansberge het 'n aantal huisgesinne hulle onder Hendrik Potgieter gevestig. 1.) Tydens Huet se besoek in 1858 het die aantal huise omtrent tussen 40 en 50 getel. Die meeste inwoners was volgens Huet olifantjagters. Duisende olifante word per jaar geskiet en dan kom „Portugeesche en Pieter-Maritzburgschen handelaren jaarliks het dorp in om ze tegen geld en tegen negotie-goederen in te ruilen!“ Soutpansberg is dus 'n tipiese jagtersdorp en 'n byeenkomplek van persone wat om die een of ander rede die wet wil ontvlug. Daarom bestaan Soutpansberg volgens Huet „uit ruwe, woeste karakters.“ 2.)

Hierdie Trekkers het verlangend uitgesien na die besoek van 'n predikant. Alhoewel Ds. A. Murray met sy besoek aan die end van 1850 bedoel het om hierdie mees noordelike kolonie van Boere te besoek kon hy daarin nie slaag nie. Hy het nie verder gekom as Waterberg nie en daar het nie minder as dertien waens uit Soutpansberg na die dienste gekom nie. By hierdie geleentheid het Ds. Murray 'n brief van Kom. Hendrik Potgieter ontvang waarin hy sy teleurstelling uitspreek dat Ds. Murray verhinder is om Soutpansberg te besoek. In hierdie brief dring Potgieter aan dat Ds.

Murray hulle tog gou moet kom besoek. Dat sodanige besoek baie nodig was, sê Prof. Gerdener, blyk uit die feit dat daar by hierdie geleentheid slegs twee uit vyf-en-twintig kandidate toegelaat is om belydenis van geloof af te lê. Hierdie besoek van Ds. Murray kon eers in April 1852 uitgevoer word toe hy vergesel is van Ds. J.H. Neethling. Sedert hierdie besoek dateer dan ook die gereëlde organisasie in die gemeente van Soutpansberg (tans Pietersburg)³⁾ met as stigtingsdatum 10 April 1852. 4.) Wanneer Huet in 1858 daar arriveer was dit net vier jaar wat daar laaste 'n predikant by hulle was en die tweede in die afgelope 9 jaar. 5.)

Hierdie Soutpansberg met sy dorp, Schoemansdal was veral in Huet se oë berug. Die skaarste aan Predikante in Transvaal meen Huet strek die predikante nie tot eer nie. Huet het egter die toestande wat hiervoor verantwoordelik was nie begryp nie. Ons moet onthou dat tussen die einde van die tydperk waarin predikante uit die buiteland moes kom en die begin van die tydperk waarin gebore Afrikaners hulle alhier bekwaam het as predikante die Kerk noodwendig 'n tydperk van akute tekort aan predikant moes deurmaak.

Dit was

-
- 1.) Engelbrecht. Prof. S.P. Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pietersburg Zoutpansberg.(1852 - 1952.) p. 7.
Vgl. ook. Gerdener. p.241.
 - 2.) „Het lot der zwarten in Transvaal“ pp. 20 en 59.
 - 3.) Gerdener. p. 242.
 - 4.) Feesalbum. p. 407.
 - 5.) „Het lot der zwarten in Transvaal.“ p.23.

Dit was dan ook juis net gedurende hierdie tydperk dat daar in Transvaal belangrike gebeurtenisse in die kerklike en politieke geskiedenis plaasgevind het. Was daar gedurende hierdie tydperk genoeg predikante in Transvaal dan sou die geskiedenis van daardie tydperk veel anders gelees het. 6.) Huet besluit ook dat indien Ds, A. Murray in 1852 die beroep na Transvaal aangeneem het dan sou die kerklike geskiedenis in Transvaal 'n gans ander verloop geneem het. 7.)

Die Saterdag na Huet se aankoms ontmoet hy die kerkraad. Daar word besluit dat Ds. Huet die voltooide Kerk, wat in 1856 begin is, die volgende dag, nl. 20 Junie sal inwy. 8.) Volgens besluit rig die Kerkraad 'n persoonlike uitnodiging aan Kom.-Gen. Schoeman, om die feesgeleentheid by te woon. Onder die afgevaardigers was ook Ds. Huet want na aanleiding van sy ontmoeting met die Kom.-Generaal skrywe hy: „Hy ontving mij uiterst koel, Hij berispte de Kerkraden hevig over verschillende punten.. dat zij mij niet voor zij mij toelieten te prediken, onderzocht hadden omtrent de zuiverheid van mijne leer." Hierby voeg Schoeman nog dat, aangesien hy so pas van die „Mooiriviersche Republiek" gekom het hy daar ook so baie „tot nadele" van Huet verneem het, dat „de Kerkeraad zijne goedkeuring had behooren te vragen." 9.)

Met die verrigtinge die volgende dag was Kom.-Gen. Schoeman teenwoordig en is die Kerk ingewy na aanleiding van die woorde van 2 Tim.2:19. Evenwel het vaste fundament Gods staat, hebbende dit zegel: „De Heere kent degenen, die Zijne zijn; en: Een ingelijk, die den naam van Christus noemt, sta af van ongerechtigheid." 10.)

Sondagmiddag kondig Huet ook af dat hy, „ziende het groote aantal dorpskinderen zonder onderwijzer, dagelijks in de Kerk school zoude houden, dat ik des dinsdag en donderdagsavonds zoude preeken en met de jongelieden dagelijks catechiseren. Ook dat ik voornemens was alle huizen te bezoeken, ten einde mij met een iegelijk over zijne eeuwigte belangen te onderhouden."

Wanneer die geleentheid hom voordoen laat hy nie na om „tegen de harde behandeling der arme dienstboden te getuigen en den beiden op dat punt hunne verpligting en verantwoordelijkheid voor te houden." 11.)

Uit sy

-
- 6.) Scholtz. p.40
 7.) „Het lot der Zwarten in Transvaal" p.100.
 Vgl. ook Scholtz. p.62.
 8.) (i) „Die Kerkie is begin bou in 1856, in 1857 voltooi en eers op Sondag 20 Junie 1858 ingewy."
 (ii) Kerkraadsnotule 1858.
 (iii) Pont. A.D; N.J. van Warmelo (1835 - 1892) p.55.
 (iv) Engelbrecht. Prof. S.P. Die Nederduitsch Hervormde Gemeente „Pietersburg Zoutpansberg. (1852 -1952.) p.13.
 9.) „Het lot der Zwarten in Transvaal!" p.22.
 10.) Ibid. p.24.
 11.) „Het lot der Zwarten in Transvaal." p.25.

Uit sy brosjure, „Het lot der zwarten in Transvaal" verhaal hy die volgende aangaande sy besoek aan Soutpansberg; „Ziet daar een staaltje, een uit zoo velen, van de wijze, waarop een volk dat tot leuse kiest: „Vryheid en Christendom" zijne dienstbaren behandelt." Nooit word met hulle oor godsdienst gepraat nie. Daarom is dit dat wanneer 'n leraar die Evangelie aan die diensbodes wil bring die Boere daarteen heftig beswaar maak „opdat hunne ongerechtigheden en verdrukkingen niet aan den dag zouden gebracht worden."

Veel word teen die sendelinge gesê deur die Trekkers en „alles wat van dien aard door eenen zendeling wordt geopenbaard, wordt luide voor leugen en laster uitgekreten. Het is om die reden noodig, dat de waarheid door eenen leeraar van de Gereformeerde Kerk gezegd worde. " Huet verklaar dat die Heer weet dat hy die gemeente lief het en haar heil wil bevorder, „maar wat liefde is deze, die schroomt om de zonden bij haren naam te noemen? Wat christelike liefde is deze.. wat toezien dat zwarten op allerhande wijzen verdrukt worden? Welke liefde wat een klas onsterfelijke ziele aantrek en die ander na die verderf laten gaan? "

Hoe kan daar, so vra Huet homself af, enige godsdienst wees in mense wat hulle bediendes, „meest kinderen van doodgeschoten Kaffers," in die koue laat buite slaap en met so weinig beskerming dat „de ongelukkige wormpies van de koude onder de asch kruipen, tot dat zij met wreede, brandwonden van de pijn ontwaken? Ettelijke van die kindertjes ziet men door het dorp loop met opene brandwonden op deze wijze veroorzaakt. Men zegge toch niet dat Kaffers in den natuurstaat niet beter gewend zijn."

Hoe kan daar, vra Huet verder enige godsdienst wees by hulle wat die „Kaffers" met sambokslae mishandel? „God weet.. wat gruwelijke mishandelingen, verdrukkingen moorden" daar gepleeg word. Van hierdie gruweldade kan hy volgens homself baie ware insidente met tyd en plek verhaal. Hy verhaal dan die volgende: „Zie daar eene alledaagsche geschiedenis. Een kafferstam maak oorlog met 'n ander, plunder en moor mekaar uit. „De kinderen, die te klein zijn om te loop, worden in het vuur verbrand of tegen de klippen stuk geslagen". Die wat groot genoeg is om te kan loop moet hulle oorwinnaars volg on kom sonder kos en baie uitgeput by die kraal van hulle oorwinnaar aan. Van hier word hulle na wit mense geneem en verruil vir honde of voorwerpe van nog minder waarde. Huet is baie seker dat „niet zelden zulke onderlinge Kaffer-oorlogen plaats grijpen" met geen ander doel as om die klein kindertjes tot buit te maak om hulle dan weer aan die Boere te verkoop. 12.)

Ook die

12.) „Het lot der Zwartten in Transvaal" pp. 28 - 31.

Ook die Christene met hulle sogenaamde kommando's val „die vreedzame onschadelijke, niets kwaads vermoedende Kafferkrallen onverwags aan met hun commando's (troepen boeren met geweren en Brandewyn gewapend)“ met geen ander doel dan om die arme kinders van „vermoorde kaffers als slaven te kunnen wegvoeren.“ 13.)

Dit is onmoontlik, sê Huet, vir enige beskaafde mens om hom in te dink in hierdie toestand van sake, om die mishandeling te sien en die slae wat hulle moet verduur. Die slae word gewoonlik met 'n Renostersambok gegee. Hierdie soort sambok „zijnde gewoonlijk van rhenosterhuid vervaardigd en gemaakt om ossen mede te slaan. O, het is vreeselijk, en dat van zoogenaamde Christenen, van menschen die zich bovendien vroom willen voordoen.“ 14.)

Soos reeds gemeld het Huet sy eie beskouing oor die inboekstelsel gehad. Die inboorlinge bly volgens Huet by hulle base totdat die ouderdom van 22 to 25 jaar bereik is. Gedurende hierdie tyd ontvang hulle geen loon, ondrabare kledingstukke, skelwoorde, vervloeking en sambokslae. Niemand maak hulle ooit met die wet bekend nie en aan hulle opvoeding word geen tyd bestee nie. Huet besluit dat; „aan een dier wordt meer zorg besteed dan aan deze kleinen...“ en „het is slavernij in den volsten zin van den woord, behalwe dat in slavenhandel nog wetten en opzieners zijn, die eenigermate de mishandeling binnen zekere perken begrenzen, terwijl hier zich niemand om hun lot bekommert, en zij geheel aan den willekeur van hun ruwe meesters en dikwijls nog ombarmhartige meesteressen zijn overgegeven.“ 15.)

Huet sluit

-
- 13.) „Het lot der Zwarten in Transvaal. p.32.
 Vgl. (i) Kistner, W. Beweerde Slawerny en Slawehandel in Transvaal. (1852 - 1868.) p. 78.
 (ii) Blouboek No 2352. p. 55: Sir George Grey verwys op 21 Nov. 1856 na H. Labouchere deur 'n brief wat vanuit Krumman namens die inboorlinge deur 'n sendeling geskryf is, Augustus 1856:
 „...The English on whose justice and humanity we were want to confide have given us and our country over to the tender mercies of a lawless horde, to kill, plunder and enslave us.....“
- 14.) „Het lot der Zwarten in Transvaal“ p.32.
- 15.) „Het lot der Zwarten in Transvaal“ p. 33.
 Vgl. ook. SS53R 1501/69. Brief van Hidding vanuit Arnheim: Uit hierdie brief blyk dit duidelik hoedat Huet se geskryfte ook in Europa gelees is: „In de laatste tijden kwamen zulke vreemde verhalen op zigtelijk van de Transvalers in de couranten voor dat ik meende de handschoe voor hem te moeder opvatten, daar niemand hier zulks dee, In eene broshure van den Heer Huet werden echter de beschuldiging niet alleen volgehouden-- veel eer verzwaaard. Veel weet ik bij te brengen tot hun lof, tot suiwering van den blaam.....“

Huet sluit hierdie gedeelte van sy verhaal as volg af; „Na dit alles zegge toch niemand meer, dat de slavernij of slavehandel in eenig gedeelte van het Overvaalsche is afgeschaft. De uitvoer van kafferkinderen over de grenzen van Transvaal mag verboden zijn, maar dit wil weinig zeggen." Huet beveel aan dat dit goed sou wees indien, „al die ongelukkige schepseltjes in de Kolonie konden gebracht worden, waar toch beter behandeling en mogelijkheid op godsdienstig onderwijs voor hen bestond.. wij zien op naar omhoog, want hier is geen recht, geen gevoel van recht.. Zijn er eenige wetten die de ellendigen bescherming? Is er in de geschiedenis van de Zoutpansbergsche Republiek een voorbeeld van een diensbode, die ecne klacht tegen zijnen meester heeft durven brengen?" 16.)

Wat sal die einde van dit alles wees? vra Huet, „Men wijte toch de emigratie der Boeren niet uitsluitend noch hoofdzakelijk aan misnoegdheid over geleden onrecht onder de Engelschen. De hoofreden is, wat zij zelve zeggen, de gelijkstelling der zwarten met de blanken in de Kerk en voor het Gerecht. Zij kunnen het niet verdragen, dat er wetten zijn, die hunne dienstboden tegen verdrukking en mishandelig beschermen." 17.)

Uit hierdie aanhalings van Huet straal baie duidelik sy standpunt teenoor die „onskuldige natuurkinders" en sy vooringenome standpunt teenoor die Boere. Dit is dus geensins snaaks dat hy so baie teenkanting van die Trekkers ondervind het nie. Hierdie beskuldiging dat die inboorlinge onderdruk en mishandel word is algemeen gebruik as rede waarom die Republiek geannekseer moet word deur Engeland. 18.)

Dat sendingwerk baie na aan die hart van Huet gelê het weet ons al teen hierdie tyd baie goed. Dat hy die belange van die inboorlinge op die hart gedra het, is baie duidelik en daarom sy gebed dat daar tog iemand na Soutpansberg sal kom wat hom die lot van die inboorling sou aantrek. Huet se gebed is verhoor. In 1863 het Eerw. McKidd met sendingwerk in die onmiddelijke nabyheid van Soutpansberg begin. Eerw. McKidd het 'n plaas genaamd Goedgedacht as geskenk ontvang van die twee Lottering broers van wie Huet die geestelike vader was en wat onder sy invloed begin het met sendingwerk. Daarom dat ons Huet nie anders kan sien as die vader van die sendingwerk in Noord-Transvaal nie. Kort na McKidd se aankoms is sy eggenote oorlede en 'n jaar later volg hy haar. Daarna word die werk voortgesit deur Eerw. S. Hofmeyr. 19.)

Die toestande

16.) „Het lot der Zwarten in Transvaal." p.34.

17.) (i) Ibid. p.34.

(ii) Vgl. „Eene Kudde en Een Herder;" Aan de Nederduitsch-Gereformeerde Gemeenten van Zuid-Afrika waar heidenen niet worden toegebracht tot de Christelijke kerkgemeenschap."

18.) Vgl. voetnota 13.

19.) Hofmeyr, S; Twintig jaren in Zoutpansberg. pp. 35 - 36.

Vgl. ook. Hervormde Teologiese studies. 16 Jrf. No. IV. p.287.

„Niks nuuts onder die son!" deur Prof. S.P. Engelbrecht.

Die toestande in Soutpansberg op Sosiale- en Godsdienstige gebied was so dat Huet „geen vrijmoedigheid gevoeld om in den bestaanden toestand het Avondmaal te vieren." 20.) Wanneer Ds. Schoon die openingsrede lewer voor die Natalse Sinode in 1915 en oor Ds. Huet spreek sê hy onader andere dat Huet „op een onverstandige wijze ijwer; wat hom dan in onaangename werwikkellinge laat beland het. „Zoo heeft hij bij gelegenheid ergens (Soutpansberg) geweigerd het heilige Avondmaal te bedienen, omdat hij de gemeente (ten onrechte) onwaardig achtte." 21.) Dit is interessant om daarop te let dat Ds. A. Murray ook tydens sy besoek in 1852 geen Nagmaal in Soutpansberg wou bedien nie. 22.) Moontlik het Huet geweier om die nagmaal te bedien omdat hy die toestande as volg gevind het; „Zulk eene openbaring van werke der duisternis, van helsche gruwelen.. niet van hooren zeggen, doch van het geen ik zelf heb gezien--vindt in geheel Europa van den tegenwoordigen tijd haar wederga nie." 23.)

Vir twee maande werk Huet hier en as hy later oor sy besoek aldaar skrywe, sê hy: „Hoe zou er ook recht wezen in deze republieken, waar onkundige lijden ter naauwernood instaat om te lezen en hunne namen te spellen, bezielde door toomeloozen hoogmoed en dronkenskap en wreedheid, alles met eenen mantel van schijn heiligheid bedekt, hunne eigene wetgewers en rechters zijn." 24.)

Enkele dae voor sy vertrek uit Soutpansberg was daar 'n versoekskrif om Huet te beroep. Oor hierdie gebeure skrywe Huet as volg: „de Generaal had den Kerkeraad bij zich geroepen om hen te beletten en hun te melden, dat geene gemeente noch Kerkeraad het recht had eenen predikant te beroepen, doch dat dit de zaak van de Staatsopperhoofden was." Hierdie handelwyse van Kom.-Generaal Schoeman verklaar Huet teen die agtergrond dat hy „een hard tegenstander der Gesangen en der Evangelie-verkondiging aan de zwarten is," en dat hy 'n „afgeskeie predikant" uit Holland wil hê. Daarom is Huet nie die man wat hy daar sal wil sien nie. 25.) In „De Kerkbode" van 1 Januarie 1859 lees ons die volgende oor bogenoemde saak: „Wij vernemen uit Transvaal dat een beroep op den Wel-Eerw. Huet uitgebragt, door den Uitvoerende Raad van de Z.A.R. is afgekeurd." 26.)

Dit is

-
- 20.) „Het lot der Zwartten in Transvaal" p.52.
 21.) D.K.B. 17/6/1915. p.565. Openingsrede van de Natalsche Synode uitgesproken te Greytown 17/4/1915 door Ds. H.F. Schoon. (Vgl. ook Ds. H.F. Schoon versameling in Natalse Argief)
 22.) Gerdener. p. 243.
 23.) „Het lot der Zwartten in Transvaal". p.83
 24.) Ibid. p.49.
 Huet se geskrifte is deur C. Hiddingh in Holland weerspreek en op 7 Maart 1869 het hy 'n brief aan Kom.-Gen. Pretorius en die noodsaaklikheid om sulke soort van Laster nie onopgemerk te laat nie.
 25.) „Het lot der Zwartten in Transvaal" pp. 24 - 25.
 26.) D.K.B. 1/1/1859. p.13.

Dit is baie duidelik dat Kom.-Generaal Schoeman en Huet mekaar nie kon vind nie. Na die vertrek van Huet skrywe Kom.-Generaal Schoeman, „dat zijn (Dws. Ds. Huet) geloof en het mijne niet overeenkwamen, evenmin als dag en nacht." 27.) In hierdie aanhaling vind ons dan ook sekerlik die rede waarom die beroep op Huet in die Uitvoerende Raad skipbreuk gelei het. Die rede tot weiering vind ons in die notule van die Uitvoerende Raad van 15 September 1858 en lees as volg: „omdat de Raad de grondige bewijzen heeft, dat de Eerwaarde Heer Huet een rusteloos persoon is, en verwarring in het land zal bewerken." Prof.Engelbrecht verklaar die handelswyse van die Uitvoerende Raad as sou hulle bevrees gewees het vir Huet met sy „neigings tot die uiterstes" en skrywe hy verder: „sy latere geskifte gee die indruk dat hy bepaald in staat was om in 'n Kafferoorlog die party van die Kaffers teen die blankes te kies. Hy het nie verstaan dat dit met die naturellevraagstuk om die behoud van die Europese beskawing gaan nie." 28.)

Op Sondag 8 Augustus neem Huet afskeid van Soutpansberg „Den gansschen dag door kwamen de lieden om mij te groeten. Bijna niet een was er, die niet met tranen zijn leedwezen over mijn vertrek te kennen gaf."

Was dit hulle gevoel teenoor die vertrekkende leraar, sy gevoel teenoor hulle was anders, soos dit duidelik blyk uit sy woorde; „Het was mij enigzins alsof ik uit eene gevangenis verlost werd, toch gereed om zoo de Heer wilde, er weder terug te keren." 29.)

Tenspyte van hierdie aanhaling lees ons dat Huet wel bereid was om die beroep aan te neem na Soutpansberg. Self gee hy die rede waarom die beroep geweier is nl; „uithoofde mijner welbekende gezindheden met betrekking tot de zwarten." 30.)

Op sy terugreis vertoef hy weer 'n paar weke te Lydenburg. Hy besoek die wyke Krugerspost, Watervalsrivier en Hoëveld. 31.) Op die Kerkraadsvergadering van 13 September is aan Ds. Huet gevra welke vergoeding hy vir sy arbeid aldaar moes ontvang. Hy het hierop geantwoord dat hulle aan hom niks verskuldig is nie aangesien die „Kommissie vir Inlandse Sending" vir sy traktament verantwoordelik is. 32.)

In die Desember uitgawe van „De Kerkbode" verskyn daar 'n brief vanuit Lydenburg waarin die Sinodale Sendingkommissie bedank word vir die sending van Ds. Huet asook vir die werk wat tydens sy verblyf aldaar verrig is. Hulle skrywe dat dit „met 'n smartelijke gevoel" is dat hulle van „dezen veelgeliefden prediker," afskeid moes neem. 33.)

Aan die

-
- 27.) „Het lot der Zwarten in Transvaal". p.53.
 28.) Engelbrecht, S.P: Geskiedenis van die Ned.Herv.Kerk. p.180.
 29.) „Het lot der Zwarten in Transvaal." p.53
 30.) Ibid. p.57.
 31.) Gerdener. p.297.
 32.) Lydenburg. p.24.
 33.) D.K.B. 4/12/1858. p.404. „Om u Hoog Eerw. namens de gemeente Lijdenburg te bedank en voor het zoo gezegende besoek van den Wel Eerw. Zeer Geleerden Hr. D.P.M. Huet, welke zoo geruimen tijd onder ons heeft willen blijven."

Aan die Sinodale Sendingkommissie skrywe Huet in sy verslag insake sy besoek aan die Noorde as volg:

„Nietteenstaande de hevige ingenomenheid, die vooral tegen mij bestond, ter oorzaak van mij uitgegeven reisjournaal en andere geruchten (als: dat ik geen georden predikant was, maar een voorstander van „gelykstelling“ en derhalve een valsch leraar) heb ik alom ongehinderd kunnen spreken en zonder den minsten aanstoot arbeiden. Vooral te Lijdenburg heb ik veel liefde ondervonden. De Heer heeft mij gageven om vooral ook omtrent het lot der onbeschrijfelijk ongelukkige swarten, onvermoed en met den meesten ernst, de volle waarheid Gods te preken.“

Hy deel verder aan die Sinodale Sending Kommissie in hierdie verslag mee dat hy bereid is om 'n reisjoernaal met volle besonderhede op te stel. Hy vrees egter dat dit baie min byval sal vind, minder as die van predikante wat voorheen daardie dele van die land besoek het omdat hulle, „van de donkere zijde der Transvaalsche maatskappij, ik bedoel de behandeling der kaffers, niets hebben laten vermoeden.“ Hy wys verder daarop dat daar uit Europa Christelike protestasies na Amerika gaan om slaverny te bekamp en wat verhinder die Kaapkolonie om ernstige protestasies na Transvaal te stuur? In hierdie brief vra hy ook vir 'n onderwyser om na Soutpansberg te gaan wat „beziel (is) met de liefde van Christus en met eenen geest van zelfverloochening.“ 34.)

In Oktober 1858, slegs agt maande na sy vertrek uit Utrecht is hy weer terug. 35.) Na 'n paar dae alhier te vertoef vertrek hy na Ladysmith waarheen hy intussen 'n beroep ontvan het. Hierdie beroep het by Huet baie swaar geweeg en die finale keuse was uiters moeilik. 36.) Hy skrywe intussen: „Ik gevoel mij geroepen om de Oostelike frontieren van Aliwal tot Port Elizabeth te bepreken. Ik denk het lot van een ambulans-prediker in de Transvaal is gloriejker dan dat van Napoleon op zijn keizerlijke stoel.“ 37.)

Later in

-
- 34.) D.K.B. 4/12/1858. pp. 402 - 403.
Aan die „Commissie voor het Binnenlandsch Zendingwezen.“
Ook te lees in Staats Courant, 31/12/1858. p. 2.
- 35.) du Toit, F.G.M: Eeufees - Utrecht. p. 9.
- 36.) D.K.B. 23/10/1858. p.353; „Ik kan vooreerst nog niet besluiten om een beroep aan te nemen.“
Vgl. ook. D.K.B. 18/12/58. p. 413.
- 37.) D.K.B. 23/10/1858.

Later in sy lewe het Huet gesê dat hy hierdie beroep na Ladysmith nooit moes aangeneem het nie, want vanaf daardie tyd, dateer 'n tydperk van geestelike agteruitgang en betreklike dorheid, „zoowel voor myself as in den arbeid. Niet dat ik traag werd in gebed en prediking en uiterlijke ijver, maar ik gevoelde hoe langer hoe meer de kracht des geestelike levens en den gloed van Heeren liefde in mij verminderen." In ieder geval Huet se tyd van rondswerwe was verby, Wanneer hy in later jare terugdink aan hierdie omswerwinge dan skrywe hy: „Het was een leven van veel ongerief en ontbering, maar geen koning op zijn troon kon gelukkiger zijn dan ik in den loggen ossewagen op mijn eensaam swerftochten .. Acht maande bleef ik uit en kwam daarop in Natal terug. " 38.)

38.) Vijf-en Twintig jaren. p.4. „op
aandrang als mede uit zekere vrees van
misschien mijn eigen weg te gaan en
iets besonders te willen worden, nam ik de
roepstem aan. Nog nu geloof ik dat ik toen uit's
Heeren weg gegaan ben."

HOOFSTUK XI

HUET SE DIENSTYD TE LADYSMITH.

Die Voortrekkers het steeds getrag om sover as moontlik die kontak met die Moederkerk in die Kolonie te bewaar en om voorsiening te maak vir die geestelike behoeftes van hulleself en hulle gesinne. Wanneer die eerste Ned. Geref. gemeente in 1839 in Natal gestig word nl. Pietermaritzburg, het dit die hele gebied wat die Voortrekkers in besit geneem het omvat. Die Noordwestelike deel het bekend gestaan as die wyk Kliprivier. Die behoefte aan 'n eie kerkgebou is mettertyd gevoel, aangesien die afstand na Pietermaritzburg baie groot was. In 1852 is dan ook besluit om hier 'n aparte gemeente te stig, maar voordat daar tot afstigting oorgegaan is, is 'n kerkgebou opgerig waarvan die Hoeksteen op 23 Oktober 1852 gelê is. „Op 14 Mei 1853 is die kerk ingewy en die plaaslike predikant nl. Dr. H.E. Faure (op Pietermaritzburg woonagtig), en Ds. Kirk van Velden (van Winburg) was by hierdie plegtigheid teenwoordig." 1.) Ds. van Velden het die wydingsrede gehou na aanleiding van die teks, Gen. 28:19: „En hij noemde de naam van de plaats Bethel." Die aanddiens is waargeneem deur Ds. Dirk van der Hoff wat hier vertoef het op sy deurreis na Transvaal. 2.)

Sedert die inwyding van die kerk het 'n gekombineerde Kerkraadsvergadering op Pietermaritzburg 'n plaaslike kerkraad vir Ladysmith gekies. Hierdie gekose persone is op Sondagmôre 17 Julie 1853 in hulle amp bevestig, in die kerk op Ladysmith. Baie het in daardie dae die afstigting reeds as afgehandel beskou, omdat die Ring van die Transgariep met sy sitting te Bloemfontein in Oktober 1853 aandag aan die afstigting van Kliprivier (Ladysmith) gegee het. In die jaarboek van die Ned. Geref. Kerk in die Kaapkolonie word die stigtings datum aangegee as 1853. 3.) Die eerste doopsbediening vind op 23 April 1854 in die kerkgebou te Ladysmith plaas. Op Saterdag 29 April word die eerste gewone kerkraadsvergadering gehou onder voorsitterskap van „de Wel Eerw. Zeer Geleerde Heer Doctor H.E. Faure, Consulent der Gemeente." 4.)

Hierdie nuwe gemeente het in daardie dae byna die hele Noordelike Natal omvat tw. die distrikte wat vandag bekend staan as Newcastle, Dundee, Umsinga, Ladysmith en 'n deel van Weenen. 5.) Die wyk Mariannekerk⁶⁾ het ook alreeds sy

-
- 1.) Eeufees, Ladysmith. pp. 4 - 6.
 - 2.) Gerdener: p. 107.
 - 3.) Jaarboek (Almanak) van die Ned. Geref. Kerk van 1854 word stigtings datum foutief aangegee as 1853. Vgl. ook (i) Jaarboek 1962 waar die datum korrek aangegee is as 1854. p. 241. (ii) Ons N.G. Kerk. p. 101.
 - 4.) Ladysmith Kerkargief. Eerste Notuleboek. 4/8/1855. Vgl. ook. Eeufees, Ladysmith. p. 7.
 - 5.) Eeufees, Ladysmith. p.7. „dit het uit die hele noordelike Natal van daardie dae bestaan vanaf die Tugela van sy bron tot waar die Buffelsrivier daarin stroom, langs die Buffelrivier op tot waar die grense van die Republiek Utrecht begin, dan langs daardie grens en verder langs die grens van die Oranje Vrystaat."
 - 6.) Hierdie wyk is vernoem na die gade van Dr. H.E. Faure.

alreeds sy eie plek van aanbidding gehad en kort na die stigting van die gemeente Ladysmith het hy ook sy eie kerkraadslede gekry. Die bearbeiding van so 'n uitgestrekte gemeente met moeilik begaanbare paaie het van 'n leraar veel geverg. Om 'n predikant te kry was soos reeds vermeld, baie moeilik. 7.) Nadat Ds. A. Murray(jnr.) op 4 Augustus 1855 beroep is, 8.) en Ds. N.J. Hofmeyr van Calvinia op 2 Mei 1857 en vir die tweede keer op 12 Augustus 1857,⁹⁾ maar almal vir die beroep bedank het, word Ds. D.P.M. Huet op 27 Februarie 1858 beroep,¹⁰⁾ terwyl hy in Transvaal werksaam was. Huet laat hom hierdie beroep welgeval en word also die eerste vaste herder en leraar van hierdie gemeente. Omtrent agt maande nadat die beroep op hom uitgebring is word hy eers deur die konsulent Dr. H.E. Faure op 28 Nov. 1858 bevestig. 11.) By hierdie geleentheid was ook Ds. Dirk Postma, predikant van die „Afgesheidsne Nederduitse Gereformeerde Gemeente," in Holland teenwoordig en met die dienste behulpsaam. Ds. Postma was op pad na die „Overvaal" waar hy die stigter van die Enkel Gereformeerde Kerk geword het. 12.)

Ds. H.F. Schoon wat die gemeente Ladysmith vanaf 1883 tot 1917 bedien het, en Ds. Huet baie goed geken het, het van hom as volg getuig: „Ds. Huet is tot ons gekomen met den ywer van een Boanerges. Als een vurige en getrouwe diensknegt des Heeren heeft hij onder ons veel gezegende vrucht gehad op zijn arbeid, maar soms ijverde hij op een onverstandige wijze, hetwek hem dan in onaangename verwikkelingen bracht .. terwyl hij zich ook zeer onbarmhartig gedroeg jegens Moeders, die met kleine kinderen naar Kerk kwamen, en dat hebben de moeders, die ver van de kerk af wonende, slechts selden naar kerk konden komen, hem erg kwalijk genoemen." 13.)

Huet verneem nou van die „krachtige opwekkingen in Amerika" en sê „ik gevoelde den drang in mij om mij derwaarts te begeven teneinde het groote werk Gods te aanschouwen, mijn eigen ziel onder dien regen des Heiligen Geestes te plaatsen, wat er aan mijn eigen geestelijk leven ontbrak aangevuld te krijgen, en dan naar Afrika terug te keeren om als reizend prediker van vakante gemeente naar vakante gemeente te trekken,.. overall zoolang blijvende en arbeidende als de Heer mij zou te verstaan geven..." 14.)

Hierdie

-
- 7.) } Eeufees, Ladysmith. p.7
 - 8.) } Ladysmith Kerkargief. K.K.Notuleboek 4/8/1855.
 - 9.) } Dido. 2/5/57 en 12/8/57.
 - 10.) } Eeufees, Ladysmith. p.9
 - 11.) } Gerdener: p.108. Vgl. ook D.K.B. 1/1/59, p.13.
 - 12.) } Ladysmith Kerkargief. Notule. 25/10/58 vgl. ook: Eeufees, Ladysmith. p. 9.
 - 13.) } Ds. H.F. Schoon- versameling. Openingsrede van de Natalsche Synode te Greytown, 17 April 1915. pp.135 - 36.
 - 14.) } Vijf en Twintig jaren. p.4

Hierdie begeerte en die beroep na Ladysmith het Huet in 'n baie moeilike posisie geplaas. Sekerheid van wat om te doen het hy nie gehad nie en na raadpleging met Dr. H.E. Faure, Dr. A. Murray asook Ds. D. Postma van die reeds genoemde, „Afgeskeie Kerk in Nederland" wat op sy reis noordwaarts daar vertoef het, aanvaar hy die beroep,¹⁵⁾ maar eers nadat hy 'n paar maande getwyfel het. Op die Kerkraadsvergadering van 25 Oktober 1858 het die kerkraad gevra dat Huet finaal moet antwoord. 16.) Hy beloof om dit die 7 November te doen. Op die bepaalde datum aanvaar hy dan ook die beroep na Ladysmith. 17.)

Wanneer Huet na vyf-en-twintig jaar terugkyk op hierdie besondere tyd en die besluit wat hy geneem het om die beroep na Ladysmith aan te neem skrywe hy: „Had ik die roeping gevolg (hier bedoel hy sy begeerte na Amerika en dan as reisende predikant in Transvaal) hoe gansch anders zou mijn levensloop geweest zijn-- Hoeveel gelukkiger zou mijn eigen geestelijke leven geweest en van hoeveel meer zegen zou ik voor anderen zijn geworden." Na soveel jare het hy nog geglo dat deur die beroep aan te geneem het hy uit die weg van die Here gegaan het. Daarom dat daar vanaf hierdie tyd 'n geestelike agteruitgang en betreklike dorheid, „zoowel voor mijzelven als in den arbeid," dateer. „Niet dat ik traag werd in gebed en prediking en uiterlijke ijver," skrywe hy, maar „ik gevoelde hoe langer hoe meer de kracht des geestelijken levens en den gloed van Heeren liefde in mij verminderen." 18.)

Hier in sy nuwe gemeente het Ds. Huet 'n baie uitgestrekte arbeidsveld gehad tussen Harrismith en Utrecht. 19.) Soms moes hy tot sewe Sondae agtermekaar die Heilige Nagmaal bedien. Die gemeente was as het ware verdeel in ' aantal klein gemeentetjies, elkeen met sy eie nagmaalsdienste, doop, aanneming en huisbesoek. 20.)

Ladysmith was nogal 'n strategiese plek in die destydse kerklike lewe. Dit was die deurgang tussen Transvaal en die markte van Natal asook vir die verkeer tussen Utrecht en die Vrystaat. 21.)

Die finansiële toestand van die gemeente was gladnie te rooskleurig nie. Die gemeente was gedeeltelik afhanklik van die regering vir die predikant se salaris. Die kerkraad doen nou aansoek by die Wetgewende Raad om die volle salaris aan hulle uit te betaal. Op 15 Mei 1858 verneem die kerkraad, „met leedwezen" dat hierdie versoek afgestem is. Dadelik besluit die kerkvaders om weer aansoek te doen maar nou by die Wetgewende Raad sowel as by die Luitenant-Goewerneur. Hierdie bedrag is toe wel op die Kolonie se begroting geplaas maar nooit uitbetaal nie. 22.)

Daar was

-
- 15.) Huet. p. 147. Vgl. ook: Van der Vyver, Dr. G.C.P. :
 Professor Dirk Postma. (1818 - 1890).
 16.) Ladysmith Kerkargief. K.R. Notuleboek. 25/10/58.
 17.) Ladysmith Kerkargief. K.R. Notuleboek. 7/11/58.
 18.) Vijf en Twintig Jaren. p.4.
 19.) D.K.B. 1 Jan. 1859. p.13.
 20.) Eeufees, Ladysmith. p.11.
 21.) Gerdener. pp. 109 - 110.
 22.) Ladysmith, Kerkargief Notuleboek. 15/5/1858.
 Vgl. ook Eeufees - Ladysmith. p.8.

Daar was in daardie dae nog geen orrel in die Kerk nie. By die eerste vergadering waar Ds. Huet as voorsitter opgetree het is Mnr. Boers „as voorzinger en Catechiseermeester bij Kerkgelegheden" aangestel teen 'n salaris van £25 per jaar. 23.)

Die gemeente was finansiëel nie sterk nie en om 'n gereelde inkomste te verseker word daar op 5 Maart 1859 besluit dat elke mans lidmaat £1 per jaar moet bydra. Voordat die vergadering finaal hieroor besluit het, is „een tiental der invloedrijkste gemeenteleden binnegeroepen ten einde geraadpleegd te worden omtrent het genomen besluit, hetwelk nagenoeg zonder de minste oppositie algemeen wordt toegestemd en daarna aan de gemeente bekend gemaakt." 24.)

Op die kerkraadsvergadering van 23 Desember 1859 gee Huet kennis dat hy van plan is om indien die Kerkraad en regering toestemming verleen vir 'n tydland die gemeente te verlaat om 'n besoek aan Nederland te bring. Hy beloof om in Kaapstad alles in sy vermoë te doen om 'n predikant te kry om na Natal te kom en indien „hem zulks mogt mislukken, en zijn geweten beswaard mogt zijn bij het verlaten van zoo vele gemeenten hij van zijn voornemen nog zou afzien om naar Holland te gaan."

Hy motiveer sy aansoek deur te wys op besondere familieaangeleenthede, die toestand van sy eie gesondheid en eie gemoedslewe as redes waarom so 'n reis noodsaaklik is. 25.)

Intussen het die kerklike toestande in Natal agteruit gegaan. Dr. H.E. Faure se gesondheidstoestand het so swak geword dat hy die bediening moes neerlê. 26.) Die gevolg was dat Ds. Huet deur die Goewerment voorlopig in Dr. Faure se plek aangestel is "untill a minister shall be permanently appointed and in the meantime to draw the full salary of the office at the rate of £200 per annum from the 1st instant." 27.) Ds. Huet was toe die enigste predikant om vyf gemeentes te bedien. In „De Kerkbode" van daardie dae vind ons 'n berig wat na die toestande in Natal verwys en lees ons dat „om de dienst in het Natalsche, in vijf gemeenten waar te nemen is er thans slechts een leeraar, de Wel. Eerw. P. Huet, wiens gezondheid alreeds veel lijdt door de veelvuldige dienstwerk door hem verrigt." 28.)

Die tyd

-
- 23.) Eeufees, Ladysmith. p. 9.
 24.) Ladysmith, Kerkargief. Notuleboek. 5/3/1858.
 25.) Ladysmith, Kerkargief. Notuleboek 23/12/59.
 Vgl. ook brief. C.O. 30/12/1859 aan Huet.
 26.) C.S.O. 115 No34. 13/8/1859. Dr. Faure het sy betrekking op 31 Julie 1858 bedank.
 27.) C.S.O. 787/1859.
 28.) D.K.B. 26/2/1859. p. 79.

Die tyd dat Huet afskeid moes neem van Ladysmith het aangebreek. Voordat hy egter op Kersdag 1859 sy laaste bookskap sou lewer sou die spanning tussen leraar en gemeente baie hoog loop. „Eene groote spanning heerschte destijds onder de leden der gemeente wederom ter oorzake van de Zwarten en Kleurlingen, welke de ijverige predikant, voor zoover zij de taal verstonden en zindelijk gekleed waren en er plaats voor hen in de kerk aanwezig mocht zijn, tot het Huis des Heeren wenschte toegelaten te hebben, doch waartegen een groot gedeelte der gemeente vijandig was.

Des Zaterdagsavonds was er eene bijeenkomst met de gemeente over dit onderwerp, welke tot bijna middernacht duurde en waarbij geen der partijen toegaf. "

Die volgende dag was Nagmaal. Huet het nie geweet wat om onder sulke omstandighede te doen nie. Die vraag waarmee hy geworstel het was of hy die Nagmaal moet bedien of nie. Later skrywe hy oor hierdie gebeure as volg: „Na lange worsteling predikte ik over de woorden van Simeon en verkondigde den geboren Christus -- als eene vertroosting Israels, een licht der Heidenen, een val en opstanding enz. Allen, die dezen Christus aannamen, noodigde ik tot de Nachtmalstafel. Ik geloof dat deze rede veel bijdroeg om de vooroordeelen tegen de toebrengring van Heidenen tot de Christelike kerkgemeenschap te verminderen. " 29.

Soos ons weet was Huet 'n vurige sendingyweraar. Nie net het hy by hierdie belangrike saak in die kerkraad en gemeente bespreek nie, maar selfs aan Kom.-Gen. M.W. Pretorius 'n brief geskrywe en die behoefte aan sendingwerk onder sy aandag gebring.

Slegs vier dae voordat hy afskeid geneem het van Ladysmith skrywe hy hierdie brief en sê onder andere „De toestand der Zwarten in Transvaal gaan mij zeer ter harte.. en tot dusver mij bekend (is er) niemand zelfs niet te Potchefstroom die zich hun lot aantrek om hen te onderwijzen en mogt het zijn tot behoud te brengen."

Na hierdie inleiding vra Huet die ondersteuning van die Volksraad of iemand te soek om in dei „overvaal" te kom werk. „Gelijk u welligt reeds bekend zijn is mij voornemen aanstaande January eenen uitstap naar Holland te doen Nu is mijn bescheiden maar dringend verzoek aan u, om van u, van staatswege, vergunning en autoriteit te verkrygen om in Holland uit te zien naar een godzalig man geschikt en bereid om, in verband met de Gereformeerde Kerk in Overvaal, als godsdienstonderwyzer en Sendeling onder de gekleurde bevolking te Mooirivier werkzaam te zijn, en om tevens van u voor zoodanig persoon de toezegging te verkrygen van een jaarlyk traktement van £150, of van zooveel meer of minder, als u geschikt zoude schijnen...." 30.)

Voordat

29.) Huet. p. 149.

30.) S.S.R. 3364/59. Brief aan M.W. Pretorius
dateer 21/12/1859.

Voordat Huet uit Ladysmith vertrek, „kwamen bijkans allen mij vriendelijk vaarwel zeggen, mij vrijwillige geschenken bringende, ter tegemoetkoming in de reiskosten."

Sy pad van Ladysmith na Kaapstad gaan oor Pietermaritzburg en Durban. 31.) As gevolg van Dr. H.E. Faure se vertrek tree Huet verskeie kere voor die gemeente van Pietermaritzburg op. Die hoop en vertroue wat die gemeente gekoester het, dat Dr. Faure weer sou terugkom wanneer sy gesondheid dit toelaat, word verydel toe hy die beroep aangeneem het na die St. Stephengemeente in Kaapstad. 32.) Terwyl Ds. Huet in Pietermaritzburg vertoef, word hy op 2 Januarie 1860 na die plaaslike gemeente beroep. Aangesien hierdie beroep baie onverwags gekom het, vra hy toestemming om vanuit Kaapstad sy antwoord te mag stuur. 33.)

Intussen vind Huet nog tyd om 'n afskeidsgedig „Aan Zuid-Afrika, („Bij mijn voornemen om eene reis naar Holland te doen)" te skrywe.

„Ik heb (en dat te allen tijde,

Maar meistens nu ik henenga,

Mijn mond het openlijk belijde)

Ik heb u lief, O, Afrika."

In hierdie gedig roep hy in gedagte die toestand waarin hy verkeer het toe hy voet aan wal in Suid-Afrika gesit het. Die nuwe wat daar vir hom in Suid-Afrika begin het juig hy toe en verklaar: „ik heb u lief, O, Afrika." Maar hy het ook teleurstelling en smart leer ken en daarom sluit hy die gedig af met:

„En schoon in 't reizen, werken, strijden,

Mijn ziel hier smarten leerde lijden,

Mij ongekend in vroeger tijd,

Nooit zal 'k achter light benijden: .

Mijn liefste lied zij u gewijd." 34.)

Toe Huet in Kaapstad aankom het die eerste uitgawe van die Liberalistiese maandblad, „De Onderzoeker" so pas op 19 Januarie 1860 sy verskyning gemaak. 35.) Hierdie maandblad het verskyn onder redaksie van
 Leopold

31.) Huet: p.150.

32.) Spoelstra.,Ds. C. Het kerkelijk en Godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek. p. 38.

33.) Kerkraadsnotule. Pietermaritzburg: 2/1/1860.
 Vgl. ook i.v.m. sy benoeming: C.S.O. 121/1860; 23/3/60 (N.A.) en C.S.O. 359/1860; Brief aan Huet: (N.A.)

34.) Huet: pp. 152 - 154

35.) (i) Na aanleiding van die verskyning van „De Onderzoeker" skrywe Huet: „Een behendig gekozen titel--- Immers, wie tegen den Onderzoeker zal te velde trekken, zal bijwijzen beducht te zijn voor het vinden van waarheid, zal een tegenstander wezen van den geest van Luther, van den hervorming....(Vgl. P. Huet: Een Woord bij de verschijning van De Onderzoeker. p.1.) Aangehaal deur, T. Hanekom: p. 224.

(ii) „De Onderzoeker" was nie 'n oorspronklike naam nie, maar 'n vertaling van "The Inquirer", die unitariese Liberale blad wat in Engeland die stryd aangeknoop het vir die Liberalisme (T. Hanekom p. 225).

Leopold Marquard, „met de welomschreven doel de overplaatsing van het Hollands Liberalisme op de Zuid-Afrikaanse boden en het bestrijden der leer van de Gereformeerde Kerk". As sinsspreuk het die redaksie die woorde geneem van I Kor. 10 vers 15: „Als tot verstandigen spreek ik, oordeelt gij het geen ik zeg."

Verder, „Die redaksie stel hom tot doel die lesers hulle ware bestemming te doen besef, en na die verwesenliking daarvan met alle erns te laat streef. Die blad wil regsinnig wees, indien daardeur verstaan word alles wat met die leer van die Bybel ooreenstem, maar maak geen aanspraak op kerklike regsinnigheid nie. Dit wil ondersoek wat Bybelleer is, en wil hom nie daar oor bekommer as in die loop van daardie ondersoek een of ander kerklike leerstuk wegval nie." 36.)

'n Meer geleë tyd vir die versyning van hierdie blad kon die Liberaliste nie gekies het nie. „Bytengewone droogten, oogstmislukking hongersnood, wijngaardziekte, veejerfte, enz. had't volk eenigszins moedeloos gemaakt en het geloof aan Gods voorzienigheid op wankelen grond gebragt. Bedestonden hadden niets, ermocht Gods bezoekende hand te doen afkeren, dus werd het geloof hardlyfproefd." 37.)

Met hierdie duidelike verklaring van sy strewe het die Liberalisme aan die regsinnige party die handsaken toegewerp. 38.) Huet gooi dadelik sy gewig in aan die kant van die redaksie en skrywe 'n pamflet om te waarsku teen die „valsche bedriegelike arbeiders, menschen die lasteren het geen zij niet weten." 39.)

Van Huet se voorgenome reis na Holland en sy „doel om hulp te zoeken voor zijne zes ver uitgestrekte gemeenten; kom nou niks tereg nie. 39.) In „De Kerkbode" van 26 Januarie 1861 doen Huet nou 'n „ernstige verzoek" tot die „aankomende leeraren der Ned. Geref. Kerk; om tog 'n beroep na die provinsie Natal baie ernstig te oord. 40.) Die beroep na Pietermaritzburg neem Huet nou ook aan „en bonnewe, zijn intrede aldaar de strijd met de liberalen aan." 41.)

As 'n

-
- 36.) Moorrees. p. 890.
 - 37.) Kerkjaarboek, 1932. p.71
 - 38.) Moorrees. p.890.
 - 39.) Conradie. p.307. Vgl. ook „Onderzoeker", Febr. 1860. pp. 161 - 165. „De Onderzoeker"
 - 40.) D.K.B. 26/1/1861. pp. 26 - 27. Ernstige verzoek gerigt tot de aankomende leeraren der Ned. Geref. Kerk, uit naam van de leeraren van de omliggende gemeenten, door P. Huet, „De Onderzoeker"
 - 41.) Uit die verskillende jaargange van „De Onderzoeker" sien ons hoedat Huet met ongerigtheid van die ywer sy pen as wapen teen hierdie moderne vermoeding gebruik het. „De Onderzoeker" het vanaf 1860 - 1864 verskyn. Vgl. Kerkjaarboek. p.71.

As 'n reaksie op hierdie dringende uitnodiging van Huet bied Ds. Frans Lion Cachet sy dienste aan en word hy op 25 Maart 1861 deur die Kerkraad van Ladysmith uitgenooi om gedurende die periode tot by die aanstaande Sinode „de bediening des Woords en naar wij begeren der sacramenten in de gemeente van Ladysmith waar te nemen." 42.) Ds. Cachet was deur die Vrye Kerk van Skotland as "Licentiate for Foreign Service" toegelaat⁴³⁾ en in die Skots Kerk op Alice, na sy aankoms in ons land georden op 26 Oktober 1860. 44.)

Ds. Huet skrywe op 2 Maart 1861 aan Dr. A. Faure en vra of Cachet die sakramente in Natal mag bedien, om sodoende tot hulp te wees aangesien Cachet 'n sendeling onder die Mohammedane in Kaapstad was. Op 20 Maart 1861 antwoord Dr. Faure onder andere as volg: „Het is mij vreemd te vernemen dat de Wel Eerw. Lion Cachet zijne diensten heeft aangeboden tot hulpprediker in de vacante gemeenten te Natal, daar hij volgens officieele bekendmaking der zendings commissie, tot zendeling is aangesteld voor de Mohammedanen in Kaapstad en het hem bewust is dat zijn verzoek om als leeraar onzer Kerk te worden gelegitimeerd nog eerst aan de Zynode zal worden voorgelegd."

Op 3 April het Ds. Huet aan Dr. Faure geskrywe en gesê dat die Kerkraad van Ladysmith Cachet uitgenooi het om as hulpprediker te fungeer tot met die Sinodesitting in 1862 en het toe sy vraag herhaal of hy die sakramente mag bedien. Dr. Faure het hierop geantwoord en gevra „of het niet zeer gewaagd zij, iemand tot hulpprediker op eigen aanbod te benoemen, omtrent wien het alsnog twijfelachtig is of zijn verzoek, om als predikant te worden gelegitimeerd, door de Zynode zal worden toegestaan? ... terwijl hij niet zoo zeer als hulpprediker handelt, maar de geheele functie van predikant zal vervullen."

Cachet het op 20 Junie 1861 in Ladysmith aangekom. Op 24 Junie het hy die "Introductie brief" wat Huet hom gegee het voor die Kerkraad van Ladysmith gelê. Hierdie brief is op die 12 Junie deur Huet te Pietermaritzburg geskrywe en sê onder andere van Cachet: „De Heer Cachet is een wettig geordend leeraar der Schotsche Kerk. Er kan alzoo tegen de bediening der sacramenten geene de minste grondige bedenking gemaakt worden." Cachet is ook deur die Goewerment met ingang van 3 Julie as predikant van Ladysmith aangestel. 45.)

Op

-
- 42.) Ladysmith. Kerkargief. K.R. Notuleboek: 25/5/1861.
Vgl. ook „Eerste Natalsche Ringsvergadering" Ladysmith
vanaf 30 April 1863. p.23. e.v.d. waar Huet sê dat
Cachet gevra is om as „waarnemende leeraar" tot met
die Sinode te ageer.
- 43.) Moorrees. p.808.
- 44.) Gerdener. p.111.
- 45.) Hervormde Teologiese Studies. Aug. 1953. p.187.

Op 10 Augustus het Cachet as voorsitter opgetree van 'n gekombineerde kerkraadsvergadering te Utrecht, op grond van 'n brief van Ds. Huet waarin hy hom toestemming verleen tot die hou van kerkvergaderinge asook die bediening van die Woord en sakramente. Wanneer die Ring van Transgariëp op 21 Oktober 1861 op Ladysmith byeenkom word Cachet aangewys as konsulent van Harrismith (Vrystaat) en van Utrecht (Z.A.R.). 46.)

Op 22 Februarie 1862 word Cachet beroep as predikant van Ladysmith en 'n beroepsbrief aan Dr. Faure gestuur. Op die 3de Maart skrywe Huet 'n lang brief aan Dr. Faure en bepleit hy die legitimasie van Ds. Cachet. Cachet was begerig om in die Ned. Geref. Kerk geligitimeer te word en daarom skrywe hy self ook op die 12de Maart 'n brief aan Dr. Faure en doen aansoek om legitimasie. Die Sinodale Kommissie het die saak na die Sinode verwys wat teen die einde van 1862 sou vergader.

Hierdie aansoek van Cachet is in die sitting van 28 Oktober 1862 behandel. Soos te verstane was Ds. Huet een van die sterkste bepleiters vir Cachet se aansoek. 47.) Aangesien die "Licentiates for Foreign Service" in Skotland nie gelyke regte het met gewone predikante nie, aldus Prof. Moorrees, het baie lede van die Sinode teen die legitimasie van Cachet gestem. 48.) Tot sy legitimasie is eindelik besluit met 56 teen 48 stemme. Op 28 Nov. 1862 is Frans Lion Cachet geligitimeer as predikant van die Ned. Geref. Kerk. 49.)

Die aanstelling van Cachet in Ladysmith was nie sonder gevolge nie. Die onsekerheid in kerklike kringe was oor die vraag of Cachet wel 'n geordende predikant van die Ned. Geref. Kerk was of nie. Hierdie saak kom baie duidelik uit in die „Herderlike Brief van die Natalse Ringsvergadering" van 1863 wat deur Huet as scriba van die Ring opgestel is.

„Wij komen alzoo van zelve op de beroeringen in de gemeente Ladysmith, ter oorzake van de aanstelling van Ds. Cachet. Wij twifelen niet of die notulen van onze Ringsvergadering, die gelijktijdig met dezen brief worden gedrukt en verzonden, zullen de twifelingen en onzekerheden omtrent deze zaak bij de gemeente wegnemen.

Uit dezelve blijkt, dat Ds. Cachet, voor zijnen overgang tot onze kerk, een leeraar was der Vrije Schotsche Kerk. Met eene licentie van die kerk was Z. Eerw. naar Zuid-Afrika gekomen en door een wettig erkend Presbyterium van die kerk georden tot de Heilige Bediening.

Als zoodanig was Z. Eerw. door den kerkeraad van Ladysmith uitgenoodigd om, als waarnemend leeraar, de bediening des Woords en der Sacramenten op zich te nemen, tot de zitting der Synode in de Kaapstad,

alwaar

-
- 46.) Scholtz, G.D. Die Geskiedenis van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Afrika. Deel I. p.188.
 47.) Hervormde Teologiese Studies, Augustus 1953. p.192.
 48.) Moorrees. p.809.
 49.) Hervormde Teologiese Studies, Augustus 1953. p.193.

alwaar hij zich had aan te melden om gelegitimeerd te worden. De vraag of de werkzaamheden van Ds. Cachet gedurende dien tijd wettig waren, werd voor de Synode gebragt en door dezelve volkomen bevestigd. Klagten hierop betrekking hebbende, werden insgelijks voor de Synode gelegd, met zorgvuldigheid behandeld en na rijp beraad van de hand gewezen.

Huet spreek verder die vertrouwe uit dat, „de gemeente nu zal berusten in de besluiten van de Synode, destijds door ons beschouwd als ons hoogste kerkbestuur, en in de handelingen van den Ring, en met dankbaarheid zal erkenen het voorregt van geregelde en getrouwe Evangeliebediening, het oor sluitende voor inblazingen van enkele personen, die rond gaan om kwaad zaad te zaaijen en booze geruchten te verspreiden, op valsche voorstellingen of misverstand berustende." 50.)

Tenspyte van die gerugte wat rondgegaan het, is Cachet op 22 Februarie 1862 deur die Kerkraad beroep as predikant van die Ned. Geref. Gemeente Ladysmith. 51.) Sy bevestiging het op die derde Mei 1862 net na die eerste vergadering van die Natalse Ring, plaasgevind en is waargeneem deur Ds. Huet. Huet was, soos te begrype baie goed bevriend met Cachet en onder die indruk van sy bekwaamheid. Daarom dat Huet hom beskrywe as „een onverwachte gawe Gods."

Uit bogenoemde gebeure blyk dit dat Huet ook sy beskeie aandeel gelewer het om Ds. Cachet geligitimeer te kry as predikant van die Ned. Geref. Kerk.

Prof. Gerdener se kommentaar oor Cachet en sy verblyf te Ladysmith was: „Soos die hele loopbaan van Cachet was ook die van sy verblyf in Ladysmith veel bewoë." 52.)

Cachet het as uitstaande organiseerder sy onverdeelde kragte gegee aan die Ned. Geref. Kerk en kon voor sy vertrek terug na Holland in 1873 die Ned. Geref. Kerk sien as 'n faktor van groot betekenis in Transvaal. 53

50.) D.K.B. 13/12/1862. p. 416.

51.) (i) Ladysmith Kerkargief; K.R. Notule 22/2/61
 „Met algemene stemme word Ds. Frans Lion Cachet Predikant bij die Vrije Kerk van Scotland gekies."
 (ii) Die gerig was dat hy geen geordende predikant was nie. Sien klagte ingedien by Ring: Klagte van Ign. Maritz teen F. Lion Cachet. (1e Natalse Ringsvergadering 30 April, 1 en 2 Mei 1863 punt. 10.)

52.) (i) Gerdener. p.111. Vgl. ook The Natal Government Gazette; July 9th 1861. Cachet is op 3 Julie 1861 tot predikant van Ladysmith deur die Goeverneur van Natal aangestel.

(ii) Vgl. ook Ringsverslae tot 1867 waar daar baie tyd aan sake, rakende Cachet, afgestaan is. (Notule in Natalse Argief. Pietermaritzburg.)

53.) Scholtz, G.D. Die geskiedenis van die Ned. Herv. of Geref. Kerk van Afrika Deel 1. p.190

HOOFSTUK XII

DS. HUET SE LAASTE JARE IN NATAL AS PREDIKANT VAN PIETERMARITZBURG.

Na die anneksasie van Natal in 1842 het Sir H.C. Cloete alles in sy vermoë gedoen om die Natallers te beweeg om nie hulle vryheid aan die anderkant van die Drakensberge te gaan soek nie. Selfs die poging van Ds. A. Faure wat Natal in 1843 besoek om die Emigrante te probeer oorreed om in die Tuinkolonie te bly het geen vrugte afgewerp nie.

Deur die afbakening van die geannekseerde gebied is die Kerklike arbeidsveld aansienlik ingekrimp en sou die gemeente van Pietermaritzburg net die gebied van die kolonie Natal insluit.

Die Voortrekkers wat in Natal agtergebly het, was mense wat lief was vir hulle Kerk en met die komende jare sou ook hierdie Kerk sy plek volstaan langs die Moederkerk van Kaapland.

In 1848 is die Oranje-Vrystaat ook deur Brittanje geannekseer. In 1850 besluit die Sinodale Kommissie van die Kaapse Kerk dat die gemeentes van die Vrystaat en Natal in die „Ring van die Transgariep" onder die Kaapse Kerk saamgevoeg moet word. 1.) Voor 1850 was daar geen organiese verband tussen die verskillende dele van die Kerk nie, maar deur hierdie besluit word daar nou 'n band gelê tussen gemeentes wat wel hulle eie Kerklike organisasie gehad het, maar nie verder met mekaar in voeling gewerk en geleef het nie. 2.)

Gedurende die dienstyd van Ds. Huet in Natal as predikant van Ladysmith en later van Pietermaritzburg kon hy sien hoedat die Kerklike lewe in Natal ontplooi en kon hy as pionier-predikant ook aktief meehelp in die wordingsgeskiedenis van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Natal.

In 1857 het die Kaapse Sinode besluit dat sodra daar drie predikante in Natal is, „de gemeentes van Natal eenen afzonderlijken Ring zouden vormen." 3.) Alhoewel daar na 1859 al vier gemeentes in Natal was tw. Pietermaritzburg (1839), Ladysmith (1854), Weenen (1859) en Greytown (1859) kon hierdie besluit eers in 1863 in werking tree met die eerste Natalse Ringsvergadering. 4.) Die rede was die skaarste aan predikante. Toe Ds. Huet in 1860 die beroep na Pietermaritzburg aanneem was hy die enigste diensdoende predikant in sewe uitgestrekte gemeentes: vyf in Natal, een in Oranje-Vrystaat (Harrismith) en een in Transvaal(Utrecht). Self skrywe hy van hierdie tyd soos volg: „Gedurig was ik op reis om nu aan deze dan aan gene plaats eenige dagen achteren te prediken, doop en Avondmaal te bedien en, jongelieden aan te neemen, Kerkraadsvergadering te houden, enz." 5.)

Gedurende

-
- 1.) Ons N.G. Kerk, pp. 99 - 101.
 - 2.) Gerdener. p.65.
 - 3.) Notulen van de Eerste Natalsche Ringsvergadering gehouden te Ladysmith 30 April, 1 en 2 Mei 1863. (N.A.) Voortaan: (Eerste Natalsche Ringsvergadering) 30/4/63.
 - 4.) Ons N.G. Kerk. pp. 101 - 106.
 - 5.) Vijf en Twintig jaren. p.5.

Gedurende Ds. Huet se ampsbediening in Natal het nog 'n belangrike gebeurtenis vir die gemeentes aldaar plaasgevind; die „Transgariëpse Ring is ontbind as gevolg van die uitspraak van die Hoofgeregshof gedurende die Sinodesitting van 1862 te Kaapstad. Gedurende die sinodesitting in 1862 het die Hooggeregshof uitspraak gegee dat volgens ordinansie 7 van 1843 die Transgariëpse gemeentes geen deel van die Kaapse Kerk mag vorm nie en dus as 'n afsonderlike Kerk moet bestaan. Die gevolg was dat die Ringvergadering in Kaapstad besluit het „dat de ringen van den Vrijstaat en Natal uit elkander zouden gaan, en dat de Transvaalsche gemeenten Lijdenburg en Utrecht tot den Ring van Natal zouden behooren." 6.) Volgens Dr. W.M. Kalmijn is hierdie besluit enige maande voor die uitspraak geneem. Daarom is dit met reg dat die Natalse Kerk nog altyd as die tweede oudste Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika beskou word. Die laaste vergadering van die „Ring van die Transgariëp" is gehou te Ladysmith op die 21 Oktober 1861 e.v.d. 7.)

Die „Eerste Natalsche Ringsvergadering" het sitting geneem te Ladysmith op die 30 April 1863 e.v.d. By die opening het Ds. Huet die leiding op hom geneem en sê dat hy „als President den Ring had zamengeroepen op dezen buitengewoon tijd uit hoofde van gewigtige aangelegenheden die dringend vereischten besproken te worden, en hij denzelven had bepaald te Ladysmith uithoofde van plaatselijke moeilijkheden die het beste aldaar konden worden behandeld". As gevolg van die uitbreek van Kinderpokkies te Ladysmith is die getal afgevaardigdes baie uitgedun maar die vergadering kon darem nog konstitueer. Ds. Huet word as Voorsitter gekies en die predikant van Weenen as Scriba. 8.)

Gedurende hierdie vergadering is werklik gewigtige sake bespreek, onder andere „Naar welke wetten of reglementen de vergadering hebbe te handelen?" Ds. Huet se voorstel word die besluit van die vergadering n.l. „De Ring van Natal houdt zich voorlopig aan de Wetten en Bepalingen der Ned. Geref. Kerk in Zuid-Afrika met dien verstande dat natuurlijkerwijze de daarbij voorkomende Gouvernements Ordonnantien van geene kracht zijn in de tot dien Ring behorende gemeenten der Zui-Afrikaansche Republiek."

In die

-
- 6.) (i) Eerste Natalsche Ringsvergadering 30/4/63. (N.A.)
 (ii) „Verslag van de Werkzaamhede van die tweede Natalsche Ringsvergadering te Utrecht 23, 24, 25 Maart 1864." pp. 4 en 12. Utrecht en Lydenburg sluit aan by Transvaal.
- 7.) Eeufees. Ladysmith. p.12.
- 8.) Eerste Natalsche Ringsvergadering 30/4/61

In die gereedmaak van 'n wetboek vir die Natalse Kerk sal die kommissie wat daartoe benoem is en waarop onder andere ook Ds. Huet gedien het, tenspyte van baie probleme hulle opdrag deeglik nakoem. 9.)

Vervolgens dien agter geslote deure sake wat betrekking het op die predikant van Ladysmith en die finale besluit was dat die klaers skriftelik in kennis gestel sal word oor die besluit van die vergadering. Cachet doen nou ook aansoek om toegelaat te word „als Godsdienst Onderwijzer en oefenaar in de Ned. Geref. Kerk. 10.)

Twee dae word nou gewy aan die kwessie van vereniging met die Transvaal, die Oranje-Vrystaat, Kaapland of die Skotse Kerk. Die afgevaardigdes kla ook oor Sondagsontheiliging en die gebrek aan Kerkfondse, Ds. Huet bepleit die oprigting van 'n eie kerkblad met die naam van „Natal Kerk-Bode.“ Hierdie saak is verwys na die onderskeie Kerkgrade en alhoewel hierdie saak telkemale bespreek is en tenspyte van die feit dat Huet op die belangrikheid daarvan wys om die gemeentes bekend te maak met die kerklike werksaamhede van Natal, waar hulle nou van die Kaap weg is, sien ons nie dat daar iets van gekom het nie. 11.)

Die eerste vore moet reg getrek word en daarom weet Huet moet die sendingsaak van die begin af sy regmatige plek inneem in die Kerklike lewe van Natal. Daarom stel hy voor, „dat aan de tegenwoordige broeders opgedragen worde de zendingaak naar alle vermogen te ondersteun en te helpen ondersteunen .. dat saamgesteld worden als een voorlopige zendingkommissie van den Ring van Natal, te ageren tot de eerstkomende Ringsvergadering. 12.

Met elke

9.) Oor hierdie „Wetten en Bepalingen“ sou daar baie probleme

wees. So bv. het 'n anonieme artikel in "the Natal Witness" van Vrydag 19 Mei 1865 verskyn waarin ons onder andere lees: "to our great regret, we are disunited from the paternal guardianship of the Cape Synod. We cannot but with fear and hesitation contemplate the responsible duty of laying a new foundation upon which to build laws and regulations for our future guidance as members of the D.R.C... that the ministers with only one elder from each district fancied themselves quite competent to bind us down at once to laws and regulations - thanks to the elders of Pietermaritzburg and Ladysmith matters did not quite terminate as was intended... some of us have had their children christened by the Rev. Posselt and are much against hastily laid down rules and regulations"....

10.) Eerste Natalsche Ringsvergadering 30/4/61.

(i) Klagtes is behandel teen Cachet dat hy geen geordende predikant is:

(ii) Dat hy geld wat gekollekteer was vir Nagmaalservies nie verantwoordelik bestee het nie.

11.) Eerste Natalsche Ringsvergadering 30/4/61.

12.) (i) Eerste Natalsche Ringsvergadering. p.22.

(ii) Tweede Natalsche Ringsvergadering: 1864. Hier het Huet die volgende gesê : „Eene gemeente die ophoudt te geven voor Gods zaak is eene doode gemeente.“

Met elke Ringsvergadering tot 1866 neem Huet aktief deel en stel hy intens belang in die werksaamhede van sy Kerk. Hierdie aanvangsjare was jare van „sturm und drang" in die Kerklike lewe van Natal. Ons merk dit uit die Ringverslae maar ook word dit vir ons duidelik by die deurlees van al die notules van die Kerkraadsvergaderinge wat gedurende hierdie tyd gehou is te Ladysmith en Pietermaritzburg.

Ons keer terug na die jaar 1859 toe Dr. H.E. Faure van Pietermaritzburg sy demissie as gevolg van steeds swakker wordend gesondheid moes aanvra. 13.) Op 2 Januarie 1860 word Ds. Huet beroep en na oorweging neem hy dit ook aan. 14.) Soos reeds gemeld was die area wat hy moes bearbei geweldig groot en het dit baie van sy liggaamskragte geëis.

Aangesien Dr. Faure so 'n kragtige aandeel gehad het in die Kerklike lewe van Natal, neem die Kerkraad van Pietermaritzburg op die 12 September 1859 die inisiatief op hulle deur opdrag te gee aan Ouderlinge F.S. Berning en J.C. Boshoff om in 'n rondskrywe aan al die Kerkrade in Natal te vra vir 'n bydrae ten einde „een aandenken ten geskenke vir Dr. H.E. Faure", aan te koop. 15.) Op hierdie wyse is £30 ingesamel waarvoor Ds. Huet en Ouderling Berning opdrag kry om 'n goue horlosie te koop en die volgende inskripsie daarop te laat aanbring: „Aandenken aan Natal. Bewys van Liefde van Gemeentelieden en vriende van die Nederduitsche Gereformeerde Kerk aan den Weleerw. Dr. H.E. Faure." Ook sal daar aan hom 'n uitnodiging gerig word om by „het openen van de Nieuwe Kerk" teenwoordig te wees, by welke geleentheid hy dan ook die geskenk kon ontvang. 16.)

Aangesien daar nie finaliteit bereik kon word met die inwydingsdatum van die nuwe Kerk nie en dit eers bepaal was vir Kersdag 1860,¹⁷⁾ toe weer

verskuiwe

-
- 13.) (i) C.S.O. 115 No34. Pietermaritzburg 13/8/1859. Die Scriba van Pietermaritzburg skrywe aan die Koloniale Sekretaris en gee kennis van Dr. Faure se bedanking vanaf 31 Julie 1859. Verder "I have the honour to request that you will move His Excellency the Lieutenant Governor to be pleased to direct that the salary of £200 per annum is paid from the 1st instant to the Revd. Dammes Piere Marie Huet."
 (ii) De Afrikaner, 1926. Scriba skrywe aan Koloniale Sekretaris: "Dr. Faure is afflicted with a very serious and dangerous malady and upon the urgent recommendation of his medical officer will be removed to the Cape."
- 14.) Kerkraads notule-Pietermaritzburg; 2 Jan. 1860. Uit die drietal tw. Di. Huet, Naude en Leibrandt, „werdt den meerderheid van stemmen tot die bedieners gekozen den Weleerw. Heer D.P.M. Huet." Ons meld net hier dat aangesien Huet nog van plan was om Holland toe te gaan hy nie seker was of hy sal aanneem of nie stel hy voor dat die Kerkraad hom 'n beroepsbrief vir Ds. Naude moet gee om die te oorhandig indien hy sou bedank.
 Vgl. C.S.O. 359/1860. 27/3/1860 -Aanstellingsbrief van Huet deur Koloniale Sekretaris.
- 15.) Kerkraadsnotule - Pietermaritzburg, 12/8/1859.
 16.) Kerkraadsnotule - Pietermaritzburg, 9/4/60. Eers op 9/4/60 is verslag gedoen en die verdere opdragte gegee
 17.) Kerkraadsnotule - Pietermaritzburg, 1/10/1860.

verskuiwe is na Maart 1861 en ten laaste na April 1861,¹⁸⁾ besluit Ds. Huet om die horlosie maar per pos te versend. Oor hierdie handeling was die Kerkraad nie baid tevrede nie. Nadat Ds. Huet verduidelik het dat hulle vergeet het van die besluit en ook by „de onzekerheid van den tijd der inwijding en van de komst van Dr. Faure," dit toe maar gepos het, was die kerkraad tevrede. 19.)

Op 6 April 1861 is van die historiese gelofte-kerkie afskeid geneem en op Sondag 7 April kon die nuwe Kerk in gebruik geneem word. 20.) By hierdie besondere geleentheid wat deur die Luit.-Goewerneur en ander hooggeplaastes bygewoon is, het Ds. Huet die dienste waargeneem en self die „Afsheidslied aan de oude Kerk," op 6 April asook die „Inwijdingslied van de nieuwe Kerk" op 7 April 1861, geskryf. 21) (Hierdie Voortrekkerkerkie is in 1955 gesloop om plek te maak vir 'n moderne gemeentelike saal)

Alhoewel die gemeente nou besit geneem het van hulle nuwe Kerk wat „met zijn gothiese ramen en spitsen toren tegen de omringende groene heuwels een sierlijke vertooning maakt," was hulle aan die ou gebou waar hulle twintig jaar aanbid het nog baie geheg. Die vraag was nou wat om met die ou gebou te maak. 22.)

Op die eerste Kerkraadsvergadering wat gehou is in die konsistorie van die nuwe Kerk is daar onder andere besluit om die konsistorie van die ou Kerk aan die afgetrede Koster, Mostert af te staan vir sy boekhandel. Ook word besluit om „de oude Kerk te bewaren als een schoolgebou" en om die pastorie te laat repareer. 23.)

In Desember van dieselfde jaar is deur die kerkraad besluit om die ou kerkklok wat destyds „door den Heer, E. Landsberg ten geschenke gegeven" is, aan Greytown te skenk. 24.) Volgens gegewens het Greytown nooit die klok kom haal nie, want op die tweede Oktober 1865 lees ons van 'n aansoek van Weenen om die ou klok te koop. 25.) Gedurende Mei 1862 is die banke van die ou Kerkie op 'n buitengewone Kerkraadsvergadering aan Ladysmith beskikbaar gestel sonder koste. 26.)

Aangesien

-
- 18.) Ibid. 14/1/1861.
 19.) Ibid. 1/10/1860.
 20.) Ibid. 8/4/1861. Ouderling Berning doen verslag dat daar 'n saldo van £25. 6. 0. in die kas is. Hierby kom nog die kollekte van die inwydingsnaweek, tw. £43. 15. 1½.
 21.) (i) De Afrikaner. 18/2/1927.
 (ii) Gedenkboek. pp. 22 - 25. (Sien bylaag I)
 22.) (i) Ibid. p.26.
 (ii) Pont, A.D; N.J. van Warmelo. p.51. Wanneer Ds. van Warmelo deur Pietermaritzburg reis op pad na Zoutpansberg vertoef hy Sondag 8 Mei by Huet en skryf later aan sy moeder: „Het kerkje in P.M.Burg is lief en kan een 300 menschen bevatten"
 23.) Kerkraadsnotule - Pietermaritzburg. 14/1/1861.
 24.) Ibid. 30/12/1861.
 25.) Ibid. 2/10/1865.
 26.) (i) Brief van F. Lion Cachet. Ladysmith. 20/5/1862.....„heb ik de eer u te vragen of u genegens zoudt zijn,haar,vor de Gereformeerde Kerk te Ladysmith, eenige der beste Kerkbanken uit ow oude Kerk gebouw te willen afstaan en tegen welken prys". (N.A. L&er No.1)
 (ii) Behandeling deur Kerkraad op 31/5/1862.

Aangesien daar op hierdie vergadering te min lede teenwoordig was, kon dit eers op 14 Julie finaal bekragtig word. 27.)

In April 1862 kry Ouderling P. Ferreira opdrag om die ou Kerkie „te verhuren hetzij aan de Wetgewende Raad hetzij as Gouwermentschool,” en met dien verstande dat die „gebou tot geene publieke vermakelijkheden zal worden afgestaan.” Tydens hierdie vergadering word ook aandag gegee aan die sending. Daar is besluit om 'n sendingkommissie aan te stel „tot ondersteuning van de zendingzaak in het algemeen en van het Ladismittsche sendingwerk in het bijzonder”. Ds. Huet, ouderlinge F.S. Berning en J. de Kock (Jnr.) word op die Sendingkomitee gekies. Ook word die afgevaardigde ouderling nl. G. Naude na die volgende Sinodesitting teen die einde van die jaar gekies. 28.)

Finansieel het dit met die gemeente, soos vrouens met die Kerk van Natal, nie baie goed gegaan nie. Die kerkbanke wat aan Ladysmith toegesê was, is nie geneem nie en is toe te koop aangebied met uitsondering van „die klein bankie” van Ouderling G. Naude. Hierdie bankie word aan hom geskenk as „een gering blijk van ongeveinsd achting.” 29.)

Met die Julie-vergadering kon Oudl. Ferreira rapporteer dat hy die Kerkie aan die regering verhuur het teen £5 per maand, maar ook £12 tot £14 onkoste daaraan gehad het. 30.) Uit die notules blyk dit dat die huur maar van korte duur was, want reeds in September word hy weereens gevra om die Kerkie te probeer verhuur. Ouderling Ferreira rapporteer dat die Kerkplaas verkoop is aan 'n sekere Pascoe teen 20/- per morg. Die grootte van die grond was 980 akkers. 31.)

Finansieel het dit met die gemeente steeds swakker gegaan. Op die kerkraadsvergadering van 30 Maart 1863 word die wenslikheid uitgespreek dat hulle maar die ou Kerkie moet verkoop om dan die uitstaande skuld van £300 te delg. Ouderling J.N. Boshoff stel voor dat die verkoopprijs £300 moet wees: £50 kontant, £100 om in ses maande te betaal en die orige bedrag teen £50 per jaar teen 8% rente vanaf die verkoopsdatum. Ook dat die gebou „nimmer worde gebruikt sonder toestemming van den geheele Kerkraad, als een Hotel of cantien van enige descriptie. ”

Ds. Huet voel egter om die saak voor die gemeente te lê. Moontlik mag die reaksie van die gemeente gunstig wees, sodat die skuld gedelg kan word en die reparasie aan die gebou ook nog gedoen kan word. 32.) Drie maande later lees ons in die kerkraadsnotule van 27 Julie 1863 dat die ou kerkie wel verkoop is op 26 Julie aan Mnr. Vicar Brayhirst teen £840. 33.)

Die gevolg

-
- 27.) Kerkraadsnotule - Pietermaritzburg. 14/7/62.
 28.) Ibid. 14/4/1862.
 29.) Ibid. 22/9/1862.
 30.) Ibid. 14/7/1862.
 31.) Ibid. 22/9/1862.
 32.) Ibid. 30/3/1863. Vgl. ook notule van Kerkraads-
 vergadering van 21/9/1864.
 33.) 27/7/1863.

Die gevolg van hierdie voordelige besigheidstransaksie was dat daar 'n brief by die Kerkraad ingedien is dat, „uit hoofde van de dure tyden en de vermeerdering van Kerkinkomste, door den verkoop van den oude Kerk! die salaris van die leraar verhoog moet word. Die kerkraad besluit om Ds. Huet se salaris te verhoog met £50 vanaf 10 Julie 1863 i.p.v. £100 soos wat die versoekskrif eintlik aanbeveel het. 34.)

Braynhirst het nie kontant betaal nie en toe hy insolvent raak besluit die Kerkraad op 2 Oktober 1865 om die ou Kerkie maar terug te neem en aan die regering te verhuur vir £70 per jaar. 35.)

Die jeug het die kerkraad se aandag nie ontsnap nie. Ouderling Kestell spreek sy kommer uit oor die „noodzakelijkheid van meerdere godsdienstige opleiding der Jeugd! Ds. Huet sê dat die Sondagskool en Katkisasieklasse genoegsaam in die behoefte voorsien. 36.)

Gedurende die vergadering van die Kerkraad op 27 Julie 1863 opper Ds. Huet die vraag of dit nie tyd geword het dat hy met 'n Engelse aanddiens moet begin nie „uithoofde de Hollandsch sprekende bevolking allengst vermindert en verscheidene leden der Kerk voor huwelijksverbinding met Engelschen van onzen kerk worden afgetrokken! Die Kerkraad laat die keuse aan die pastor loci oor om indien hy dit wenslik ag een aanddiens per maand te hou. Ons vind dat hierdie saak weer na vore kom sonder dat daar finaliteit bereik word. Waarom daar nie uitvoering gegee is aan hierdie saak, weet ons nie. 37.) Wanneer Ds. Turnbull in 1867 Ds. Huet opvolg word alreeds op die eerste Kerkraadsvergadering in Mei 1867 aan hom opgedra „ om twee maal in des avonds in den maand, met uitzondering van nachtmaaltijd, in het Engelsch te prediken en dat een aanvang op Zondag agt dagen gemaakt zou worden." 38.)

Soos in

-
- 34.) Kerkraadsnotule -Pietermaritzburg. 27/7/1863.
 35.) Braynhirst het soos in teks gemeld nie kontant betaal nie en toe die wissels wat hy gegee het verval was hy insolvent. Gevolglik moes die Kerkraad die gebou terug neem. (2/10/1865) Uit die notules van daardie jare blyk dat die Natallers geensins onverskillig was oor wat met die ou Kerkie gaan gebeur nie. Daarom die bepaling van 30/3/1863. Voordat hierdie ou kerkie omgeskep is in 'n Museum op aandrang van Wyle Dr. G.M.Pellissier (19/12/1908) was dit gebruik vir, wamakerswinkel, aptekerswinkel, teekamer, ens. (Vgl. Gedenkboek. pp.28 - 29 en lêer K.C.I.(N.A.) wat kollektelyste, state van inkomstes en uitgawes, rekeninge, korrespondensie ens. van die ou kerkie bevat. (1839 - 1922).
 36.) Kerkraadsnotule -Pietermaritzburg. 30/3/1863.
 37.) Ibid. (i) 27/7/1863.
 Ibid. (ii) 2/10/1863.
 Ibid. (iii) 2/7/1866.
 38.) Ibid. 25/5/1867.

Soos in alle gemeentes die geval is, so was dit ook in Pietermaritzburg, dat Ds. Huet en die Kerkraad aan eenaardige versoeke aandag moes gee. Die plaaslike orrelis, 'n sekere Worst, rig op 15 Februarie 1864 'n versoek aan die Kerkraad vir verhoging van salaris, asook „om maatregelen te nemen dat de Heer P. Maré, wiens sitplaats in zijne onmiddellijke nabijheid op de gallery is, worden verplaatst daar hij bij het bespelen van het instrument, door diens luid gezang wordt in den war gebragt! Die kerkraad besluit om met die heer Maré te praat en „vriendelijk te vragen bij het openbaar gezang zijne stem minder te verheffen en zich naar het muziekinstrument te regelen.“ 39.) Die gevolg van hierdie onderhoud was dat daar twee maande later 'n brief ingedien is deur die heer Maré, waarin hy beswaar maak teen die aanstoot wat hy gegee is deur die vorige besluit en die bespotting wat hy daardeur moes verduur. Die einde van die saak was dat die twee broeders weer versoen is. Die verhoging in salaris waarvoor „organist Worst“, gevra het, word nie aanbeveel nie. 40.)

In die notuleboek van die 3 Oktober 1864 lees ons dat die kerkraad besluit het om 'n brief aan die voorleser Mostert te skrywe waarin hy onthef word van sy pos as voorleser as gevolg van hoë ouderdom. Reeds was daar ook klagtes ingedien teen sy doofheid „wat hom geheel buiten het gehoor van de seraphien en buiten de maat brengt“. Hy sou sy salaris behou asook 10% van al die agterstallige sitplekgelde ontvang. 41.) Daar is ook besluit om aan hom 'n snuifdoos as gesken te gee. 42.) Hierdie saak is oorgelaat aan Ouderling Berning wat toe 'n snuifdoos uit Engeland bestel het. 43.) Gedurende die vergadering van die 3 Oktober 1864 is daar ook besluit dat die orrelis se salaris verhoog moet word met £1. 44.)

Tydens hierdie laasgenoemde vergadering het Huet ook die saak van die „geloftefees“ aangeroe. Hy lê 'n versoekskrif voor die vergadering en vra dat dit deurgestuur moet word na die Ring van Natal. Hierin bepleit hy die saak en vra „dat die 16 Desember gehouden worde als een dank en bededag ter herinnering aan de Verlossing der Emigranten in 1838“. Hierdeur bring Huet 'n baie belangrike saak onder die aandag van die Natallers met sy latere verreikende gevolge vir die Afrikaner. 45) Wanneer die Ring in Oktober 1864 sitting neem, bepleit Huet hierdie saak op ' baie oortuigende wyse. Ds. H.F. Schoon gee in sy toespraak, „Het vieren van Dingsaansdag“, wat gehou is voor die Taalkongres te Newcastle op 29 September 1921 die volgende verslag van Huet se aandeel om geloftedag tot sy reg te laat ko Die gevaar dat ons hierdie dag uit ons volkslewe sou verloor of dat dit

net in

-
- 39.) Ibid. 15/2/1864.
 40.) Ibid. 18/4/1864.
 41.) Ibid. 3/10/1864.
 42.) Ibid. 17/4/1865.
 43.) Ibid. 2/10/1865. (Koste van Snuifdoos £15.)
 44.) Ibid. 17/4/1865.
 45.) Ibid. 3/10/1864.

net in die vergetelheid sou raad is raakgesien deur „den voormannen onzer kerk in Natal". Gedurende die sitting van „de hoogste vergadering dezer Kerk, onder dagteekening 20 Oktober 1864", lig die predikant van Pietermaritzburg sy voorstel toe. „Hij herinnert aan de heuchelijke verlossing op dien dag in het jaar 1838 door de Afrikaansche Emigranten ondervonden; aan de geloften op dien dag afgelegd; aan de dankbare nagedachtenis waarin dezelve door enkelé Afrikaansche familien is gehoude, aan de reden tot vreeze die er bestaat, dat, by het verminderen in aantal der oorspronkelijke eerste Emigranten, die dag in vergetelheid zoude geraken, en aan het plichtmatige om te trachten zulks, door een besluit, als het hoven genoemde, uitgaande van die Vergadering te voorkomen. De Ouderling van Pietermaritzburg neemt hierover het woord en wenscht dat in de notulen melding gemaakt worde dat de Dankdag is ter herinnering aan den „Zondagslag van Bloedrivier". De overige leden der vergadering stemmen van harte met dit voorstel in, hetwelk met algemene stemmen wordt aangenomen."

Deur hierdie besluit het die Natalse Kerk „Dingaansdag"offisieel vasgesteld „als een Kerklijke feestdag." 46.)

Tydens die Kerkraadsvergadering op die 3 Oktober 1864 dien 'n brief van Dr. Robertson van Swellendam waarin gevra word vir 'n bydrae vir die sendingwerk te Soutpansberg. Hierdie versoek word na Ds. Huet verwys om na goeddunke af te handel. 47.) Hierdie saak het Ds. Huet ook voor die Natalse Ring in 1864 bepleit. 48.) Ongelukkig weet ons nie wat die bydrae van die gemeentes van Pietermaritzburg was nie. Soos reeds uit die vorige blyk was Huet 'n groot sendingyweeraar al was dit nie altyd met die nodige takt nie. Op Pietermaritzburg het hy met toestemming van die kerkraad ook elke Sondag vir die bediendes diens gehou „en de gemeente was bereid, om de kosten te doen tot het bouwen eener afzonderlijke kerk voor de kleurlingen, maar Ds. Huet drong er volstrekt op aan, dat blank en gekleurd naast elkander plaats zouden nemen in hetzelfde Kerkgebouw, en daarop leden zijnen pogingen schipbreuk." 49.) Ook in Ladysmith het Ds.

Huet veel hulp verleen aan die sendingwerk van Eerw. Illing. Die eintlike sendingwerk is in 1861 begin toe Erw. Illing op 29 Desember 1861 van die Lutherse Kerk na die N.G. Kerk oor gekom het, om as sendeling in die naturellegemeente diens te aanvaar. Eerw. Illing is as sendeling van die N.G. Kerk gelegitimeer en kon dus as die eerste sendeling van die Natalse Kerk beskou word. Vir 'n paar jaar het die sendingwerk pragtig gevorder

maar in

-
- 46.) Ds. H.F. Schoon-Versameling, No.4.(N.A.) p.161. (Ons vind ook in die aantekeninge hoedat die „Dingaansdag" na die Vrystaat en Transvaal uitgebrei het.)
- 47.) Kerkraadsnotule - Pietermaritzburg. 3/10/1864.
- 48.) Ds. H.F. Schoon-Versameling. p.161.
Vgl. ook Ringsnotule 19 Okt. 1864 e.v.d.(N.A.)
- 49.) Ds. H.F. Schoon-Versameling. p.115. Geschiedkundige Overzicht der Ned. Ger. Kerk van Natal in twee Reedenen. Uitgespreek te Kaapstad voor Kaapsche Sinode, 15/10/1897. (N.A.)

maar in 1865 het Eerw. Illing hom van die Ned. Geref. Kerk afgeskei en oorgegaan na die Episkopaalse-en later na die Independentie-Kerk. In al hierdie ontwikkelinge, wat die groeipyne was van 'n groeiende Kerk, kon Ds. Huet sy aandeel lewer hetsy as konsulent of as scriba van die Natalse Ring, of as net een van die predikante van die Tuinkolonie. 50.)

Die tragiese deel in die bediening is ook nie vir Huet gespaar nie. Kort nadat hy in Pietermaritzburg aangekom het, moes hy die ter dood veroordeelde, Johannes de Lange(Hans Dons), die so bekende Voortrekker, in die tronk te Ladysmith bystaan. Tenspyte van aanhoudende versoeke en petisies aan die Regering vir versagting van die vonnis is dit geweier. Hy is ter dood veroordeel nadat hy skuldig bevind is van moord op 'n naturel. Sy teregstelling het in die openbaar plaasgevind op 26 Maart 1861. Die strop het die eerste keer gebreek, maar die is toe verstewig met 'n tweede en die vonnis voltrek. 51.)

Pietermaritzburg sou ook in Huet se hart altyd 'n tere plekkie behou want dit is hier waar hy op die 23 September 1861 deur Eerw. Campbell van die plaaslike Skotse Kerk in die huwelik bevestig is⁵²⁾ met Meinouda Robbe. Nadat beide ouers van haar oorlede is het sy en haar suster Johanna na Natal geëmigreer.53.) Op 25 Januarie 1859 is die jongere suster, Johanna op 19 jarige ouderdom met Arnoldus Stuart te Pietermaritzburg getroud. 54.) Huet het altyd van Meinouda gespreek as „'n gawe van God aan hom geskenk." 55.)

Op

-
- 50.) Eeufees-Ladysmith. p.11 - 12.
 Vgl. ook. N.A. „Lezing gehouden in de Kerk te Moria" op 16/10/1909.
- 51.) Huet. pp. 157 - 160.
 Vgl. ook. R538/1861.(Co 131, No.80) In hierdie brief van 10/4/1861 doen die Scriba Mnr. P. Ferreira aansoek vir die reiskoste van Ds.Huet. Die antwoord van die Koloniale kantoor op 10/4/1861 was dat aangesien Ds. Huet, "nog being regarded as belonging to the Govt.-service he is not entitled to travelling expences."
- 52.) Oorspronklike huweliksregister is te vinde in die Natalse Argief. (heweliksnummer 100.)
 Dammes Pierre Marie Huet. 33jr.
 Meinouda Elia Robbe. 23jr.
- 53.) (i) Volgens 'n fotostatiese afdruk wat verkry is van die Bibliotheek der Rijksuniversiteit te Utrecht, p.265 was die susters se name:
 (a) Meinoutje Elia Robb ,geboren Nijmegen,8/12/1837.
 (oorlede, Dordrecht 28/11/1904.)
 (b) Johanna Regina Anna Robb ,geboren Nijmegen,11/12/1839.
 (ii)N.A. 12/2" 107, brief dateer. 12/3/1957. Volgens die skeepslyste het die twee susters op 26/11/1858 met die „Derkina Titia" in Durban aangekom.
- 54.) (i) Fotostatiese afdruk: p.265. Johanna Regina Robbe (oorlede Z.Afrika, Pieter-Maritzburg. 25/1/1859) getroud met A.A.Stuart. Vgl. ook: N.A. 12/2"107. 12/3/1857 - Aangesien Johanna nog minderjarig was is toestemming to die huwelik verleen deur, "Mr. J. Heem Azn, voorgd over de bruid."
- 55.) Vijf en Twintig jaren. p.5.

Op 25 Desember 1862 word 'n kindjie vir die egpaar gebore. Huet gryp na die pen en lê sy ongekende blydschap maar ook sy ouerlike kommer vas in die bekende gedig:

„Wat zal toch dit kindeken wezen?“ (aan onzen zoon Pierre Emmanuel, geboren 25 Desember 1862. 56.)

Baie treffend is die titel van hierdie gedig wanneer ons die latere lewe van hierdie seun naspoor. Hy het soos ons uit sy vader se briewe kan aflei aan sy ouers veel kommer gegee. In 'n brief aan die Staatssekretaris gedateer April 1886 skrywe Huet dat sy seun vanaf sy vroegste jare 'n hunkering terug het na sy geboorteland. Hulle kon as ouers egter nie tot 'n besluit kom om hom na so 'n ver land te stuur nie en hierby kom nog dat hulle vir hom in Suid-Afrika geen vooruitsig sien nie. Hy is nou groot genoeg om vir homself te besluit en aangesien hy steeds nog die begeerte het skrywe hy as vader 'n brief om; „mijnen zoon bij u te introduceeren.... Mijn zoon is eenigen tijd in militairen dienst geweest. Daarop heeft hij zijn examen als gemeente secretaris afgelegd en is drie jaren in de Administrasie werkzaam geweest, waarvan hij goede getuigschriften kan overleggen. Macht u in staat zijn mijn zoon een plaats in de Goewernementskantoren te verschaffen...“ 57.) Dit blyk dat hy by sy aankoms in Transvaal nog geen betrekking gehad het nie, want op 10 Julie 1886 doen hy aansoek vir „eenige gouvernementsbetrekking.“ 58) Op 22 Julie 1886 maak hy ook applikasie vir „eenen eventuele benoeming van Mijnkommisjaris“ op die onlangs ontdekte goudvelde op die Witwatersrand en na aanleiding van wet No. 8(1855) waarin sprake is van „het aanstellen van beampten op publieke velden.“ 59.) Hierop ontvang Huet op 29 Julie antwoord dat sy „applikasie genoteerd is.“ 60.)

Volgens aanstellingsbrief⁶¹⁾ asook 'n brief van sy Vader het hy toe 'n betrekking in Pretoria gekry as „Gouernements-Amptenaar!“⁶²⁾ maar gedurende Mei 1890 het hy dit verloor, „zoo als hij mij melde omdat hij zich op onvoorzichtige wijze met de politiek had ingelaten en schreef ons dat hij voornemens was naar Holland terug te keren. 63.)

In April.....

-
- 56.) Huet. pp. 161 - 165.
 57.) S.S. 1886. (Band. 1243.) R3302/86. April 1886. (T.A.)
 58.) R3276/86; 10/7/1886. (Band 1243) (T.A.)
 59.) S.S. 1886. R3536/86; 22/7/1886. (T.A.)
 60.) R3536/86. B.B. T6/997. p.873; 29/7/1886. (T.A.)
 61.) R.B.B. 668/89 is P.E. Huet op 19/7/1889 aangestel as tweede Stadsklerk. (T.A.)
 62.) N.A. Brief aan Kerkraad van Pietermaritzburg deur P. Huet. 29/12/90; Goes. (N.A.) (Sien Bylaag II)
 63.) (i) R.B.B. 505/90. 27/5/1890 - „Ik heb instructie ontvangen u bij dezen mede te delen, dat de regering door voorgewende redenen daartoe geleid, goedgevonden heeft u te ontslaan uit uwe betrekking als Tweede Staatsklerk.“ (T.A.)
 (ii) Vgl. ook brief v. Vader aan Kerkraad, Pietermaritzburg, 29/12/1890. (N.A.)

In April was hij te Maritzburg waar hij onzen goede ouderling Gert Naude, ... in zijn ziek- en lijdenshed meermalen bezocht. Zijn laatste brief was van 27 April 11." In hierdie brief meld hy dat hy van voornemens is om Kaapstad toe te gaan, en „gaf ons Amos's Boarding-House als zijn adres op."

Alhoewel Huet aan Ds. Andrew Murray geskrywe het om hom by hierdie losieshuis te gaan sien, was dit tevergeefs. Hierna het hy ook briewe geskrywe aan die Magistraat te Kaapstad en wou ook nog een skrywe aan die Magistraat van Pietermaritzburg. Uit hierdie brief aan die Kerkraad van Pietermaritzburg vind ons die bekommerde vaderhart want skrywe hy: „wel blywe wij gelooven dat de Heer onze gebed en smeekingen en tranen van 28 jaren zal verhooren....Wij wete ons volstreckt niet waar hij is noch wat van hem geworden is..” Moontlik wou die seun graag terug kom na Holland, maar die middele het ontbreek; daarom vra Huet aan die Kerkraad: „Indien mijn zoon naar Holland wil terugkeeren en hem het noodige geld daartoe ontbreekt, wilt gij hem dan daaraan helpen, doch ook niet meer dan daartoe nodig is, daar mijne middelen gering zijn." 64.)

Wat eindelijk van hierdie seun geword het kan ons nie naspoor nie want sommige briewe in die skakel ontbreek.

Ongeveer drie maande voor die geboorte van die seun moes Ds. Huet en sy medeafgevaardigdes na die Kaapse Sinode vertrek. Aan boord van die stoomboot „Waldesian" wat vanaf Durban na Kaapstad gevaar het, was sestien afgevaardigdes met onder andere die bekende Voortrekker Sarel Cilliers tussen hulle, Die Vrystaatse, Transvaalse en Natalse gemeentes het nog almal aan die Kaapse sinode behoort, alhoewel dit die laaste keer so sou wees. 65.)

Alles het voorspoedig gegaan tot Maandagnag die 13 Oktober, toe die skip naby Struisbaai in die buurt van die Agulhasrif op die rotse loop. Die vooruitsigte om die volgende dag, die 14 Oktober die Sinodale opening by te woon, was verydel. 66.) Ds. van de Wall, van Bloemfontein wat op die boot was verhaal die gebeure soos volg: „Omtrent 2 uur die avond gevoelde ek eensklaps een vreemde schok, nadat ik pas was ingeslapen. Wij waren spoedig in de kleren en naar boven en toen bleek uit de bevelen van de kapitein dat de Waldesian op 'n rots was vastgelopen. De stuurman had te dicht langs het strand gevaren, vandaar het onheil. De twee bootjes brachten al de passagiers en daarna ook het scheepvolk aan wal

Omtrent

-
- 64.) Brief van P. Huet aan Kerkraad, Pietermaritzburg, 29/12/1890. (N.A.)
 65.) G.B.A. Gerdener. Sarel Cilliers; p. 97 - 81 (Sarel Cilliers.)
 Vgl. ook du Plessis, J: Het leven van Andrew Murray. p.220.
 66.) Moorrees. p.900.
 Vgl. F. Lion Cachet. Vijftien jaren in Zuid Afrika. pp. 173 - 179.

Omtrent 6 uur die volgende môre het die skip in twee gebreek, en in die diepte weggesak; almal was gered, selfs die kat van die Kaptein. 67.) Die gryse Alexander Smith, spreek in aller naam 'n dankgebed uit vir die wonderbare redding. Toe die ramp bekend word, stuur die bewoners van die nabyliggende plase, karre en waens om die skipbreukelinge na Bredasdorp te vervoer. Hiervandaan gaan hulle na die naaste spoorwegstasie (Somerset -Wes) en bereik sonder enige verdere ongeval Kaapstad.

Toe hierdie gebeure in die Sinode bekend word, spreek die gehele vergadering sy hartlike leedwese uit oor wat gebeur het en dank God wat hulle almal se lewe gespaar het. Deur Ds. Huet van Pietermaritzburg word by die verskyning van die afgevaardigdes ter vergadering verslag gedoen van die skipbreuk. Die sinode besluit, na die aanhoor van die wonderbaarlike ontkoming, om op „die volgende Sondag Gods hand openlik en dankbaar te erken in die bewaring en redding uit die groot gevaar.. en dat die danksegging sal geskied in al die Gereformeerde Kerke van die Kaapstad.' Aangesien die meeste passasiers se bagasie saam met die boot in die water gesink het, word 'n kommissie benoem om in die eerste behoeftes te voorsien en dan verdere maatreëls daaromtrent te neem. 68.)

Hierdie Sinode van 1862 kan ons gerus die „Dortsche Sinode" van Suid-Afrika noem. Sy gevolge was diep aangrypend en ingrypend in die geskiedenis van ons Ned. Geref. Kerk. 69.)

Reeds in 1857 se sinodesitting het die opkomende liberalisme die hoof begin uitsteek toe die ouderling van Malmesbury die opinie van die vergadering gevra het oor die sittingsreg van die Oranje-Vrystaat na sy onafhanklikheidsverklaring in 1854. Volgens hom het die afgevaardigdes van die Vrystaat geen reg van sitting op grond van ord. 7 van 1843 nie. 70.) Na bespreking word besluit dat oor die wettigheid van sitting geen twyfel bestaan nie en „de Synode acht niet noodig verder te treden in deze bedenkingen van den Ouderling van Swartland." 71.)

Oor die

-
- 67.) Sarel Cilliers. p.98 - 99.
 68.) (i) Moorrees. p. 901.
 (ii) Acta Synodi. 1862. p.11. 11.
 (iii) Ibid. p.14.
 69.) Engelbrecht, S.P; Thomas Francois Burgers.
 Hierdie Sinode is deur sommige die Dordtse Sinode van Suid-Afrika genoem. p.45. Net soos die Dordtse Sinode is dit deur sommige hemelhoog geprys en deur ander weer ten diepste geminag.
 70.) Acta Synodi, 1857. p.61.
 71.) Ibid. p.65. Vgl. ook Hanekom. p. 390.

Oor die bedoeling in die optrede van ouderling Loedolf is daar verskil van opinie. Dr. T.N. Hanekom en Eerw. Dreyer wil dat gedurende die reses die liberale element al sterker geword het, en dat toe die Sinode in 1862 vergader, hulle alles agtermekaar gehad het om tot aksie oor te gaan. Hulle plan was om die meerderheid van die ortodokse party uit te dun en dit kon alleen gebeur „als de afgevaardigden der gemeenten die buiten de grenzen der Kaapkolonie gelegen waren hunne plaats in de Synode verloren, en daarin moest de Burgerlijke Rechtbank een helpende hand bijzetten." 72.)

Prof. Moorrees weer wil dat ons Loedolff se optrede sal verstaan in die lig van wat hyself geskrywe het. Aan die slot van 'n geskrewe toeligtig op sy voorstel, spreek hy (Loedolff) die vertroue uit dat die vergadering sy bedenkinge nie sal toeskrywe „aan enige lae beweegredes vir bereiking van een of ander doel nie! maar „dat zij voort vloeien uit zucht tot instandhouding van de goede orde en rust in onze Gereformeerde Kerk in de Kolonie." 73.)

Wanneer ons egter 'n studie maak van die opkoms van die liberalisme en sy ontwikkeling in Suid-Afrika en in besonder in die Kaapse Kerk soos wat dit sig openbaar het tydens hierdie Sinodesitting van 1862, dan besluit ons saam met Dr. T.N. Hanekom: „Hierdie Loedolff-saak het ook wyer betekenis gehad waar dit gegaan het oor die vraag of die Nederduitse Gereformeerde Kerk ook buite die grense van die Kaapkolonie mag uitbrei. Met hierdie vraag was ook politieke belange gemoeid, maar in werklikheid is dit 'n poging om die belange van die liberale rigting in Suid-Afrika te dien! 74.) Neem ons nog slegs een aanhaling uit „De Volksvriend" van 18 Oktober 1862 waar 'n goeie „opmerker" die klag laat hoor dat die liberale leraars met bedekte bedoelinge optree en elke omstandigheid gebruik om hulle saak te dien, dan moet ons tot beter insigte kon ten opsigte van die opregtheid van ouderling Loedolff se woorde.

„Och dat de liberalen zoo eerlijk waren dat zij de kerk verlieten. In plaats van dit te doen trachten zij de orthodoxen te belemmeren. Het is hun gelukt een paar onzer wakkere mannen uit den Kerkeraad in de Kaapstad te ligten, en nu verneem ik dat zij be orthodoxe Predikanten en Ouderlingen van den Vrystaat en Natal uit de Synode werpen willen! Hierdie voorstelling van die saak is in alle opsigte presies reg.

Opmerklik

-
- 72.) Acta Synodi, 1862. p.11. (T.K.A.) ook aangehaal in Hanekom. p. 390.
Vgl. ook: A. Dreyer; De strijd onzer Vaderen tegen het Liberalisme (Kaapstad 1898.) p. 9. (Voortaan aangehaal A. Dreyer.)
- 73.) (i) Moorrees. p. 902.
(ii) Hanekom. p.390; H.H. Leodolff was wetsagent en was getroud met 'n eie suster van Ds. J.C. le Fabre Moorrees van Malmesbury.
- 74.) Hanekom. pp. 380 - 381.

Opmerklik is dit dat dit juis die vrysinnige rigting is wat beswaar maak teen die sitting van die afgevaardigdes van die Ring van die Transgariëp. 75.) Wanneer die Moderator op die 14 Oktober die naam van die gemeente Pietermaritzburg uitroep om hulle geloofsbriewe in te dien, het daar 'n roering in die vergadering gekom want die ouderling van Swartland (Loedolff) het beswaar gemaak en die volgende protes ingedien: „De ouderling van Swartland objecteert teen die admissie van afgevaardigen uit dezen gemeente (Pietermaritzburg) om zitting te nemen, en stem te hebben in deze Synode, als in strijd met de Ord. No. 7 van 1843...“ Die woorde waarom die hele saak draai was, „in deze Kolonie.“ 76.)

Op 13 November kondig die Moderator aan dat hy van die prokureurs Fairbridge en Hull 'n skrywe ontvang het dat hulle deur „de Heeren H.H. Loedolff en H.H. Smuts gelast zijn een interdict bij het Hooge Gerechtshof te vragen tegen de zitting van den Wel-Eerw. Louw van Fauresmith, daar hij niet behoort tot de Gereformeerde Kerk in deze Kolonie.“

Op 18 November dien die aansoek voor die hof om 'n interdik teen die sitting van Ds. A.A. Louw van Fauresmith,⁷⁷⁾ „Zijn persoon werd genomen, niet omdat men iets bepaaldelijk tegen hem had, maar omdat hij een der predikanten is, wier standplaats buiten de Kolonie is gelegen, en omdat eene verklaring van de onwettigheid zijner zitting, ook in zich sluiten zou de verklaring dat alle predikanten en ouderlingen van gemeenten buiten de Kolonie, volgens de Ordonnantie, geen regt van zitting in de Synode hebben.“ 78.)

Die uitslag is nog dieselfde dag aan die Sinode bekend gemaak. In hierdie verslag gee die hof in bedenking 'n gewone regsgeeding om die saak te besleg. Hierdie wenk is onmiddellik deur die betrokke twee persone opgevolg. Op 26 November dien hierdie saak nou in sy tweede fase voor die hof. Die vergadering verdaag tot die aand om dan agter geslote deure byeen te kom. Die beslissing van die hof word voorgelees: "That the said Andries Adriaan Louw be declared not entitled to sit, deliberate, and vote at the meetings of the said Synod, or to take any part in their proceedings." 79.)

Oor hierdie oomblikke skryf „De Gereformeerde Kerkbode“ van 29 November 1862: „Pijnlijk was de indruk door deze uitspraak op al de afgevaardigden van die Staten gemaakt, die met zoo groote opofferingen, velen zelfs met het grootste levensgevaar, hunne gemeenten hadden verlaten, om hier aan de belangen van Christus Kerk hunnen tijd en hunne krachten te wijden.“ 80.)

Na 'n

75.) De Volksvriend, 18/10/1862. Aangehaal deur Hanekom. p.392.

76.) Acta Synodi, 1862. (T.K.A.) p. 5.

77.) Acta Synodi, 1862. (T.K.A.) p. 81 vgl. ook.

(i) Hanekom. pp. 397 - 398.

(ii) Dreyer, A. p.12.

78.) D.K.B. 29/11/1862. p. 398.

79.) Hanekom. pp. 398 - 399.

80.) D.K.B. 29/11/1862. pp. 398 - 399. vgl. ook

Dreyer, A. p.17.

Na 'n gebed deur die voorsitter en woorde van afskeid deur die predikant van Bloemfontein (Ds. van de Wall) en Pietermaritzburg (Ds.Huet), verlaat al die afgevaardigdes uit die Transgariëp die vergadering. 81.)

Opmerklik is dit dat by hierdie uitspraak die regsopinie van die Prokureur-Generaal Sir William Porter, van 16 Oktober 1852 waarop die Sinode van 1852 gehandel het, nie in aanmerking geneem is nie. In sy motivering wys hy daarop dat die Kerk as geestelike liggaam nie aardrykskundig begrens kan word nie en dat die teenwoordigheid van afgevaardigdes uit ander gemeentes buite die Kolonie die besluite van die Sinode nie minder bindend maak nie. 82.)

Nadat die transgariëpse gemeentes hulle uit die vergadering verwyder het, duik die vraag op of die vergadering nou as wettig gekonstitueerd beskou kan word en of al die handeling en besluite van 1852, 1857 geldig is. Hierdie saak word op 23 Februarie 1863 verhoor en op 13 April word uitspraak gegee ten gunste van die Sinode. 83.)

Hierdie saak van Loedolff was van ingrypende belang in die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk van Kaapland. Die ou Kaapse Kerk is verdeel in vier provinsiale Kerke. Op 10 Mei 1865 vergader die eerste Sinode van die Vrystaat, op die 7 Junie 1865 die van Natal en op die 3 Desember die van Transvaal. 84.)

Met hierdie historiese oorsig het ons belangrike gebeurtenisse vooruitgehoop. Op die agenda van die Sinode was daar verskillende beskrywingspunte wat gewys het op die naderende storm met die Liberaliste. Die aanklagte het veral gegaan teen drie predikante nl. Di. T.F. Burgers, S.P. Naude en J.J. Kotze. Verlaas die Burger en Kotze-saak was later ineengestremgel en altwee het voor die Hooggeregshof gedien. 85.)

Op die 14 Nov. besluit die sinode om die verskillende beskrywingspunte wat betrekking het op die handhawing van die suiwerheid van die leer na 'n spesiale kommissie te verwys. 86.) Onder hierdie kommissielede vind ons ook Ds. Huet wat deur woord en geskrif die liberalisme teengestaan het. In hulle eie blad „De Onderzoeker" het hy op geen onkundige wyse op grond van die Skrif sy standpunt verdedig nie.

Dit is

-
- 81.) Hanekom. p.401. Vgl. D.K.B. 29/11/62. p.398.
 Tesame met die lede van die Transgariëp het ook die professore van die kweekskool en die predikant van die gemeente St. Stephens die vergadering verlaat.
- 82.) Hanekom. p.387.
- 83.) Moorrees. pp.907 - 908.
- 84.) Hanekom. p.402.
- 85.) Engelbrecht, S.P. Thomas Francois Burgers.
 p. 47. Vgl. ook Moorrees. p.918.
- 86.) Acta Synodi. 1863. p.75.

Dit is na aanleiding van die rapport wat deur hierdie kommissie ingedien is dat die eintlike stryd losgebreek het. Onder andere het hierdie kommissie aanbeveel: „de Synode verklare dat zij door het prediken over den Katechismus verstaan wil hebben, eene uitlegging van de vragen en antwoorden, en eene verdediging derzelve op grond van Gods Woord.”

Ds. Huet wys tydens die bespreking hiervan op die noodsaaklikheid van hierdie aanbeveling „want het zou hier ook wel eens kunnen gaan zodels in Holland waar hij eens een leeraar had hooren zeggen, bij de behandeling van een vraag in den Heidelbergschen Katechismus: „Ik stem echter daarin niet met den Katechismus in.” 87.) Hierop antwoord Ds. Kotze van Darling dat hy beswaar maak om die Kategismus altyd in ooreenstemming met die Bybel te verdedig. 88.) Indien hy sou moes preek oor die sestigste vraag van die Kategismus waar daar van die gelowige gesê word dat hy „nog steeds tot alle boosheid geneigd” is, hy dan ook soos die predikant in Holland, van wie die Predikant van Pietermaritzburg verhaal het sal moet sê dat hy hier wel verskil. 'n Uitdrukking soos hierdie, so sê Ds. Kotze behels 'n taal „die niet eens in den mond van eenen heiden waarheid zou bevatten, of hij moest een duivel zijn, veel minder nog in dien van den Christen.” 89.)

„Deze woorden waren als een vuurbrand geworpen in het vlas .. een casus belli.”⁹⁰⁾ Die Sinode eis op voorstel van Dr. Robertson dat hy sy woorde na 2 dae moet terugtrek, maar in sy „jeugdige eenvoudigheid”⁹¹⁾ weier hy. Op 21 November 1862 word hy opgeroep om sy woorde terug te trek maar Ds. Kotze sê dat hy nie kan nie. Hierop stel Dr. Hofmeyr van Montagu voor dat 'n kommissie benoem moet word „om de Synode te adviseren hoedanige en welke uitspraak in deze zaak zal gedoen worden! Die kommissielede sal wees: Dr. P.E. Faure, S. Hofmeyr, Dr. Robertson, Prof. Murray en Ds. Huet.” 92.)

Gedurende die vier-en-dertigste sitting, op die 22 November dien die rapport van bogenoemde kommissie voor die vergadering en is hulle bevinding dat die predikant van Darling 'n skriftelike verklaring moet indien. By die behandeling van die rapport dien verskeie voorstelle. Die scriba stel voor en Ds. Huet sekondeer dat Ds. Kotze 'n verklaring moet onderteken wat soos volg lui: Ik verklaar dat ---- wanneer ik de woorden steeds tot alle boosheid geneigd, aldus heb op te vatten, dat volgens Gods Woords, het gedichtsel van het hart des menschen ten alle tijde alleenlijk boos is; en dat volgens onze geloofsbelijdenis, de erfzonde de onzalige fontein is
 waaruit

87.) Moorrees. p.918.

88.) Engelbrecht, S.P; Thomas Francois Burgers. p.47.

89.) Moorrees. p.918. Vgl. ook. (i) „De Onderzoeker” 27/9/1884. p.98.
 (ii) D.K.B. 29/11/1862. p.397.

90.) Dreyer, A. p.22.

91.) De Onderzoeker 27/9/1884. p.98.

92.) Dreyer, A. p.25.

waaruit voortdurend alle onreinheid voortkomt, en die den mensch voor God verdoemelijk maakt; en dat deze ook bij den wedergeboren mensch nietteenstaande het nieuwe levensbeginsel in hem gelegd, ten allen tijde gereed is, zich in allerlei dadelijkheden te openbaren, ik mij mijne woorden van laatsleden Woensdag retraktere, en met een goed geweten zal kunnen prediken dat de Katechismus hier niet verkeerd is." 93.) Hierdie voorstel word op die 26 November 1862 die besluit van die vergadering.

Op dieselfde dag word die uitspraak van die Hooggeregshof ontvang en kon met die saak voorlopig nie verder gegaan word nie. Die Sinode word sine die verdaag, omdat hulle nou op grond van die uitspraak in die Loedolffsaak nie seker is omtrent die wettigheid van die besluite van die verskillende Sinodes nie. Op 15 Oktober 1863 toe „de geadjourneerde Synode" byeenkom is die Kotzesaak dadelik weer hervat. 94.)

Ds. Huet was een van die hoofaanvoerders in die saak teen Ds. Kotze. Vier-en-twintig jaar later toe Huet predikant in Goes (Nederland) was het daar 'n openbare briefwisseling tussen hom en Ds. Kotze plaasgevind in „De Zuid Afrikaan" van die 3^e en 30^e Julie 1886. Ons haal enkele sime daaruit aan: „Het is nu byna vier-en-twintig jaren geleden, dat de Synode van de Gereformeerde Kerk te Kaapstad vergaderde, bij welke gelegenheid wij tegenover elkander stonden, gij als voorstander van vrijzinnige en tot het modernisme overhellende gevoelens, ik als hartstochtelijk ijveraar voor de voorvaderlijke instellingen.. Waarde heer, ik was ter goeder trouw. Het was niet omdat de onfeilbaarheid van den Katechismus werd aangetast, maar het was omdat, naar ik het toen inzag, door u aan de verdiensten van Christus werd te kort gedaan, dat ik mij zoo tegen u in het harnas gejaagd gevoelde.. Dikwijls heb ik aan dat oogenblik gedacht. En meer dan eens heb ik, ook van den preekstoel, beleden wat toen in mij omging. Mede.. om niet te zeggen, grootendeels .. door mij drijven wat het dat gij in staat van beschuldiging werd gesteld en tot herroeping werd veroordeeld."

Gedurende die jare het Huet ook tot ander insigte gekom en wanneer hy hierdie brief skrywe is hy 'n vurige spiritis „Welligt staan mij in menig geloofsstuk thans digter by elkander dan eertijds, ofschoon gij naar alle waarskynlikheid verre zijt met mij in mijne spiritische gevoelens.... Het eenig doel van mijn schrijven is u bij dezen, vier-en-twintig jaren na het gebeurde, openlijk vergeving te vragen voor het u door mij aangedane onregt."

Soos reeds

-
- 93.) (i) Moorrees. pp. 925 - 926.
 (ii) Acta Synodi. 1862. p.92.
 94.) (i) Dreyer, A. p.27.
 (ii) D.K.B. 29/11/1862. p.398.

Soos reeds uit bogenoemde blyk het hy Kotze hewig teengestaan. Na al die jare skrywe hy nou oor art. 60 en „waarvan ik thans zelf moet getuigen dat ik er mij evenmin mede kan vereenigen en ze even verwerpelyk acht als des tijds door u werd gedaan." 95.)

Uit hierdie brief blyk ook weer andermaal duidelik dat Huet baie fynbesnaard was, 'n gevoelsmens, wat onder die indruk van die oomblik geleef het, maar wat eerlik was en dit opreg gemeen het. 96.) Self het hy hom pragtig uitgebeeld in 'n brief aan die Staats President in 1886 vanuit Holland: „alhoewel ik nu van achteren wel sie dat ik veel wat ik goed bedoelde op andere wijze had moeten doen. Doch ik wandelde in het licht dat ik toen had." 97.)

In hierdie belangrike, vormingsjare van ons Kerk kon ook Ds. Huet sy aandeel lewer en sy deel bydra om dit as 'n geestelike erfenis vir ons te laat.

Na 'n stormagtige Sinodesitting is Ds. Huet op die 12 Desember 1862 weer terug in Natal. 98.)

Finansieel het die gemeente altyd maar baie moeilik kop bo water gehou. Die steeds krimpemde ledetal het baie kommer aan die kerklike opsigters gestel, sodat die Kerkraad later verplig was om in Januarie 1867 'n skuldbewys te teken by die „Heer J.G. Hatting" vir £100. Die ander £80 wat hulle nog aan Ds. Huet verskuldig was, wou hy nie gehad het nie, „uit hoofde van de ongunstige geldelijke Tijdsomstandigheden." 99.) Die jaar 1866 was een van die moeilikste jare wat Natal deurgeworstel het. Van hierdie jaar skryf Prof. G. Besselaar: „Die geringe aantal bewysstukke van Kerklike aktiwiteit wat in die volgende jare nog minder word en in 1869 selfs tot nul daal, val opmerklik saam met 'n toon van gedrukktheid in die notule en lei vermoedelik tot die naderende vertrek van Ds. Kest. Daar is 'n geestelike doodsheid, morele agteruitgang, vermindering in ledetal, finansieel gaan dit baie swak, die Kerkraad skuld die predikant al, £142.10.0. Mevr. Huet is sieklik en so is daar vir die pastoor in sy Kerklike-en huislike-lewe, „major missabib". (skrik van rondom.) Die Kerkraadsnotule handel oor roetine sake. Hierdie jare tel onder die dorste en onvrugbaarste in die lewe van die gemeente Pietermaritzburg. En tog het hulle 'n begaafde, toegewyde, onselfsugtige, bedienaar van die Woord. 'n Beroemde Kanselredenaar wat met tranen en gebed die heil van sy gemeente soek." 100.)

Uit die

-
- 95.) Engelbrecht, S.P; Thomas Francois Burgers. p.49.
 96.) Engelbrecht, S.P. pp.179 - 180.
 97.) R3287/86.(Band 1243) April 1886. (T.A.)
 98.) Huet. p.167.
 99.) Kerkraadsnotule - Pietermaritzburg. 7/1/1867.
 100) Die Afrikaner. 27/2/1927.

Uit die Kerkraadsnotules blyk dit dat op die vergadering van die 8 Jan. 1866 daar net geldsake bespreek is. 101.) Op die 2^e April is die „hoofschotel" stroewelinge oor sitplekgelde en die verhoging van traktament vir die predikant. 102.) Op 2 Julie word nog 'n slag Engelse dienste bespreek¹⁰³⁾ en op die 8 Oktober vord die finale reëlins van die verkoop van die nog resterende tweede helfte van die kerkplaas bespreek.

Gedurende die vergadering op die 7 Jan. 1867 lees Huet 'n beroeps-brief uit Holland voor. Hy deel die vergadering mee dat hy beroep is as reisende „predikant der Confessionele Vereeniging". Gelyktydig met die bekendmaking van die beroep spreek hy ook die wens uit om sy Vaderland te gaan besoek, „alsmede de redenen zoowel private als kerkelike die hem daartoe dringen." Na baie ernstige besprekinge waartydens die gemeentelike belange in besonder en die van die Kerk in die algemeen in ag geneem is, word uiteindelik besluit:

- (a) Dat die gevraagde verlof aan Ds. Huet verleen word om na Holland te gaan.
- (b) Om so spoedig moontlik uit die Kaap 'n plaas-
vervanger te kry.

Aan Ds. Huet word ook nog hierdie versoek gerig om 'n uittreksel van die notule aan die Regering te stuur ter ondersteuning van sy aansoek vir verlof. Ook word gevra dat hy so spoedig moontlik aan Ds. A. Faure 'n brief moet skrywe „om een godvrezend regsinnig Predikant naar Pietermaritzburg te zenden! Self het Ds. Huet onderneem om tenspyte van geringe kans op sukses tog in Holland uit te kyk na „regsinnige Nederlandse Predikante" om in Natal en in die Z.A.R. te kom werk. 104.)

Gedurende die aanddiens op 17 Februarie 1867 neem Ds. Huet en sy familie afskeid van Pietermaritzburg. Die Maandagaand is daar nog eers weer 'n gekombineerde Kerkraadsvergadering. Ds. Huet meld dat hy 'n brief van Ds. J. Turnbull van Kaapstad ontvang het, waarin hy sy bereidwilligheid verklaar om na Pietermaritzburg te kom.

'n Lang bespreking word nou gevoer oor die wenslikheid om Ds. J. Turnbull te laat kom of nie. Aan die een kant word die wenslikheid gevoel dat hy dadelik moet kom en aan die ander kant moet hulle rekening hou met die swak finansiële toestand van die gemeente en „de tegenwoordige gedrukte omstandighede der Kolonie."

Die jare

-
- 101.) Kerkraadsnotule -Pietermaritzburg. 7/1/1866.
 - 102.) Ibid. 2/4/1866.
 - 103.) Ibid. 2/7/1866.
 - 104.) Ibid. 7/1/1867.

Die jare na 1864 was moeilike, depressie jare en het sy invloed deur die hele land laat voel en dit is na hierdie toestande wat verwys word. Die ouderling van Greytown wat ook hierdie vergadering bygewoon het, bied aan dat die gemeente van Greytown die helfte van die onkoste sal dra. Die samestelling van Ds. Turnbull se salaris sal dan wees: £100 van die Regering, £50 elk van Pietersburg en Greytown. Die reiskoste word vastestel op £25 per jaar en die sal ook tussen die twee gemeentes verdeel word. Die rede waarom die salaris nie groot is nie, is omdat die gemeente se finansiële posisie nie gunstig is nie en ten tweede die heersende toestande in die Kaapkolonie.

Ouderling J.N. Boshoff vra dat Ds. Huet asseblief binne nege maande aan die Kerkraad moet laat weet wat sy besluit is ten opsigte van die beroep, „opdat de gemeente door langer verzuim niet het Goewernements-salaris voor zijnen te benoemen opvolger verlieze.”

Selfs die klein dingetjies het Huet se aandag nie ontsnap nie want hy bespreek ook die oppas van die tuingronde. Dit word toegesê aan J. Maré met gebruik van „de mielie en vruchten.” Vervolgens word die dienstye bespreek en gereël. Ouderling Berning is bereid „om zoo dikwijls het noodig is, hierin te voorzien.” Nadat Ds. Huet van hart tot hart met sy kerkraad gepraat het sluit hy sy dienstyed in die gemeente van Pietermaritzburg en in Natal met die volgende woorde af: „Hij storte zijne genade uit over de gemeenteleden. Hij maak ons allen getrouw en neme ons eenmaal in genade tot zich.” 105.)

Die notule van hierdie laaste vergadering op die 17 Februarie is nog in Huet se handskrif. Prof. G. Besselaar skrywe in „De Afrikaner” van 27 Februarie 1927: „Met groot beheersing is die notule gestileer, maar ons voel gelyk in die hele ampsbediening van Ds. Huet die troue pligsbetragting en fyn gevoel van 'n geestelike aristokraat..” 106.)

In die Afscheidsbrief van Huet aan Natal wat in „De Kerkbode” van die 2 Maart 1867 verskyn het, gee hy die redes aan waarom by Holland toe moet gaan:

1. Hy is as afgevaardigde van Natal gekies om die „Evangelische Alliantie” in Amsterdam te gaan bywoon.
2. Hy verlang om sy Moeder na 12 jaar van skeiding weer te sien.
3. Die beroep wat op hom uitgebring is om as „reisende predikant der Confessionel Vereeniging” in Holland te kom werk.
4. Die raad van vriende wat vir hom gesê het: „Ga en zie de leiding des Heeren”.

Ds. Huet.....

105.) Ibid. 18/2/1867.

106.) Die Afrikaner. 27/2/1927.

Maar, sê Huet, daar was ook besware wat sy weggaan gedruk het:

1. Hy was geheg aan die land, sy gemeente en sy werk.
2. Hy voel homself nie geskik vir so 'n arbeidsveld as die waartoe hy nou beroep is nie.
3. Hy weet nie of sy gesondheid weerstand sal kan bied teen die koue van Holland nie. 107.)

Ds. Huet het sy belofte nagekom deur binne nege maande op die beroep te antwoord. Op die 7 Desember 1867 word daar 'n buitengewone vergadering gehou en word die brief van Ds. Huet, gedateer 1 Oktober 1867 voorgelees, waarin hy hulle meedeel dat hy die beroep aangeneem het en gee as rede dat hy in die nuwe werkkring „met zooveel minder verlies van tijd zooveel meer menschen bereiken, en met een hart vol gebed neem ik de beroeping aan! Ds. Huet versoek die Kerkraad om asseblief sy „akte van Demissie" as predikant van die Ned. Geref. Kerk te Pietermaritzburg „te willen ondertekenen en mij terug te zenden." 108.)

Intussen het Ds. Turnbull, van die Skotse Kerk te Beaufort Wes, diens aanvaar want met die Kerkraadsvergadering gedurende Mei 1867 is hy teenwoordig. Aangesien Huet se antwoord ontvang is moet daar weer beroep word en op die vergadering van 7 Desember 1867 stel ouderling Beuning voor dat hulle Ds. Huet weer terug moet beroep. Hierdie voorstel word nie deur die vergadering aanvaar nie maar wel word daar besluit dat 'n blanko beroepsbrief aan die professore van die Kweekskool te Stellenbosch gestuur sal word met die versoek dat hulle asseblief sal trag om iemand te beweeg om na Pietermaritzburg te kom. 109.)

Hiermee neem ons afskeid van een van ons mees interessante predikante-karakters wat die Ned. Geref. Kerk in die laaste helfte van die negentiende eeu bedien het. Dink ons aan sy latere lewe in Holland dan moet ons saam met Spoelstra in sy, „Het Kerkelijk en Godsdienstig leven der Boeren na den grooten Trek" besluit: „Huets Afrikaansche periode is de schoonste van zijn leven. Hij heeft hier met groote trouw gearbeid voor het Koninkrijk Gods in het algemeen en voor onze Ned. Gereformeerde Kerk in het bijzonder." 110.)

-
- 107.) D.K.B. 2/3/67. Afsheidsbrief aan N.G.Kerk Natal deur P. Huet. p.65 - 68.
- 108.) Brief dateer 1/10/67.
Vgl. ook. Kerkraadsnotule -Pietermaritzburg. 7/12/1867 - Die Kerkraad besluit dat daar 'n brief van die Konsulent aan Ds. Huet gerig sal word om hom te bedank vir; „zijne gedane Herders diensten."
- 109.) Kerkraadsnotule - Pietermaritzburg. 7/12/1867.
- 110.) Spoelstra. p.110.

BEKNOPTE OORSIG VAN Ds. HUET SE LEWE NA 1867.

TERUG NA HOLLAND.

Gedurende Junie 1867 stap Huet en sy familie in Holland aan wal. 1.) Dadelik neem hy die beroep van „reizend Predikant der Confessionele Vereeniging" aan en beklee die betrekking vanaf 1867 - 1870. Min tyd gun hy hom om te ontspan, „tengevolge waarvan ik dan ook ten laaste in een toestand van afmatting en uitputting kwam, die mij schier tot allen arbeid onbekwaam maakte." 2.)

VERSKILLENDE BEROEPE.

Toe dit bekend word dat Ds. Huet nie meer langer as reisende prediker sal kan optree nie, word verskillende beroepe op hom uitgebring. Uit beskrywings blyk dit dat hy 'n vermaarde prediker ook in Holland was: „Overal maakte zijn prediking een overweldigende indruk op de toegestroomde schare" :

Hy neem die beroep na Veenendaal aan. Hier bly hy een en 'n half jaar om dan sy keuse te laat val op Dirksland. Hier het hy moeilike jare deurgemaak. Die tyd was op Kerklike gebied in Holland ook nie na wense nie. Die stryd tussen die liberalisme en ortodoksisme was aan die gang. Laasgenoemde behaal die oorwinning, maar in plaas van 'n geestelike opbloeï word 'n tyd betree van geestelike dorheid.

„Intussen had ik een goeden naam onder de rechtzinnigen in den lande. Gedurig en van alle zijden des lands werden beroepingen op mij uitgebracht voor groote steden als Dordrecht, Utrecht, Amsterdam, Rotterdam, Brussel, en naar tal van kleinere plaatsen met geringe en aanzienlijke traktementen." (Vyf en twintig Jaren. p.7.)

So breek die jaar 1874 aan. Daar word verneem dat die bekende prediker Pearsall Smith in Engeland vertoef en te Brighton 'n Konferensie sou lei. Dit was vir Ds. Huet 'n geleentheid en hy maak hom gereed om daarheen te gaan. By hierdie konferensie was manne soos Dr. A. Kuyper, Hovy, Schoch en andere. Hier ontvang Ds. Huet baie seën sodat hy met nuwe ywer na Dirksland terugkeer. Sy ontvangs was egter nie te hartlik nie, en to hy na drie maande 'n beroep na Junspeet ontvang neem hy dit aan.

AFDWAALING VAN GEREFORMEERDE PAD.

Ds. Huet het van die Geref. pad begin afdwaal. Tereg is die volgende opmerking gemaak: „Ds. Huet is toch zeer rechtzinnig, maar bij nadere kennismaking niet te vinden." 4.) Veral toe hy die kardinale punte van die uitverkiesing verwerp was die weg vir meer beroepe afgesny.

Dit blyk dus asof Ds. Huet te Nunspeet sou bly, maar hy word gevra om op te tree by 'n Evangeliese Konferensie te Goes, en aanvaar die uitnodiging. Baie lede van die Hervormde Kerk was ook teenwoordig. Hy maak

so 'n

-
- 1.) Jaarboek Ned. Geref. Kerke. 1932. p.72. „De Predikant-Dichter Ds. P. Huet." A.M. Wessels.
 - 2.) „Vijf en twintig jaren Evangeliedienst." 1882. p.6.
 - 3.) Jaarboek Ned. Geref. Kerke. 1932. p.73.
 - 4.) a.g.w. p.74.

so 'n goeie indruk dat hy 'n breoep na die Hervormde kerk te Goes ontvang. Op 14 April 1878 lewer hy sy intree-rede en dit was so indrukwekkend dat die bekende vrysinnige predikant, C.B.Oorhuijs, die moderne teologie vaarwel sê en terugkeer tot die Skrifprediking.

Spoedig het hy groot invloed te Goes verkry. Aan almal wat hulp nodig het doen hy goed. Vyande ken hy nie en besoek almal, of hy welkom is of nie, daaraan steur hy hom nie; hy doen sy plig.

Maar een ding was verkeerd en dit het baie van hom vervreemd. Hy het 'n teenstander van die Calvinistiese lewensbeskouing geword en betree dus 'n terrein waarop hy hom nooit moes gewaag het nie. Dat hy selfs die kansel gebruik om die leer van die uitverkiesing in 'n verkeerde lig te stel sou mens allermins van hom verwag. Die natuurlike gevolg was dat hy met die voorstanders van die Gereformeerde lewensbeskouing in konflik kom.

SY TOETREE TOT DIE SPIRITISME.

Reeds het bogenoemde gedrag baie van hom vervreemd maar deur sy oorgang tot die Spiritisme het nog veel meer die rug op hom gekeer. Sy beskouing aangaande die Spiritisme was dat daar ook vir die „rampzalige geesten nog redding!“ moontlik is. Hy sou dus nie net tot seën wees vir die mense op aarde nie maar ook vir die geeste weg van die aarde. Spoedig het hierdie ketterse leer ook in sy prediking uitgekom. Van alle oorde word hy deur Spiritiste verwelkom, maar die gelowige volk van Zeeland was hieroor diep bedroef. In Goes kom weinig mense na die Kerk van die „instrument in de hand des bozen.“ Hieraan steur hy hom min en skrywe baie artikels waarin hy pleit vir 'n „Christelike spiritisme“. Die Spiritisme sou volgens hom, aan die Bybelverwerpers die waarheid van die Skrif laat erken, want dit was die sleutel tot die kennis van die waarheid. Ds. Huet was 'n oortuigde en volslae spiritis. 5.)

LOS VAN DIE SPIRITISME.

Moeilikheid bly nie uit nie. 'n Dertigtal lede van die Hervormde Kerk dien klagte teen hom in by die Kerkraad te Goes. Dit was 'n moeilike taak vir die Kerkraad om die „wel beminde Huet!“ tot verantwoording op te roep. Die aanklag word na die „Klassikale bestuur“ gestuur, terwyl Huet hom op die leervryheid beroep. Die gevolg hiervan was dat die „Klassikale bestuur“ hom beveel om sy Spiritistiese beskouings te laat vaar en nie verder daarmee aan te gaan nie. Hierdie besluit laat hom nog sterker voel vir die Spiritisme en intussen het hy ook al 'n aantal aanhangers in Goes gekry. Die Christelike Geref. Kerke belê 'n samekoms teen die Spiritisme en Ds. D. de Pree hou 'n rede oor „Gods Woord en de Spiritisme“. Ds. Huet beantwoord hierdie rede in 'n geskrif vol ironie en sarkasme.

Dit gaan

5.) Jaarboek Ned. Geref. Kerke. 1932. p.75.

Dit gaan met Ds. Huet al verder en verder. Niemand kom byna meer na sy Kerk. „Als hij dan preekte en daar waren er maar enigen in de kerk, zag Ds. Huet in verrukking van zinnen, dat de gehele kerk vol geesten! was.

'n Verandering sou egter intree. Dit was 8 April 1890. Op 9 April, sou te Amsterdam 'n groot kongres oor Spiritisme gehou word. Ds. Huet moes natuurlik voorsitter wees want hy was in die kringe baie populêr. Ofskoon daar groot verskil in gevoelens was vra Ds. J.G. Smith van Amsterdam of Huet nie sy gas vir die paar dae wil wees nie. Hoewel sonder veel sin hiervoor, willig hy in aangesien hy nie met sy goeie vriend en kollega in botsing wil kom nie. Die aand, vor die kongres word tesame met 'n vriend, deurgebring om die Spiritistiese leer te toets aan Gods Woord. „En Gode zij dank, zij waren zo gelukkig hem langzaam te overtuigen. Stuk voor stuk verloor Ds. Huet zijn bewijsgronden De Christus der Schriften verkreeg weer een heldere gestalte in zijn ziel. Na een ernstig debat van volle vijf uren, gaf Ds. Huet zich gewonnen en beleed de dwaling zijns weg. Diep ontroerd greep Ds. Huet de Bijbel en met ogen vol tranen drukte hij deze aan zijn hart en sprak de hoop uit zich verder aan dat dierbare woord te houden en daarna alleen en met de dichter van Ps.119 beleed hij:

„Gelijk een schaap heb ik gedwaald ui't rond
 Dat onbedacht zijn herder heeft verloren.”

Die volgende dag bereik 'n brief die kongres dat hy die kongres nie sal bywoon en ook met die Spiritisme breek. „Was er op het kongres opwindig en teleurstelling, in Goes was echter grote vreugde.” 6.)

Spoedig ontvang die Kerkraad van Goes 'n brief van hom waarin hy skuld erken en bely.

Hoewel terug op die Geref. pad het hy na hierdie vyf jaar onder die Spiritiste geestelik en liggaamlik 'n knak gekry. „Soms kwamen donkerheden over zijn ziel, maar dan word de dichtergeest weer vaardig over hem en werd er weer een zijner schone gedichten geboren in verlangen naar Gods wil als,

„Verlaat mij niet, mijn dier'bre Heer
 Want zonder u kan ik niet leven.
 Een zwarte nacht valt op mij neer,
 Als 'k denk, dat Gij mij zoudt begeven.
 Maar, lieve Heiland, moet het zijn,
 Dat 'k heenga door dien heeten oven,
 O' help mij in mijn zielepijn,
 Dat 'k in uw liefde blijf gelooven.”

(Skrywe hierna sy werkie: „Na vijf Jaren”. (1891.)

Laaste

6.) (i) Jaarboek Ned. Geref. Kerke. 1932. p.77

(ii) Vgl. ook. „Na Vijf en Twintig jaren Evangeliedienst.

LAASTE JARE.

Met liefde behartig hy sy gemeente. Sy wandel was in Christus, met almal gaan hy minsaam om „of het een Roomse of een Israeliet was, hij vervulde de Christelike liefde aan ieder."

Sy verdere lewe was 'n onafgebroke boete oor die verlede. Sondag 24 Maart tree hy die môre nog voor sy gemeente op hoewel met 'n baie hoë koors. Vir 'n paar weke is hy lydende en ontslaap op 9 April 1895 en is sy wens vervul wat hy eenkeer in 'n gedig geuit het.

„Nog slechts een heel klein tijdje
Dan ben 'k voor goed bij U,
Dan zal 'k U beter loven,
Meer minnen nog dan uw,
Dan als 'k U recht zal kennen,
Dan zegt ik al den tijd:
Ik heb **het** nist geweten,
Hoe eindeloos goed Gij zijt." 7.)

7.) Jaarboek. p.78 - 79.

B Y L A A G I.

A F S C H E I D S L I E D.

AAN DE OUDE KERK

van

Pietermaritzburg

OP DEN 6 DEN APRIL, 1861

Koor

Met een diep gevoelig harte
Voor Gods goedheid, voor Gods trouw,
Wel verheugd en toch met smarte,
Scheiden wij van 't Kerkgebouw.
't Was een nederige Woning
Maar toch d' eerst' in dezen Staat,
En door U, o Christus Koning,
Naar wij hopen, niet versmaad.

Welk een tal herinneringen
Zweeft voor onze harten niet
In dit avond-uur, bij 't zingen
Van 't aandoenlijk afscheidslied!
Was 't niet hier dat wij te zamen,
Hulpelooze zondaarsschaar,
Naar het woord des vredes kwamen,
Week na week en jaar na jaar?

Menig hart werd hier bewogen,
Menigeen in stil gebed
Vond hier vrede in 's Heeren oogen,
Meenge ziel werd hier gered.
Menigeen, in vroeger dagen
Met ons in dit huis vergaard,
Is door ons naar 't graf gedragen,
Sluimert nu in 't stof der aard.

Koor en gemeente

Op de Wijze van Gezang 21

Ja Vaarwel, geliefde Tempel,
Waar de prediking van 't kruis
Voor zoo meenge ziel de drempel
Werd van 't hemelsch Vaderhuis !
En aan U, barmhartig Heere,
Voor Uw goedheid, voor Uw trouw,
Zij nog eenmaal dank en eere,
Uit het Oude Kerkgebouw.

I N W I J D I N G S L I E D

VAN DE NIEUWE KERK,
Pietermaritzburg,
OP DEN 7 APRIL, 1861

Koor

Jezus, Zoon van God, aanschouw
In gena dit Kerkgebouw.
Worde hier Uw dierbaar Woord
Slechts in zuiverheid gehoord.

Halleluja!

Vul, dit bidden w' allermeest,
Vul het met Uw goeden Geest.
Ieder hart zink voor U neer,
Word' een Tempel U ter eer.

Halleluja!

En, als bij 't bazuingeschal
Iedre Tempel vallen zal,
Geef ons deel in d' erfenis,
Waar God zelf de Tempel is.

Halleluja!

N A Z A N G

Koor

Ja in Uw driewerf heiligen Naam,
God, Vader, Zoon en Geest,
Zijn wij voor d' eerste keer te zaam
Vereenigd hier geweest.

Vergeefs is 'smenschen henden werk
Zoo God het huis niet bouwt;
Maar zalig onze nieuwe Kerk
Zoo Gij z' in gunst aanschouwt.

Dan wordt, naar Uw onfeilbaar Woord,
Deez' plaats voor menigeen
Een huis van God, een hemelpoort,
En U zij d'eer alleen.

I. Gedenkboek. pp. 22 - 25.

BYLAAG IIAmsterdam 1 Oct. 1867.Aan den Eerw. Kerkeraad van de Ned. Geref. Gemeente P.M. Burg.

Waarde Heeren, geachte Broeders,

Deze dient om u op nieuw van myn broederlyke liefde te verzekeren en u Gods Genade in overvloedige mate toe te wenschen.

Tevens dient dezelve om u het besluit mede te deelen, waartoe ik geloid ben geworden, namelijk om de my aangeboden betrekking van Reizend Predikant der Confessionele Vereeniging aan te nemen.

Gelyk gy weet was ik daaromtrent ganschelyk onbesluit, toen ik Natal verliet. Ik ben heengegaan in vertrouwen op het woord der Heeren. „Ik zal raad geven, myn oog zal op u zyn." En ik ben in volle zekerheid van overtuiging dat het's Heeren wil en's Heeren weg is, dat ik deze betrekking aanvaard. De taak die ik op my heb genomen is niet voordeelig wat het finantieele betreft en is eene zeer moeyelyke. Dock ik zie dat ik langs dezen weg, als de Heer my spaart, veel meer tot uitbreiding van's Heeren Koningryk zal kunnen arbeiden. Het is om die reden dat ik die benoeming heb aangenomen en ik vertrouw derhalve van uwe Christelyke gezindheid dat gy myn handelwyse niet zult afkeuren maar in's Heeren beschikking zult berusten.

Ik neem de vryheid en by deze eene acte van dismissie toe te zenden, welke ik u verzoek de willen onderteekenen en my terug te zenden.

Verder is met u bekend dat ik van het Gouvernement verlof van afwezigheid heb gekregen voor eën jaar, met behoud van half traktement. Dit half traktement £100, heb ik vooruit ontvangen van Ds. Mac Carter, die my hetzelfde heeft voorgeschoten en maandeliks uitbetaling ontvangt. Ik zend by deze gelegenheid eenen brief aan het Gouvernement, mededeeling doende van myne aanneming dezer nieuwe betrekking en mijn vertrouwen uitdrukkende dat ik het halve salaris tot het einde van het verlofjaar, 19 April 1866, zal blyven behouden. Ik meen dat ik daartoe gerechtigd ben en heb het inderdaad van noode.

Ik hoop dat gy (my naar) nu maar verstouder ernstig werk. Van zult maken om eenen Predikant voor de gemeente te beroepen. Moge de Heer uwe popingen in deze zegenen en u eenen trouwen dienstknecht der Evangelie schenken, der gemeente tot zegen en Zynen Naam tot eer.

Geloofst my, waarde Broeders, met hartelyke liefde en heilbeden,
Uw. Dw. dienaar en Broeder in den Heer

P. Huet.

(Lêer No. 18.)

Goes.

29 Dec. 1890.

Eerw. Kerkeraad
Ned. Ger. Kerk
Pietermaritzburg
Waarde Broeders,

Hoewel u persoonlyk niet kennende en tot myn leedwezen zelfs niet eens wetende of gy in het bezit zyt van een predikant, neem ik de vryheid my tot u lê wenden, overtuigd dat myn naam u niet onbekend is en er mischien in de gemeente nog wel gevoelens van liefde jegens my aanwezig zyn, gelyk ook ik steeds met liefde aan de kleine Maritzburgsche gemeente blyf denken ofschoon ik daar weinig blyken van heb gegeven.

Te Maritzburg werd in Dec.62 (om 28 jaar geleden) onze eenige zoon (Pierre Emmaniël) geboren. In 1865 vertrek hy naar Transvaal waar hy Gouvernements-Ambtenaar werd te Pretoria en bleef tot Maart van dit nu byna vervlogen jaar. In die maand verloor hy zyn betrekking, zoo als hy my meldde omdat hy zich op onvoorzichtige wyze met de politiek had ingelaten en schreef ons dat hy voornemens was naar Holland terug te keeren. In April was hy te Maritzburg waar hy onzen goede ouderling Gert Naudé die hem als kind meermalen in zyn armen had gedragen, in zyn ziek- en lydensbed meermalen bezocht.

Zyn laatste brief was van 27 April 11. Daarin meldde hy omdat hy zich gereed maakte om naar Kaapstad te gaan, waar hy zich een tyd docht op te houden en gaf ons Amo's Boarding-House als zyn adres op. Sedert al dien tyd vernamen wy echter niets van hem. Ds. Andrew Murray ging eind Augustus naar Amos, maar daar was hy nooit geweest. Wy wete om volstrekt niet waar hy is noch wat van hem geworden is. Wel blyve wy gelooven dat de Heer onze gebed en smeekingen en tranen van 28 jaren zal verhooren en zyn in die verwachting raak intermate en heerlyk door den Heer vertroost, zoodat wy ook niet treuren en niet bekommerd zyn zonder hope, maar wy gevoelen ons toch gedrongen om te doen wat wy kunnen ten einde iets van hem te weten te komen en hem te helpen indien hy hulp noodig heeft. Ik heb daartoe een brief gericht aan den Magistraat van de Kaapstad en, wilde hetzelfde doen aan den Magistraat van Maritzburg - in myn tyd was het Mr. Bird-toen de gedachte by my op kwam om my liever tot u te wenden en u te bidden my te melden wat gij van hem weet, of indien gy niets weet dan voormy te gaan naar den Magistraat en dien te verzoeken onderzoek naar hem te doen en ons inlichting te zenden.

En dan, laat my er dit nog byvoegen: Indien myn zoon naar Holland wil terugkeeren en hem het noodige geld daartoe ontbreecht, wilt gij hem dan

daaraan

daaraan helpen, doch ook niet meer dan daartoe noodig is, daar myne middelen gering zyn.

In elk geval reken ik er op dat ik van u eenig antwoord zal ontvangen. Maar wat dit ook zyn moge, meld my de waarheid, en antwoord my zoo spoedig mogelyk.

Als gy een predikant hebt, zal die zeker deze zaak wel willen ter harte neme en doen wat hy kan, en indien gy zonder predikant zyt, zal wel een van de broeders my dezen grooten dienst willen bewyzen.

Mischien zyt gij eenige zins verlangend om weer eene iets van my te hooren - Laat my u dan melde dat wy nog steeds te Goes wonen, dat my een vreeschlyk gestrengen winter hebben. Het vriest reeds 5 weken achter een en de vorst word al erger en erger. Men kan met paarden en wagens op het ys. In tuin bevriest allen. En selfs waar den geheellen dag gestookt wordt, kunnen de vensterruiten niet ontdooid worden.

Wat het geestelyk betreft, ziet het er droewig uit. Maar ik geloof dat de Heer op weg is om zyn gemeente terug te brengen tot den toestand van die eerste gemeente te Jeruzalem en dat dit gepaard zal gaan met vele en zware oordeelen en beproevengen.

Gij zult wellicht vernomen hebben dat de Heere Jesus in Zyn groote genade my teruggebracht heeft van het Spiritisme, zoodat ik weder in Zyne onuitsprekelyke liefde mag verblyde en niets anders meer wensch te weten dan Hem en wat van Hem afdaalt. Ik hoop over niet te lange tyd daarover iets in het lichtte gevendat ook wel u zal bereiken.

Ontvangt by deze my hartelyke groeten en beste wensche voor u en voor de gemeente. Laat my please zoo spoedig mogelyk van u hooren en geloof my by voorbaat met hartelyke dank.

Uw liefst. Ouden Vriend
en broeder
P. Huet.

Ik sluit het portret van myn zoon in voor den Magistraat ter csporing. Ik zal u het daartoe voorgeschoten geld terstond terug zenden.

Lêer No.18. Korrespondensie D.P.M. Huet
(1858 - 1890.) (N.A.)

LITERATUURLYS:

ARGIVALE BRONNE:

KERKARGIEF, Kaapstad. (K.K.A.)

ACTA SYNODI, Ned. Geref. Kerk, Kaapland.

BRIEVENBOEK: a. Ingekomen Brieven.
b. Uitgaande Brieven.

HANDELINGEN der Syn. Commissie, 1845 - 1900.

GEMEENTELIKE ARGIEWE: (Ned. Geref. Kerk.)

Ladysmith, Kerkraadsnotule. (1858 - 1867.)

Pietermaritzburg, Kerkraadsnotule. (1853 - 1874.)
(Eerste Notuleboek dateer vanaf 10 Jan. 1853.)

KERKARGIEF, TRANSVAAL. (T.K.A.)

Utrecht, Kerkraadsnotule.

Lydenburg, Kerkraadsnotule.

KERKARGIEF, NATAL. (N.K.A.)

Pietermaritzburg, Kerkraadsnotule. (1853 - 1874.)

Ringsnotule.

Korrespondensie i.s. Geloftekerkie.

"Newspaper Cuttings" (Artikels uit: Die Afrikaner.)

Ds. H.F. Schoon versameling. (Gelegenheidsredenen en
geschiedkundige redenen van Ds. H.F. Schoon.)

TRANSVAAL, STAATSARGIEF: (T.A.)

STAATSSEKRETARIS: Z.A. Republiek, Inkomende Stukke,
(Aangedui: S.S.)

Z.A. Republiek, Uitgaande Stukke,
(Aangedui: R.B.B.)

NED. HERVORMDE KERKARGIEF:

HUETA: Aantal Brosjures van Ds. Huet saangebind.

LEGITIMASIELYS: Fotostatiese afdruk.

PERIODIEKE PUBLIKASIES:

ALMANAK, Ned. Herv. Kerk van Afrika. (1952.)

ARGIEFJAARBOEK vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis.

a. Die wordingsgeskiedenis van die Zuid-Afrikaanse
Republiek, deur Dr. F.A.F. Wichmann. 1941, II.

b. Die Vrystaatse Republiek en die Basoetoe-vraagstuk,
deur Dr. J.J.G. Grobbelaar. 1939, II.

c. Dr. John Philip's Observations Regarding the
Hottentots of South Africa. deur C.E.G. Schutte. (1940.)

DIE AFRIKANER. (1925-27.)

DE VEREENIGING. (1905.)

DE ONDERZOEKER. (1862 -1865.)

DE ZUID AFRIKAAN. (1886.)

THE NATAL MERCURY. (1867, 1868.)

HET VOLKSBLAD. (1858 -62)

DE VOL.....

DE VOLKSTEM. (10.10.1925.)

DIE HUISGENOOT:

Pieterse, D.J., Beweerde Slawehandel deur Boere.
2 en 9 Oktober 1936.

Venter, P.J., Die Inboekstelsel 1 Junie 1934.

Kruger, DR. D.W., Trekkers en Inboorlinge.
18 November 1938.

DIE GEREFORMEERDE VAANDEL. (1944 -45.)

DE GEREFORMEERDE KERKBODE. 1854 -1940. (Later net Die Kerkbode)
(Aangehaal: D.K.B.)

ELPIS. 1857-58. (Volledige stel in die Ned. Herv.
Kerkargief, Pretoria.)

HERVORMDE TEOLOGIESE STUDIES. (1953 -1961.)

JAARBOEK VAN DIE NED. GEREF. KERKE IN SUID-AFRIKA. (1932.)
„De Predikant-Dichter, Ds. P. Huet,
in Zuid-Afrika en in Holland, deur Ds.A.M.Wessels.
(Aangehaal: Jaarboek 1932.)

GEMEENTELIKE en ander BROJURES.

LADYSMITH: Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ladysmith. Natal.
(1854-1954.) deur W.M. Kalmijn. (Aangehaal:
Eufeess-Ladysmith.)

ALIWAL-NOORD. Souvenir Program tydens Eufeessviering, 1849-1949.
(Aangehaal: Aliwal-Noord, Souvenir.)

FEESVIERING ter aandenking van die 100 jarige bestaan van
die Nederd. Geref. Gemeente, Aliwal-Noord,
(1852-1952.) saamgestel deur S.A. Krige.

ALIWAL NORTH and its wonder pools. (Munisipale Publikasie.)

GERDENER, DR. G.B.A., 'n Eeu van Genade, (1838-1938.) Kaapstad.

STRYD OOR ERF Nr. 33. Pietermaritzburg, 1955. Uitgegee op las
van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
(Voortrekkergemeente.)

GEDENKBOEK, PIETERMARITZBURG. Hervestiging van die Gelofte.
saamgestel deur: Groenewald, P.W.J., en Bresler, T.V.
1955. (Aangehaal: Gedenkboek.)

ENGELBRECHT, Prof. S.P., Die Nederduitsch Hervormde Gemeente,
Pietersburg. (1852-1952.)

ANDER PUBLIKASIES:

ANONIEM: Pierre Dammes Marie Huet....Een Levensschets.
Aamsterdam-Kaapstad. (Aangehaal: Huet.)

AGAR-HAMILTON, J.A.I.: The Native policy of the Voortrekkers.
Kaapstad. (1928.)

Biografisch Woordenboek van Protestantsche Godgeleerden in
Nederland. Deel IV. s'Gravenhage, 1931.
(Aangehaal: B.W.B.)

BOESEKEN, A.J. en andere: Oorgeteken uit: Geskiedenis vir
Suid-Afrika. Kaapstad, 1948.

CACHET, F. Lion.: Vijftien jaar in Zuid-Afrika, Leeuwarden, 1875.

CACHET, F. Lion.: De Worstelstrijd der Transvalers, Amsterdam, 1882.

CONRADIE, Dr. Elizabeth.: Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika.
'n Kultuur Historiese Studie,
1652-1878. (Aangehaal: Conradie.)

DE KLERK, Dr. P.J.S.: Kerk en Sending in Suid-Afrika.
Amsterdam 1923.

DE VIL.....

- DE VILLIERS, M. (geb. Van der Lingen); Herinnering aan
 het leven en den arbeid van den Wel. Eerw.
 Zeer Gel. Heer, G.W.A.van Der Lingen. (1873.)
- DU TOIT, Ds. F.G.M.; Eeufeesgedenkboek van die Gemeente
 Utrecht. (1854-1954.) Pretoria 1954.
 (Aangehaal: Eeufees Utrecht.)
- DU TOIT, Ds. F.G.M.; Ontstaan en vooruitgang van die Ned. Herv.
 of Geref. Gemeente Lydenburg. (1850-1950.)
 Pretoria 1950. (Aangehaal: Lydenburg.)
- DREYER, Eerw. A.; Eeufees-Album van de Nederduitse
 Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika,
 (1824-1924.) Kaapstad. 1924.
- DREYER, Eerw. A.; De Strijd onzer Vadersen Tegen het Liberalisme.
 Kaapstad, 1898. (Aangehaal: Dreyer, A.)
- DEKKER, Dr. G.; Van Staring to Gorter. Pretoria, 1943.
- DU PLESSIS, J.; A history of Christian Missions in South
 Africa. London, 1911. (Aangehaal: du Plessis.)
- DU PLESSIS, J.; The life of Andrew Murray of South Africa.
 London, 1911.
- ENGELBRECHT, Dr. S.P.; Thomas Francois Burgers. Pretoria, 1933.
- ENGELBRECHT, Dr. S.P.; Geskiedenis van die Ned. Hervormde Kerk
 van Afrika. Pretoria 1936. (Aangehaal:
 Engelbrecht.)
- ELLENBERGER EN MACGREGOR.; History of the Basuto.
- GALLIAT, E.; Heroes of Modern Africa. (Aangehaal: Galliat.)
 London 1911.
- GEDENKBOEK VAN DIE NED. GEREFORMEERDE GEMEENTE, PAARL.
 Uitgegeef op versoek van die Kerkraad en
 saamgestel deur J.A.S. Oberholster en
 andere, 1941.
- GERDENER, Prof. G.B.A.; Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerke
 in Natal, Vrystaat en Transvaal.
 Kaapstad, 1924.
- GERDENER, Prof. G.B.A.; Boustowwe vir Kerk-Geskiedenis.
 Kaapstad, 1930.
- HANEKOM, Dr. T.N.; Die Liberale rigting in Suid-Afrika.
 Stellenbosch, 1951. (Aangehaal: Hanekom)
- JORISSEN, Dr. Theod.; Historische en Literarische Studien,
 Haarlem, 1891.
- KRIEL, Dr. F.; Die lewe van Frans Lion Cachet. Pretoria, 1956.
- KRUGER, Dr. B.R.; Die ontstaan van die Geref. Kerk in Suid-
 Afrika. Pretoria, 1957.
- KISTNER, W.; Beweerde Slawerny en Slawehandel in Transvaal.
 (1852-68.) (M.A. Verhandeling. (Aangehaal: Kistner.)
- KISTNER, W.; The Anti-slavery agitation against the Transvaal
 Republic. (1852-68.) Proefskrif.
- KERTZ, J.H.; Leerboek der Kerkgeschiedenis. Utrecht, 1904.
- KRIEL EN GERDENER; Kerkgeschiedenis vir ons volk. Kaapstad, 1924.
- MOORE SMITH, G.C.; The Autobiography of Lieutenant-General
 Sir Harry Smith. Deel II. London 1901.
- MOORREES, A.; Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.
 (1652-1873.) Kaapstad, 1937. (Aangehaal: Moorrees.)
- MULLER, C.F.J.; Die Britse Owerheid en die Groot Trek.
 Kaapstad, 1947.

NIEUW

- NIEUW NEDERLANDSCH WOORDENBOEK. Deel VI. Leiden, 1924.
(Voortaan N.N.W.B.)
- NATHAN, M.: The Huguenots in South Africa. 1939.
- ODENDAAL, Dr. B.J.: Die Kerklike betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland. (1652-1952.)
(Aangehaal: Odendaal.)
- ONS N.G. KERK: Kaapstad. Saamgestel deur: Prof.T.N. Hanekom en andere.
- ONS N.G. KERK: Kaapstad, 1952. (Aangehaal: Ons. N.G.Kerk.)
- ONS GEMEENTELIKE FEESALBUM: Saamgestel deur: P.L. Olivier en D.N. Geldenuys. Kaapstad, 1952.
(Aangehaal: Feesalbum.)
- PONT, Dr. A.D.: Nicolaas Jacobus van Warmelo. (1835.) 1892.)
Utrecht, 1955. (Aangehaal: Pont.)
- PELLISSIER, S.H.: Jean Pierre Pellissier. Pretoria, 1956.
(Aangehaal: Pellissier.)
- PRELLER, G.S.: Komdt.-Gen. A.W.J. Pretorius. Johannesburg, 1937.
- RULMANN, Ds. J.C.: De Doleantie, Amsterdam, 1917.
De strijd voor Kerkherstel. Amsterdam, 1915.
- RIJPMAN, Dr. E.: Beknopte Geschiedenis der Nederlandsche Letteren. Groningen, 1959. (Aangehaal: Rijpman.)
- SCHOLTZ, Dr. G.D.: Die geskiedenis van die Ned. Herv. of Gerof. Kerk van Suid-Afrika (1842-1885.)
Deel I: Pretoria, 1956 (Aangehaal: Scholtz.)
- SPOELSTRA, Ds.C.: Het Kerklijk en Godsdienstige Leven der Boeren na den Groot Trek. Kampen, 1915. (Aangehaal: Spoelstra.)
- TYLDEN, G.: The rise of the Basuto. Kaapstad, 1950.
- THEAL, G.M.: History of South Africa Vol III. London, 1916.
- VAN DEN HEEVER, C.M. en COETZEE, A.J.: Oorsig van die Nederlandse letterkunde. Kaapstad, 1943.
- VAN JAARVELD, F.A.: Die Eenheidsstrewes van die Republikeinse Afrikaners. Johannesburg, 1951.
(Aangehaal: van Jaarsveld.)
- VAN DER VYFER, DR. G.C.P.: Professor Dirk Postma. Potchefstroom, 1958.
- VAN DER MERWE, Dr. P.J.: Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek. (1770-1842.) Den Haag, 1937.
- WESSELS, Ds. A.M.: Uit het leven van den Predikant-Dichter P. Huet. Goes (1930.)
- WINKLER PRINS.: Deel X (1951.)
- WILMOT, A. en CHASE, J.C.: History of the Colony of the Cape of Good Hope. Cape Town, 1869. (Aangehaal: Wilmot en Chase.)
-

WERKE VAN Ds. D.P.M. HUET.

- 1856 Paarlsche Gedichtjes. (Kaapstad.)
- 1858 Uit Natal. (Pietermaritzburg.)
- 1860 Eene Kudde en een Herder. (Kaapstad.)
- 1863 Verderfelijke Ketterijen bedektelijk ingevoerd. (Lerr. 2 Petr.2:1.)^I
- 1863 Herderlijke brief aan de gemeenten namens Ringverg. van Natal.
- 1863 Het lijden der wêreld. Rom. III:9. (Amsterdam) 2^e druk 1868.
- 1863 Het lot der zwarten in Transvaal. (Utrecht 1860.)
- 1867 Afrikaansche Gedichten. (Amsterdam) 6^e druk 1891.
- 1868 Christelike Gedenkboek. (Prosa en Poësie.)
- 1868 De Christen. (Amsterdam.)
- 1868 De duif in de rots. (Amsterdam.)
- 1868 De wonden in Zijne handen. Meditasies. (Amsterdam.)
- 1868 Eenvoudige mededelingen over Zuid-Afrika. (Amsterdam)
(Aangehaal: Eenvoudige Mededelingen)
- 1868 Geen plaats voor het Kindeken. (Utrecht.)
- 1868 Gethsemané - meditasies. (Utrecht.)
- 1868 Jesus de beste Huisvriend, of het gelukkig huisgezin. (Utrecht.)
- 1868 Losse blaadjes (Amsterdam.)
- 1868 Twaalf kinderversjes.
- 1869 Voor iederen morgen. Dagboek vir huisgesin en binnekamer. (Amsterdam)
- 1869 De koning in Zijne schoonheid. Leerr. oor Jes. 33:17. Gehou in
die Domkerk 29 Aug. 1869. (Utrecht.)
- 1869 Stichtelijke versjes naar G. Tersteegen. (Amsterdam.)
- 1869 Verlossing van de zouden. (Amsterdam.)
- 1870 Pinkster. Uitgegeë deur die Ned. Zondagschool-Ver. (Amsterdam.)
- 1870 Twaalfstal stichtelijke gedichten. (Amsterdam.)
- 1870 Bijbel en Historie. (Amsterdam.)
- 1870 Prent Bijbel voor kinderen. (Amsterdam.)
- 1871 De Mosaïsche Wet en het Modernisme. (Amsterdam.)
- 1871 Dweeperij. (Amsterdam.)
- 1871 Nieuw bundeltje stichtel gedichten. (Amsterdam.)
- 1871 Geestelijke Leven. (Zeist.)
- 1872 De Kerk van Christus, hare vastheid, eenheid en heiligheid.
- 1872 Het recht der vrouw. (Utrecht.)
- 1872 Over den gezangenstrijd in de Herv. Kerk.
- 1873 De Zendingzaak een Lijdenszaak (Zeist.) Feesrede gehou
voor 'n aantal sendingvriende op 11 Sept. 1873 te Zeist.
- 1873 Christiane Köhler
- 1873 Het licht der wêreld.
- 1874 Het Onze Vader. (Utrecht.)
- 1877 Heerlijk heengaan van Maria Duvoisin te Berea in Z. Afrika,
op den 22 Mei 1877.

Chris.....

I. Dieselfde tyd het Ds. Huet 'n leerrede in
Engels uitgegee t.w. „Tot onderzoek der Waarheid.”

- 1878 Christelike Volmaaktheid.
- 1882 Vijf en twintig Jaren Evangeliedienst herdacht 5 Nov. 1882.
- 1883 Goesina-gedigte uitgegee vir die Armes. (Goes.)
- 1885 Voor vriend en tegenstander(oor Spiritisme) oorgedruk uit „Het Eenwige Leven.“ (Goes.)
- 1885 Wat is er geschied? (Goes.)
- 1886 Versus door Ds. de Pree, bij aanl. van diens preek: „Gods Woord en het Spiritisme. (Goes.)
- 1886 Gods reddende liefde aan gene zijde des grafs.(Goes.)
- 1886 Jonggestorvenen. Hun toestand aan de overzijde des Grafs. (Goes.)
- 1886 Kort begrip van het Spiritisme. (Goes.)
- 1886 De altijd nieuwe geschiedenis. (Utrecht.)
- 1886 Bedrog of Waarheid.
- 1889 Een nieuwe hemel. Een verhaal van persoonlijke ervaringen na de verandering, die men gewoon is „de dood“ te noemen.
- 1889 (a) Tijdschrift gewijd aan de bevordering van die heiligmaking volg de Schrift en aan de opwekking dezer dagen.
- (b) Na Huet se toetrede tot die Spiritisme word die titel verander in: „Tijdschrift gewijd aan het Chr.Spiritisme.“ word na 8 jaar gestaak.
- 1889 Waarom ik Spiritist ben! (Goes.)
- 1891 Na vijf jaren. ². (Amsterdam.)
- 1893 Drie Lieder. (Rotterdam.)
- (i) De laagste Plaats.
- { ii } Met Jesus.
- { iii } Zucht.

In Elpis, waarvan hy medewerker was het hy die volgende artikels geplaas wat veel verontwaardiging gewek het as gevolg van die vyandelike houding teenoor die Boere. 1857. p.149-187. (i) Reiscernaal. (Verhaal van 'n uitstappie uit Aliwal na die Franse Sendingstasies in Basoetoland.) (ii) Reis van Aliwal na Port Elizabeth in Aug. 1857. (p.166.)

2. Mevr. Elise van Callear skrywe as antwoord op Ds. Huet se werk „Na vijf jaren!“ „Na vijf en Twintig jaren. Onderzoek waarde geestelike verschijselen.“

N.B. Ons maak geen aanspraak daarop dat dit 'n volledige literatuurlys is nie aangesien Huet ook bydraes in tydskrifte gelewer het.

MET WAARDERING AAN:

MEVR. E. LIEBENBERG,
VINELAAN 324,
FERNDALE,
RANDBURG.

wat verantwoordelik was vir die tikwerk,

EN

AAN:

MNR. W. DU TOIT,
(SAAKGELASTIGDE)
N.G. KERKKANTOOR,
HILLSTRAAT,
FERNDALE,
RANDBURG.

wat die afrolwerk gedoen het.